'n Tussentydse regering dalk al vroeg volgende jaar

Die man met die rok wat Gatsha na die vredesberaad moes sleep

As mans swanger kon word...

# Vrye Weekblad

20 - 26 SEPTEMBER 1991 Prys: R2,20 (R1,95 + 25c AVB)

## Die 'sport' van bloed, sweet en geld



# INHOUD


4 Die drie groot probleme - Van Zyl Slabbert
SA dobber soos Oceanos - Ramaphosa
5 Tussentydse regering lyk waarskynlik
6 Buthelezi snubs everybody
7 The reluctant peace signatory
Obasanja kom tot die redding
8 Tutu bid om vrede
Ver-regses amper by vredesberaad
10 Boks: Die ruwe weg na roem
12 Why pick a fight with boxing?
13 Boks: 'n Geveg vir die hele familie
14 Twee hoede vir De Klerk - Sampie Terreblanche
15 Studente-eenheid nie sonder trauma nie
Contraceptives: The more things change...
16 Fiksie: Twee kortverhale deur Joan Hambidge
17 Vlakplaas trek - en Koevoet gaan saam
18 Regspraatjies deur Jurie de Wet
19 Boeke: 'n Vrugbaarheidsgodin in die Vrystaat
20 Sê nou mans kon swanger raak
22 Sport: Ode aan 'n 'bloedsport'
23 Sport: Curriebeker - Wat maak mens met dié chaos?
24 Wêreld: Solzjenitsin - 'n simboliese keerpunt
25 Wêreld: Papa Fidel bly in die saal
26 Die week se TV-programme
27 Elmari Rautenbach skryf oor die week se TV
28 Janice Honeyman: Weaving a new culture
29 Reible's Much Ado About Nothing
30 Rubrieke: Lanse en Drake/ Skoolpraatjies
31 Kuns: Reaksie op die nuwe uitsaaiplan
33 Kuns: David Goldblatt in Diagonaalstraat
34 Kuns: Andrea Vinassa gesels met Barney Simon
35 Kuns: Resensies van Thelma & Louise en Noche Blanche
38 Beplan jou naweek saam met die kenners
39 Kenneth Branagh skitter in Henry V
Nettie Pikeur sê koskook is kinderspeletjies


*Voorbladfoto: Nardus Nel*


VWB

DIE NUUSTYDSKRIF VIR MENINGSVORMERS

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).
Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breestraat 153, Newtown, Johannesburg. Die posadres is: Posbus 177, Newtown 2113. Die telefoonnommer is (011) 836 2151 en die faksnommer 838 5901. Die Kaapstad-kantoor se telefoonnommer is (021) 47 8960 of 47 8819, en die Pretoria-kantoor (012) 834 879.

**Redakteur:** Max du Preez
**Assistent-redakteurs:** Jacques Pauw, Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
**Politieke korrespondent:** Hennie Serfontein
**Kopieredakteur:** Johan Bruwer
**Ontwerp:** Anton Sassenberg
**Kaapse kantoor:** Christelle Terreblanche
**Redaksie:** Audrey Brown, Pearlie Joubert, Laetitia Pople (Kuns), Esma Anderson, Lucky Khuzwayo.
**Sportredakteur:** Tinus Horn
**Fotograaf:** Rodger Bosch
**Advertensies:** Joyce Dube, Louwrins Potgieter
**Redaksie-assistent:** Cathy Fennessy
**Kantoorbestuur:** Joseph Moetasi, Vernon Zulu.
**Bestuurskonsultant tot Wending Publikasies Beperk:** Mark Beare

Vrye Weekblad word gedruk deur Caxton Beperk, Kommandoweg, Industria.
Vrye Weekblad kos R1,95 plus 25 sent AVB. Dit kos R110 (AVB en aflewering ingesluit) om vir 'n jaar in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die tydskrif R2,20 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is by navraag by (011) 497 2911 beskikbaar.
Probleme met verspreiding moet gerig word aan Louwrins Potgieter by (011) 836 2151.


# VRYDAGOGGEND

## Kan ons langer dié leier bekostig?



max du preez

IN 'n land soos ons s'n met sy hoë politieke temperatuur, botsende rasse- en etniese gemeenskappe en tragiese geskiedenis van haat, onderdrukking en vrees, draai geweldig baie van die hoop op 'n stabiele, vreedsame demokrasie om die gehalte van sy leiers eerder as dit wat op papier en in 'n grondwet staan.

Die Nasionale Party, byvoorbeeld, het nooit as amorfe massa 'n fundamentele kentering ondergaan nie. Dieselfde mense uit die PW Botha-era is nog die ruggraat van die party. Dit was die leierskap van FW de Klerk wat besig is om 'n basiese verandering in die hele rigting en kultuur van die regerende party teweeg te bring.

Miskien is die ANC ook 'n voorbeeld. As dit nie was vir die verantwoordelike, sobere leierskap van mense soos Nelson Mandela, Oliver Tambo, Thabo Mbeki, Cyril Ramaphosa en Terror Lekota nie, sou die wilde elemente met die vrugbare teelaarde van die onderdrukte massas dalk heeltemal weggehol het en sou vrede en versoening nie nou so haalbaar gelyk het nie.

Dit bring ons by die groep wat wyd gesien word as die "derde groot party" in ons land: Inkatha.

Inkatha verteenwoordig die gemeenskap in ons land wat, miskien naas die Afrikaners, die sterkste oor hul etnisiteit voel: die Zoeloes. En ons kan stoei en kners tot ons blou in die gesig is oor nie-rassigheid en hoe etniese en stamverskille moet verdwyn en hoe ons almal een nasie is, maar op die ou einde gaan etnisiteit bly staan soos 'n koei. En dit is myns insiens glad nie ongesond nie; dit hoef glad nie gevaarlik te wees nie en is geensins in stryd met ideaal van nie-rassigheid nie. Solank etnisiteit net nie 'n oordrewe politieke inhoud gegee word of in chauvinisme ontaard nie.

Wat ek hiermee wil sê, is dat daar beslis 'n plek en 'n rol vir Inkatha is om te vervul. 'n Mens sê dit maar saggies, maar dit bly waar dat Xhosasprekende Suid-Afrika die meerderheid in die ANC vorm. Veral tradisionele Zoeloes het, of dit nou met rede is al dan nie, inderdaad 'n vrees vir oorheersing en voel 'n potensiële bedreiging vir hul kultuur en tradisies. (Wit en bruin en Indiër voel dit ook, ja.)

Inkatha kan dié mense 'n stem gee, 'n soort gerusstelling dat hulle verteenwoordig word en gehoor word daar waar dit tel. Dit is net dan wanneer vrese besweer kan word.

Dit was nou 'n lang aanloop om te kom waar ek eintlik wil wees, en dit is om vandag die vraag te vra of Suid-Afrika langer die leierskap van hoofman

# BRIEWE

### AG SHAME

**Peter Vandross of Rosebank, Cape Town, writes:**

Shame on you, Marilyn Martin. Fancy blaming the messenger for the bad news. It was not VWB that fell for Beezy Bailey's cheap tricks, but the SA National Gallery. Thank you Andrea Vinassa for exposing Bailey. Martin's response in the media has been something along the lines of the following: "We are so happy to have a Beezy Bailey in our collection." Shame. (PS. Whatever the buying practices of the SANG are, they certainly seem to have very little to do with art.)

### ENIGE LUNCHBAR-DONASIES?

**Johan Botes van Kemptonpark skryf:**

Nou die dag kry ek toe 'n speeding fine en aangesien ek na 'n politieke rally op pad was, reken ek om op 'n eetstaking te gaan.

Enige volunteers om my Lunchbars te voer?

### WIE BETAAL?

**Uitgemergelde belastingbetaler van Pretoria skryf:**

Volgens 'n bron tot my beskikking is daar tans 11 893 buitelandse studente aan slegs één van ons Suid-Afrikaanse universiteite geregistreer: 11 095 uit Afrika; 486 uit Europa; 133 uit Noord-Amerika; 88 uit Australië; 86 uit Asië; en 5 uit Suid-Amerika. Dit is ook 'n bekende feit dat die meeste Suid-Afrikaanse universiteite vanjaar oorval is met aansoeke om registrasie uit die res van Afrika.

Etlike jare gelede het die ma van 'n voornemende student uit Noord-Amerika my gesê haar dogter wil aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit studeer omdat hulle universiteite so duur is!

Ons verneem gedurig dat die regering besnoei op die subsidiëring van studente: dat universiteite slegs gesubsidieer word vir studente wat slaag; en dat die toelatingsvereistes daarom al hoe hoër word vir die wit matrikulant. Die bestaande toelatingsvereistes vir 'n wit matrikulant is matriek met universiteitstoelating - en ek dink die meeste van ons weet wat die standaard is vergeleke met die standaarde van veral swart skole - en die moontlikheid van verdere keuring kom al hoe meer ter sprake. Die wit Suid-Afrikaanse matrikulant weet ook dat sy kanse om 'n beurs te verwerf bykans nul is.

Is daar êrens iemand wat dié vrae kan beantwoord:

* Wat is die standaard van die skolastiese opleiding en "matriek"-sertifikate van buitelandse, en veral Afrika-studente? Voldoen dit aan universiteitstandaarde?
* Hoe lank kos dit die gemiddelde buitelandse student om sy graad te voltooi (indien hy dit voltooi); wie dra hom finansieel wanneer hy nie slaag nie; en waar kry die instansie wat vir die verlies moet instaan sy fondse?
* Wat kos dit die Suid-Afrikaanse belastingbetaler jaarliks om buitelandse studente te subsidieer?
* Waarom word van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler verwag om studente te subsidieer wat vir ons land se arbeidsmark van nul en gener waarde is nie?
* Waarom moet die Suid-Afrikaanse belastingbetaler, wat alreeds finansieel om elke hoek en draai gekruisig word, dié bykomende las dra? Dra ons nie al swaar genoeg aan ons eie swart studente nie?
* Waarom kan buitelandse studente nie die volle prys (alle gelde plus subsidie) betaal nie?

### UNWANTED REMNANTS

**A Sutton of Pretoria writes:**

The once-famed Marxist slogan "the dictatorship of the proletariat" has now turned into the dictatorship of the dinosaurs. The geriatric leadership of Red China and North Korea and the Castro regime in Cuba use military force or the threat of it to keep their people in subjection and under the Communist yoke.

Mangosuthu Gatsha Buthelezi kan bekostig. Overgezet synde: ek dink nie die probleem lê by die feit dat daar 'n etniese organisasie soos Inkatha is nie, ook nie by die mense in die organisasie self nie. Die probleem lê by Buthelezi en sy leierskap.

Kom ek sê dit kaalkop: Ek sien Buthelezi as die grootste gevaar, groter as selfs ver-regse leiers, vir vrede en versoening in Suid-Afrika die volgende jaar of twee, drie.

Ek hou hom al jare lank as politieke verslaggewer dop en het ook al 'n paar slae onderhoude met hom gevoer. Ek sien hom as 'n hoogs arrogante, uiters ambisieuse en beslis ongebalanseerde politikus. Politici en joernaliste wat al baie met hom te doene gehad het, sal vir jou sê onder die arrogante vernis is hy 'n politikus met bittermin selfversekerdheid (wat is die Afrikaans vir insecure?). Hy voel so bedreig dat dit soms grens aan totale paranoia. (Polities gesproke.)

Sy onlangse hoogs omstrede hantering van die Inkathagate-skandaal; sy weifelende, dubbelslagtige benadering van ANC-toenadering om die geweld tot 'n einde te bring; sy dubbelsinnige uitsprake en verskuilde dreigemente oor Zoeloe-wraak; sy absurde fyngevoeligheid teenoor enigiemand wat hom kritiseer; en sy prima donna-optrede met verlede naweek se vredeskonvensie behoort my punt te onderstreep.

Sy (myns insiens hoogs opportunistiese) afkeer van sanksies en strafmaatreëls teen Suid-Afrika, sy teenkanting teen sosialisme en kommunisme, sy aanvaarding van 'n tuisland-pos en sy lippediens aan 'n gemeenskap waar minderheidsgroepe beskerm sal word, het van hom die liefling van baie wit Suid-Afrikaners en Westerse leiers gemaak.


Dié liefde is besig om op te droog namate sy werklike gesig en agenda duidelik word. Dit is omtrent nog net regse rassiste wat hom as 'n wonderlike leier sien.

Soos 'n Fidel Castro, 'n Jonas Savimbi of 'n PW Botha heers hy Inkatha met 'n ysterhand en duld geen teenspraak nie. Dit is dus in dié stadium onwaarskynlik dat Inkatha self van hom ontslae sal kan raak.

Miskien moet die res van ons, landsburgers, meningsvormers, sakeen kerkleiers sowel as politici, ophou om Buthelezi met handskoentjies aan te pak. Ons moet die wêreld vir hom vuurwarm maak.

Ons kan nie politici soos hy langer bekostig nie.

* *'n Studente-fotograaf wat tydelik by Vrye Weekblad gewerk het, Kate Thornycroft, is verlede naweek saam met haar pa in 'n vliegtuigongeluk dood. Ons is saam met haar ma, mede-joernalis Peta Thornycroft van die Sunday Star, en haar ander familie en vriende hartseer oor die verlies van dié lewendige, vriendelike en talentvolle jong mens.*




These leaders and their discredited system are living on borrowed time, as all other Marxist regimes around the world crumble and disintegrate. Former colleagues have abandoned the dinosaurs to their fate.

Virtually the last clinging appendage to these remnants of the fallen empire is the South African Communist Party, which tries in unconvincing fashion to pretend that it has a new look policy to offer. Meanwhile, it bemoans and condemns the suspension of the mother Communist Party in the Soviet Union and accuses Mikhail Gorbachev of hanging on to his job instead of rescuing socialism.

One fact is clear. The SACP is totally out of harmony with the needs of our country and the vast majority of its people.

### DIE NP SE VUILWERK

**Lawrence Masoes van Heidedal skryf:** "Die ANC moet daarvoor aanspreeklik gehou word!" - dis hoe bykans alle Inkatha-lede op die slagting van tientalle Inkatha-lede in Thokoza op 8 September 1991 gereageer het. En dis presies wat tweegesig FW de Klerk se NP (Notorious Party) met wawyd-oop ore ingewag het.

Die onlegitieme NP-regering het opsetlik sowat 60 persent van die Afrikane ongeletterd gehou om sodoende sy propaganda te glo.

Ek wil graag my swart broers en susters in Inkatha daaraan herinner dat die NP nooit 'n vriend van swartmense was nie en nie wil wees nie. Ja, op dié terrein van die misbruik van swartmense was die NP nog altyd 'n deskundige.

Voor ons blindelings beskuldigings na mekaar slinger, moet ons een gebeurlikheid wat die slagting voorafgegaan het sorgvuldig ontleed. Onder meer die volgende het gebeur: 'n Voormalige SAW-majoor, Nico Basson, onthul die NP se geheime planne om swart buurte te destabiliseer sodat dit moet lyk asof swartmense hulleself nie kan regeer nie (en nog minder 'n land); Vrye Weekblad, Weekly Mail en New Nation publiseer verskeie onthullings van SAP- en SAW-betrokkenheid by geweldpleging, en ontbloot ook geheime fondse wat die SAP aan Inkatha beskikbaar gestel het; Nelson Mandela besoek regse eetstakers en word vir sy mensliewendheid deur verskeie regse leiers, onder andere Piet Rudolph, bedank; die Universiteit van die Witwatersrand voeg nog 'n ere-doktorsgraad by dr Mandela se meer as 50 eredoktorsgrade wat hy wêreldwyd ontvang het (as die ANC verkeerd is, hoekom dan dié hope eredoktorsgrade aan dr Mandela?)

Dié gebeure het tot gevolg gehad dat die ANC meer populêr word - die een se dood is mos die ander se brood. Is dit wat die NP wou sien? Dis wat die NP nie eens wou ruik nie.

*(Brief effens verkort - Redakteur.)*

### POLITIEKE KNOEIER

**Foldar Vatsug van Pretoria skryf:** Hoewel Nelson Mandela, na berig word, voorgegee het dat hy die eetstakers om sogenaamde humanitêre redes besoek het, blyk dit dat hy, volgens wat hy voor en ná die besoek te sê gehad het, ander oogmerke gehad het.

Om mee te begin het hy ammunisie probeer vind om ons veiligheidsmagte te beswadder met die beskuldigings dat die eetstakers betrokke was by opstokers van beweerde terreurbedrywighede. Sy voortdurende poging om die moreel van ons weermag- en polisiemanne af te takel is weersinwekkend, maar klop natuurlik met die revolusionêre strategie waartoe die ANC verbind is.

Vervolgens lyk dit asof die ANC-leier probeer het om ten koste van die regering, krediet te wil inoes indien die eetstakers vrygelaat sou word of indien nie, dat hy die regering dan daarvan sou kon beskuldig dat hulle inligting probeer terughou wat die eetstakers kon openbaar.

Hoe dit ook sy, hy blyk ongetwyfeld 'n politieke knoeier te wees wat die eetstakingsdilemma polities probeer uitbuit.

*Vrye Weekblad* plaas graag briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Briewe korter as 200 woorde sal voorkeur geniet, en die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan:

**VRYE WEEKBLAD BRIEWE, POSBUS 177, NEWTOWN 2113.**

# SO SÊ HULLE

**"What a great saving."**
***- Former Chilean dictator Gen Augusto Pinochet, upon being told that victims of his bloody 1973 coup had been buried two to a coffin.***

**"The trade union movement is committed to a smokeless SA and believes that people should be healthy and should smoke as little as possible."**
***- Cyril Ramaphosa, ANC general-secretary.***

**"If you give Africa another 50 years, you will see, we will manage to set up our institutions."**
***- President Sam Nujoma of Namibia in an interview.***

**"It is but a single step on the arduous road to peace."**
***- President De Klerk's description of the historic Peace Accord signed last Saturday.***

**"Hy was so platgedrink 'n mens kon hom faks."**
***- Drinkebroer in 'n Johannesburgse kroeg dié week***

**"Your committee was greatly taken aback to learn that the shortage of spare components had resulted in condoms being used as substitutes for measuring air pressure."**
***- A parliamentary report on the makeshift practices of technicians of the Zimbabwe Electricity Supply Authority.***

**"Ons weier om in die towships as skeidregters te gaan dien tussen twee nasies wat al 200 jaar lank vyande is."**
***- Die leier van die Boerestaat Party, Robert van Tonder, wat 'n beroep gedoen het op "Boerseuns" om diensplig in die SA Weermag te weier.***

# 'Los eers dié kwessies op'



Frederik van Zyl Slabbert

## Die instelling van 'n tussentydse regering teen middel aanstaande jaar is haalbaar - mits drie probleme met onderhandelings onmiddellik opgelos word, sê die mede-voorsitter van Idasa, **Frederik van Zyl Slabbert,** aan **HENNIE SERFONTEIN**

FREDERIK VAN ZYL SLABBERT, medevoorsitter van Idasa, meen die beoogde Veelpartykonferensie (VPK) moet op sy eerste vergadering onmiddellik aandag gee aan drie sake wat vir die deelnemende partye van uiterste belang is.

Die drie kwessies is:

* Wie gaan die onderhandelingsproses moniteer?
* Hoe gaan aanvaarbare stabiliteit tydens die onderhandelingsfase gehandhaaf word?
* Wat is die regering se status in verhouding tot ander partye in die oorgangsproses?

"Die eerste twee vrae hou ten nouste verband met die skepping van 'n aanvaarbare klimaat vir bedinging, en met die verwydering van enige struikelblokke wat die deelnemende partye se goedertrou in die onderhandelingsproses betref," beklemtoon Slabbert.

Die vredesberaad verlede naweek "was 'n goeie begin om die probleem van stabiliteit aan te spreek", sê hy. "Dit bevat ook die moontlikheid om oor die probleem van monitering te begin onderhandel."

Die probleem van die regering se status in verhouding tot sy gespreksgenote kan egter eers by 'n VPK aangespreek word, meen Slabbert.

Hy verduidelik: "Uit sodanige gesprek kan 'n werkende konsensus ontstaan oor oorgangstrukture waarin die verskillende partye op gelykwaardige grondslag verantwoordelikheid kan deel vir die administrasie van die oorgangsproses.

"Dié meganisme vir gedeelde verantwoordelikheid sal op 'n de facto-basis begin om soewereiniteit van die bestaande Grondwet na die tussentydse regering oor te dra."


Slabbert sê die voortdurende uitdaging wat die "interim-meganisme" in die gesig gaan staar, is dít: "Kan hy genoegsaam presteer om die verwagtinge oor sosio-ekonomiese opheffing die hoof te bied en sodoende die militante aspirasies en vrese van links en regs te ondermyn?

"Gesien die geweldige agterdog en onsekerheid en die fenomenale ekonomiese uitdagings wat op die oomblik in ons land bestaan, dink ons daar sal vir minstens vier of vyf jaar 'n oorgangsperiode wees."

Slabbert voorsien dat daar teen 1994 'n "oorgangsreferendum" sal wees om 'n mandaat te kry vir die voortgang van die tussentydse regering. Maar as dit slegter gaan, "kan daar selfs een of ander opskorting van die grondwet en die regering deur middel van dekreet wees".

Die instelling van 'n vorm van tussentydse regering teen die middel van aanstaande jaar is haalbaar, meen Slabbert, mits die eerste twee genoemde vraagstukke onmiddellik opgelos word.

# Sonder 'n nuwe stuurman sink die skip, sê Ramaphosa



Cyril Ramaphosa. (Foto: Rodger Bosch.)

DIE totstandkoming van 'n tussentydse regering is van die uiterste belang, sê die Sekretaris-Generaal van die ANC, Cyril Ramaphosa.

Verskeie organisasies dring op 'n tussentydse regering aan omdat hulle nie wil hê die land moet soos 'n "politieke Oceanos ronddobber met 'n kaptein wat blapse by die stuur maak en skip en passassiers versaak nie," sê Ramaphosa met verwysing na die Staatspresident, FW de Klerk.

Volgens Ramaphosa het FW de Klerk se politieke rekord nie die vertroue van die ANC gewen nie en is hy ook nie geskik om die land in 'n oorgangstydperk te lei nie.

Die ANC dring aan op die insluiting van anti-apartheidmagte in 'n tussentyde regering en beskou De Klerk se verbintenis tot tussentydse maatreëls as ontoereikend, sê Ramaphosa.

Die ANC dring steeds aan op 'n soewereine tussentydse regering van nasionale eenheid en die legitimiteit van so 'n regering is van kernbelang, sê Ramaphosa. Die tussentydse regering moet sy legitimiteit van die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel kry.

"Ons hou vol dat De Klerk flaters by die stuur maak. As dit so aangaan, sal ons dieselfde einde tegemoetgaan as die Oceanos," sê Ramaphosa.

Volgens Ramaphosa sal 'n tussentydse regering verdere struikelblokke tot onderhandelinge uit die weg ruim, die geweld beëindig, die veiligheidsmagte en die uitsaaiwese beheer, die versoeningsproses begin, apartheidswette wat nog bestaan herroep en vertroue in die regering herstel. Hy sê die ANC bly vas verbind tot onderhandelinge.

"Die ANC wil stabiliteit in die land herstel en 'n veelparty-kongres voor die einde van die jaar sal 'n Kersgeskenk aan die land wees. Ons land is verlede naweek 'n geboortesertifikaat gegee. Die Vredesverdrag beteken die geboorte van 'n nasie," sê Ramaphosa.


Hy beklemtoon dat die Verdrag slegs die begin is van 'n moeilike pad na vrede. Net die bevolking kan die sukses daarvan waarborg.

"Vrede kan nie deur intimidasie en geweld afgedwing word nie, maar slegs deur 'n gemeenskaplike akkoord op grondvlak," sê hy.

Die ANC wil in Oktober 'n kongres hou om 'n patriotiese front teen apartheid tot stand te bring. So 'n patriotiese front sal 'n "volksparlement in wording" wees en sowat 18 miljoen Suid-afrikaners verteenwoordig, sê Ramaphosa. Die front sal kwessies soos 'n tussentyde regering, 'n veelparty-kongres en 'n grondwetlike vergadering aanspreek.

Ná die patriotiese front-kongres sal die ANC voorbereid wees op 'n veelpartykongres wat op sy beurt tussentydse maatreëls, grondwetlike beginsels, riglyne vir die opstel van 'n nuwe grondwet, die verkiesing van 'n grondwetlike vergadering en die rol van 'n tussentydse bewind sal bespreek.

"Die ANC se benadering van die veelpartykongres berus op die beginsel van konsensus," sê Ramaphosa. - SAPA.




*Is dít die eerste drie leiers van die tussentydse regering?*

FW de Klerk, Nelson Mandela en Mangosuthu Buthelezi by die vredeskonferensie verlede naweek in Johannesburg. (Foto: Rodger Bosch.)

# 'n Tussentydse regering begin waarskynlik lyk

## Die verwagte groot konflik tussen die regering en die ANC oor die ANC se onverbiddelike eis om 'n tussentydse of oorgangsregering gaan dalk makliker oorkom word as wat dusver gemeen is, glo HENNIE SERFONTEIN

REGERINGSLEIERS is "versigtig optimisties" dat die oënskynlik fundamentele verskille tussen die African National Congress en die Nasionale Party oor die omstrede kwessie van 'n tussentydse regering sonder veel drama deur die beoogde Veelpartykongres (VPK) uit die weg geruim sal kan word.

Dit lyk selfs of die Nasionale Party se onlangse grondwetlike voorstelle deels só geformuleer is dat dit die grondslag van 'n soort oorgangsregering kan vorm. Minstens die voorstel van 'n presidensiële komitee van drie lede lyk of dit met dié doel voor oë geformuleer is.

Die regering is haastig en hoop dat die eerste informele of amptelike ontmoeting van VPK-leiers al in November vanjaar kan plaasvind.

Die ANC lyk ewe haastig. Die sekretaris-generaal, Cyril Ramaphosa, het ook dié week gesê die VPK kan vanjaar nog op dreef kom. Dit sal 'n groot "Kersgeskenk" vir alle Suid-Afrikaners wees, sê hy.

Die VPK kan die weg baan vir die nodige stappe vir 'n vorm van tussentydse regering al in die eerste helfte van volgende jaar, blyk uit 'n onderhoud wat VWB dié week met die Minister van Staatkundige Ontwikkeling, Gerrit Viljoen, gevoer het.

Frederik van Zyl Slabbert, mede-direkteur van Idasa, glo ook dat so 'n oorgangsregering teen die middel van volgende jaar 'n polities haalbare realiteit is, mits twee belangrike sake vooraf bevredigend opgelos word: Wie gaan die proses moniteer? Hoe gaan 'n aanvaarbare stabiliteit gehandhaaf word? (Sien berig elders)

Tydens die Nasionale Party se spesiale federale kongres in Bloemfontein twee weke gelede, het De Klerk in sy beleidstoespraak oënskynlik die ANC sterk oor hulle eise ten aansien van 'n oorgangsregering aangespreek.

Die Regering sal nie mag abdikeer nie, "sal hom nie laat omkoop nie", en verwerp "regering per dekreet deur 'n tussentydse regering in 'n konstitusionele vakuum," het hy gesê.

"Oorgangsmaatreëls moet beding word in onderhandelinge en moet te alle tye versoenbaar wees met die Grondwet," het die Staatspresident beklemtoon.

Maar toe De Klerk tydens 'n perskonferensie aan die einde van die Federale kongres deur 'n joernalis gevra is hoe 'n kompromis dan ooit moontlik was as die ANC en NP so diep oor die saak van die TR verskil, het die Staatspresident geantwoord: "Ek is beslis positief oor die moontlikheid om oor die kwessie van oorgangsmaatreëls, of watter naam mens dit dan ook al wil gee, 'n ooreenkoms te bereik met volle inagneming van die nakoming van die Grondwet."

In 'n onderhoud met VWB sê Gerrit Viljoen: "Daar het 'n aansienlike konvergensie van regerings- en ANC-standpunte plaasgevind en ons behoort 'n wedersydse aanvaarbare oplossing te kan vind."

Viljoen wys daarop dat daar aanvanklik oor die meeste belangrike sake "groot gapings" tussen die ANC en die NP was. "Maar die aanvaarding van die beginsel om te onderhandel, is vir my die belangrikste. Dis waar dat as 'n mens by al die stof verby kyk wat oor die saak gepraat en geskryf is, was daar 'n mate van nader beweeg aan mekaar."

Hy gee toe: "Dis 'n moeilike saak, maar hoegenaamd nie onoorbrugbaar nie."

Op die vraag of daar meriete in die bespiegeling is dat tydens die eerste byeenkomste van VPK-leiers ooreengekom kan word dat die NP-regering in beheer van die gewone daaglikse administrasie bly, maar dat oor belangrike politieke sake 'n gesamentlike leierskomitee eers vooraf uitsluitsel gee voordat dit voor die parlement dien, antwoord Viljoen: "Ja, dit is 'n moontlikheid."



Gerrit Viljoen.

As aanduiding van wat die regering in gedagte met 'n tussentydse regering het, sê Viljoen: "Dit sou goed wees as die VPK in werkgroepe of in sub-komitees verdeel om byvoorbeeld aandag te gee aan sake soos onderwys, arbeid en 'n toekomstige ekonomiese stelsel. Dit kan dan in sekere sin reeds deel vorm van oorgangsmaatreëls."

Dit is egter duidelik uit die uitsprake van ANC-leiers dat hulle heelwat meer as dit in gedagte het.

VWB verstaan uit NP-kringe een hoofrede waarom die party se grondwetlike voorstelle nou op die tafel geplaas is, was om die inisiatief te neem in die onderhandelinge rondom die aanloop tot die VPK en 'n tussentydse regering. Die aanbeveling van 'n roterende presidensiële komitee van drie tot vyf lede is gedoen omdat die NP die ANC voorspring en 'n nasionale raad van leiers met 'n roterende voorsitter as 'n tussentydse regering wil voorstel.

Toe dit aan Viljoen gestel is dat die grondwetlike voorstelle veral daarop gemik is om "die basis" vir 'n tussentydse regering daar te stel, het hy reguit geantwoord: "Ja, as jy in 'n oorgangsfase is en dan oorgangsreëlings wil tref, is dit goed dat jy dit só tref dat dit in ooreenstemming is met wat die rigting is wat jy in beweeg en met die eindresultaat wat jy wil bereik."

Viljoen onderstreep 'n aantal belangrike sake oor die onderhandelingsproses.

Reeds in April vanjaar het die regering en die parlementêre en buiteparlementêre partye 'n "informele verstandhouding" bereik rondom die VPK, die samestelling daarvan en hoe uitnodigings sou geskied.

"Ons voorstel is dat die uitnodiging deur die SP gerig word saam met die ander belangrike rol van spelers as mede-borge."

Viljoen verwerp kategories enige moontlikheid dat die strukture wat deur verlede naweek se vredeskonferensie geskep is, as grondslag of kern van die beoogde VPK sal dien. Hy is ook ewe beslis dat kerk- en sakeleiers nie as fasiliteerders kan optree nie.

"Ek dink dit sal die saak net verder baie, baie kompliseer. Dit gaan oor 'n grondwet en politieke sake en moet dus tussen politieke leiers bly."

Viljoen beklemtoon herhaaldelik dat die belangrikste politieke partye dit eens is oor die VPK-konsep. Daarom sal die VPK self later moet besluit oor sake soos 'n voorsitter en sekretariaat.

Hy voorsien 'n voorsitterskap van drie mense omdat geen enkele persoon vir alle partye aanvaarbaar is nie, verkieslik uit die VPK self omdat hulle beter oor die onderhandelingsrealiteite ingelig is.

Verwysend na die uitgesproke wens van kerk- en sakeleiers uit die geledere van die vredeskonferensie om op soortgelyke wyse die VPK te inisieer en te organiseer, sê Viljoen glimlaggend: "Hulle wil die land regsien soos wat hulle dink hulle die afgelope tyd gedoen het. Daar is mense wat groot ambisies het om die dinge verder te voer, maar ons het geen behoefte daarvoor nie."

# The body language says it all...

## A grimfaced unsmiling *Buthelezi* stood with his hands folded, clasping a beaded knobkierie, ignoring the outstretched hands of the smiling and beaming *Nelson Mandela* and *FW de Klerk*. HENNIE SERFONTEIN, standing only two metres away, witnessed this amazing incident at the end of the press conference last Saturday, which closed the peace convention. He finds the body language at the conference illuminating

WHEN the press conference after the peace convention ended, photographers rushed forward for informal close-ups of the three top leaders. FW de Klerk correctly sensed the momentousness of the historic occassion. Taking Buthelezi and Nelson Mandela by the arms, standing in the middle, he said: "Come, let us be photographed."


Mandela warmly shook De Klerk's hand - their earlier bitter dispute about the presence of the IFP impis outside the hotel now forgotten.

De Klerk held out his hand to Buthelezi - but he studiously ignored it while photographers called on him to take the State President's hand. When the third photographer repeated the request, Buthelezi sharply retorted: "I am not an actor. I do not do things just because you tell me to do it."

Journalists who saw the incident, are divided on whether it was intended as a snub for De Klerk - most don't think so - or whether it was just a general expression of his foul mood throughout the day. Buthelezi clearly failed to rise to the accasion.

During the two hour signing ceremony and subsequent press conference, the six senior leaders' body language, interaction and, especially, pointed non-interaction with each other told a story in itself.

De Klerk and Mandela acted as old friends. Buthelezi stood aloof, an island on his own.



A hand apart... Smiling and beaming, President FW de Klerk and Nelson Mandela offer to shake hands with Inkatha leader Mangosuthu Buthelezi. He studiously declines. (Photo: AP.)

Buthelezi's hostility towards Mandela next to him on the platform was very obvious. As was the almost embarassing coolness between him and De Klerk. Buthelezi's aggressive body language betrayed his inward anger. The pictures which show Buthelezi smiling must have been taken about the only time he did smile.

Though Buthelezi sat next to Mandela for more than two hours during the signing ceremony - except for a few seconds - he never spoke to Mandela. A beaming Mandela tried several times in vain to get him talking, but abandoned it when the brooding Buthelezi did not respond.

Buthelezi and Dr Madida appeared like an isolated island on the platform. Madida made no effort whatsoever to speak to the Cosatu representative or Joe Slovo on his left. This small cameo on the platform of human interaction and estrangement tells something of present South African Politics.

Like Inkatha's armed political aggression outside the hotel it focusses attention on Inkatha's growing isolation. Large sections of the business community who blindly support it in the past, are abandoning it and its seems as if the NP has dropped past plans of a political alliance.

In sharp contrast to all this was the visibly close and warm relationship and interaction between De Klerk and Mandela.

The frank and dramatic confrontation between the two leaders on Saturday, when Mandela publicly repudiated De Klerk's explanation why the police had allowed thousands of armed Inkatha memebers outside the conference hotel, should not mislead observers to conclude that the ANC/NP relationship is at a crisis point and on the verge of breaking down.

Exactly the opposite is the truth. Regardless of public attacks on each other, the ANC's continued suspicion of the role of the security forces and Mandela's personal disappointment in De Klerk for not acting more decisively earlier to end the violence, it was obvious to observers that a unique relationship and bond exist between the two leaders.

In the delay before the ceremony started, the atmosphere between De Klerk and Mandela - talking and joking to each other - was so relaxed that two foreign correspondents next to me exclaimed excitedly: "My, just look at the chemistry between them. Look at the body language."

The two leaders spoke to each other with genuine warmth and friendship as people who have had many many hours and days of tough discussions and meetings behind them, and who have found each other as men. Even after the bitter exchange of words between them, they still greeted each other afterwards with a friendliness which is the key to the optimism in many circles about a workable political solution.

In his speech at the signing ceremony, Mandela also made a point of speaking in Afrikaans to demonstrate not only his spirit of reconciliation with the Afrikaner rulers, but also his own fondness of the language - which he only properly learned in prison.

# BUTHELEZI

## the reluctant peace signatory

**Mangosuthu Buthelezi, and President of the Inkatha Freedom Party, effectively held last weekend's National Peace Convention (NPC) "at ransom" - first with his threats of not attending and then because of threats to walk out without signing.**

**HENNIE SERFONTEIN** gives the background to the drama

IT took a veiled threat at the last minute from the former Nigerian head of state, general Olesegun Obasanjo, to get the leader of the Inkatha Freedom Party (IFP), Mangosuthu Buthelezi, to go to last weekend's National Peace Convention.

Senior government sources say they were told on Friday morning that Buthelezi was going to pull out. At that stage Obasanjo was on his way to Jan Smuts Airport to depart after his short visit to South Africa. A senior government delegation, including Foreign Minister Pik Botha, other ministers and senior officials, were present to see him off.

When Obasanjo heard about the crisis and a possible breakdown in the peace process, he asked to talk to Buthelezi directly. Obasanjo phoned him from the airport, urged him to attend - and apparently warned that he would be held accountable by Africa if he did not turn up. Government and other sources close to the convention believe that Obasanjo's call finally ensured the presence of Buthelezi at the Convention.

Highranking members of the government and business and church representatives had to work day and night last week to save the convention from collapsing.


"Twice in the last few days before the convention it was a question of touch and go whether Buthelezi would in fact turn up, and if he did, whether he would sign the Accord," a key member of the preparatory committee told VWB.

Buthelezi was involved in a number of dramatic events behind the scenes, which included:

A "brutal snubbing" of Archbishop Desmond Tutu when Buthelezi threatened not to attend if Tutu was one of the two co-chairpersons of the convention; Buthelezi's initial refusal to order the 4 000 heavily-armed IFP impis around the Carlton Hotel to disperse; and a threat that the IFP would walk out if formally requested to do so.

A senior church leader told VWB: "We were told Buthelezi would be the first to

*vervolg op bladsy 8*



Genl Olusegun Obasanjo

## Só lyk die man wat vredesverdrag gered het

GENERAAL Olusegun Obasanjo van Nigerië, die man wat Mangosuthu Buthelezi oorreed het om wel die Nasionale Vredeskonvensie by te woon, gaan dalk nog 'n belangrike rol in die toekoms van Suid-Afrika en die subkontinent speel.

Dié 74-jarige Afrika-diplomaat het in Oktober 1979 die eerste militêre leier in Afrika geword om sy mag aan 'n burgerlike regering te oorhandig. Hy was van 1976 tot 1979 die staatshoof van Nigerië.

Obasanjo sal in Suid-Afrika onthou word as mede-voorsitter van die Statebond se Eminent Persons' Group (EPG) wat in 1986 een van die eerste georganiseerde pogings aangewend het om die regering en die ANC in gesprek te laat tree.

In dié tyd het Obasanjo glo aan die destydse minister van Verdediging, genl Magnus Malan, gesê: "Ons generaals verstaan mekaar." Obasanjo het tydens die EPG-besoek ook besonder goed met oud-minister Chris Heunis klaargekom en was die man wat etlike konfrontasies voorkom het. Tydens 'n toespraak in Johannesburg verlede week het hy na die minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, verwys as sy "ou vriend."

Die uitvoerende direkteur van die Instituut vir 'n Demokratiese Alternatief vir Suid-Afrika (Idasa), dr Alex Boraine, het tydens 'n ete ter ere van Obasanjo verlede week hom beskryf as 'n "groot maar kritiese" vriend van Suid-Afrika.

Verwysende na die verslag van die EPG, het Boraine gesê dit is een van die insiggewendste stukke wat tot dusver oor Suid-Afrika opgestel is en vyf jaar later is bykans elke aanbeveling daarin reeds uitgevoer.

Obasanjo self het gesê dit bly steeds een van sy groot ideale om 'n demokratiese, nierassige Suid-Afrika in die wêreldgemeenskap terug te verwelkom.

Obasanjo, wat ook voorsitter van die Africa Leadership Forum is, is in die laaste jare betrokke by pogings om Afrika te demokratiseer en samewerking en hulpverlening tussen die verskillende lande te bevorder.

Obasanjo het tydens 'n onlangse konferensie oor 'n post-apartheid Suid-Afrika in Windhoek gesê: "Die nuwe Suid-Afrika kan 'n keerpunt vir Afrika wees en dit kan die begin wees van werklike samewerking en inter-afhanklikheid op die kontinent."

Oor die kwessie van voortgesette sanksies het hy gesê: "Die Organisasie vir Eenheid in Afrika sal sy standpunt dat sanksies behou moet word tot apartheid dood of selfs begrawe is, bly handhaaf. Dit beteken egter nie noodwendig dat sanksies in die praktyk sal bly voortbestaan nie."

Obasanjo word allerweë beskou as die sterkste kandidaat as Afrika se eerste sekretaris-generaal van die Verenigde Volke.

Die generaal het 'n roemryke militêre loopbaan agter die rug. Tydens sy militêre studie in Brittanje is hy onder meer aangewys as die beste student in die hele Statebond en die beste offisier uit Nigerië wat aan die Royal College of Defence Studies gestudeer het.

Hy het in September 1976 die bevelvoer van die Nigeriese weermag geword en is terselfdertyd as staatshoof aangewys.

Hy is lid, erelid en voorsitter van 'n menigte internasionale organisasies. Obasanjo is ook 'n suksesvolle sakeman, en besit een van die grootste plase in Wes-Afrika.



Archbishop Desmond Tutu. (Photo: Eric Miller, Afrapix.)

# God bless South Africa

*This is the text of the moving prayer by Archbishop Desmond Tutu at the closing of the National Peace Convention*

God, we praise and bless you that you are God. We thank you for this momentous day, this historic day, quite unparalleled in the annals of our land. We thank you that you have brought us to this watershed point when a peace accord has been signed. God, we have seen a veritable miracle unfolding before our very eyes this day.

When former so-called terrorists can be on first-name terms with Cabinet Ministers and they can joke and argue and finally come to a common mind, God, then there is hope for our beautiful country. When those who were at one another's throats, and may still be at loggerheads, can hammer out a peace accord with such a measure of consensus and convergence, God, then there is hope for our beautiful country.

When those who have been separated by the iniquity of apartheid can realise that they share a common humanity, and that they long for the same things - a good education for their children, adequate and comfortable accommodation for their families, security, stability and prosperity; that they are of equal and infinite worth because they are created in your image, God, then there is hope for our beautiful land.

Thank you, God, for the spirit of unity and togetherness. Pour out your blessings on our leaders and their followers, to uphold the letter and spirit of this peace accord and beat our swords into ploughshares.

Bring al hierdie geweld tot 'n einde en gee ons, God, u vrede....

Send us forth to be instruments of your peace
Where there is hatred, let us sow love
Where there is injury, pardon
Where there is despair, hope
Where thers is darkness, light
Where there is sadness, joy.

May we all, leaders and followers, realise more and more that the peace of South Africa, that the stability and prosperity of our land and the security and happiness of all her people are greater than any one leader or organisation and their self-aggrandisement and selfish power-play, lest history judge them harshly.

I have two prayers that I am going to ask you te repeat after me. One is the prayer adapted by the Bishop of Natal and the other is the prayer adapted by Bishop Trevor Huddleston. Will you please say after me:

Lord, God,
Renew your people, and begin with us
Heal our land, tend our wounds, make us one
And use us in your service.

God bless South Africa
Guard her children
Guide her leaders
And give her peace.

Die vrede van God, wat alle menslike begrip te bowe gaan, bewaar u harte en gedagtes in die kennis en liefde van God en sy Seun, Jesus Christus, onse Here, en die seëning van God die Almagtige, die Vader, die Seun, en die Heilige Gees, sy met u en bly met u tot in ewigheid. **Amen.**

# Ver-regses byna by vredesberaad, maar...

## Hoewel sommige ver-regses ten gunste daarvan was om 'n 'volksverteenwoordiger' na die vredesberaad te stuur, kon hulle nie besluit hoe dit gedoen moet word nie, skryf HENNIE SERFONTEIN

DIE ANC en verteenwoordigers van ver-regse organisasies het kort voor verlede week se ondertekening van die vredesverdrag indringende gesprekke gehou om die moontlikheid van regse deelname aan die vredesberaad te bespreek.

Die ANC het 'n beroep op die ver-regses gedoen om die vredesberaad by te woon in 'n poging om die geweldstemming te besweer. Hoewel verskeie van die regse verteenwoordigers ten gunste daarvan was om 'n "volksverteenwoordiger" na die beraad stuur, het pogings in dié verband uiteindelik misluk.

Die regses kon nie 'n ooreenkoms bereik oor die aard van verteenwoordiging of die persoon wat hulle by die vredesberaad sou verteenwoordig nie.

Piet Bester, 'n leier van die Boereweerstandsbeweging (BWB), was 'n lid van die ver-regse afvaardiging. Hy het bevestig dat die byeenkoms plaasgevind het, maar wou weens die sensitiwiteit van die saak nie die name van die verteenwoordigers van die ANC bekend maak nie.

VWB het ses weke gelede berig dat Bester die leier van 'n ver-regse afvaardiging was wat in Oktober verlede jaar en in Mei vanjaar gesprekke met die ANC gevoer het. Een van die gesprekke het by die hoofkantoor van die ANC plaasgevind en is deur ANC-leiers soos Thabo Mbeki, Jacob Zuma en Aziz Pahad bygewoon.

Bester is erg krities oor die ver-regses se onvermoë om oor verteenwoordiging by die konferensietafel ooreen te kom. "Soos by Ventersdorp, toe onskuldige mense dood is as gevolg van 'n sinnelose strategie van die leiers, bevind die regses hulself weer op die kantlyn in plaas daarvan om te praat oor die bereiking en verdediging van hul politieke ideale."

*vervolg van bladsy 7*

leave the hall."

Throughout the delicate negotiations of the past few months, two of the most sensitive issues were the question of the position of Umkhonto we Sizwe (MK), and the banning of "dangerous" weapons at political meetings.

After lengthy debates and wrangling there was no reference to MK, but only a clause stating "no private armies shall be allowed or formed". Nelson Mandela and the government subsequently confirmed that the two parties are involved in bilateral negotiations on MK, although the IFP claims that MK is banned outright by the Accord.

In the final draft of the Accord the reference to "dangerous" weapons was deleted. The ANC and the NP interpret it as meaning that cultural weapons could also be banned - an interpretation which the IFP denies.

These were some of the factors which apparently influenced Buthelezi to express his doubt last week whether an accord could work.

But it is especially the manner in which Buthelezi snubbed Tutu that has left the church leaders involved in the National Peace Initiative over the last ten weeks angry, hurt and upset.

Only a few days before the Convention, IFP representatives on the preparatory committee informed members of the ANC, NP, churches and business bodies that the IFP was strongly opposed to Tutu being one of the two co-chairpersons. The other one was to be a businessman, John Hall, President of the South African Congress of Businesses.

The objection came directly from Buthelezi himself. Walter Felgate, a white IFP leader, told the preparatory committee, which finalised the practical arrangements of the convention, that "whilst we all respect our archbishop," he was unacceptable as a co-chairperson because of his past statements - apparently a reference to Tutu's support for the liberation movements and sanctions.

By that time Tutu, one of a small group of church and business leaders who had as facilitators initiated the peace process, had recused himself from the meeting.

All the committee members were astonished at the objection. Until then the plenary meetings and the meetings of the five working committees had all been co-chaired by business and church leaders, including Tutu. It is said that Tutu's wisdom saved several sensitive situations.

Felgate proposed Bishop Stanly Mogoba, chairperson of the Methodist Church of Southern Africa, to be co-chairman with Hall.

The political representatives of the three parties then withdrew from the discussions and left it to the church and business leaders to sort out the crisis.

On Thursday morning last week a delagation of three flew by private plane to Ulundi, the capital of KwaZulu, to see Buthelezi on behalf of the NPI. They were Hall, pastor Ray McCauley and business consultant Shaun Cleary.

But the visit was in vain. According to convention sources, Buthelezi blankly rejected the request and threatened to boycott the convention if Tutu was a co-chairperson. But he conceded that Tutu and Kozo Mogojo, President of the South African Council of Churches, could end the meeting with prayers.


At a subsequent discussion of the preparatory committee it was suggested to go ahead with Tutu "and call Buthelezi's bluff". However, because there were real fears that Buthelezi - already an unwilling partner in the peace process - might carry out his threat, Tutu's name was dropped.

But the seven church representatives on the committee, in solidarity with Tutu, then rejected Buthelezi's request that the highly respected Mogoba should be chairperson. The feeling was that the chairperson should come from one of the seven who had assisted in the most delicate task to get the peace process off the ground.

The seven were: Louw Alberts, Prof Johan Heyns of the Dutch Reformed Church, Mogojo, Frank Chikane and Gerrie Lubbe of the SACC, and Ray McCauley.

Yet it was Tutu who eventually stole the limelight and put his stamp on the proceedings when he concluded the day of historic events with a moving prayer. That was after he had told a typical Tutu joke about God and how it happened that He created some people black and others white - which had the audience roaring with laughter.

Afterwards Foreign Minister Pik Botha told me that for him and his colleagues it was one of the most moving moments they have experienced and that it was a very fitting manner in which to end the peace discussions.




# Op Wie Kan Jy Staatmaak Om Meer Stiptelik Te Wees As Jou Wederhelf, Jou Dokter En Jou Gholfmaat?

*Dit is nou maar so dat gades soms so 'n bietjie in die badkamer draai. Of dat gholfmaats jou laat staan en naels byt op die eerste bof. En wie het nie al die sekondes gesit en aftel en oeroue Huisgenote lees in die dokter se wágkamer nie?*

*Hierteenoor staan die puik op-tyd rekord van SAL Binnelands. Vergelyk gerus die stiptelikheid waarmee SAL Binnelands meer as 300 000 mense per maand van A na B vervoer – kom wat wil.*

*Ons hou trouens 'n haas ongelooflike op-tyd rekord van 93%⁺. Plaas dit in 'n breër perspektief en dinge raak nóg interessanter: Amerikaanse binnelandse rederye raak opgewonde wanneer hulle 'n stiptelikheidsyfer van bo 70% behaal*.*

*Teen dié agtergrond staan een ding soos 'n paal bo water: Geen plaaslike lugredery ter wêreld kan met ons meeding om 'n sakeman meer betyds by sy bestemming te kry nie.*


⁺BRON: SAL SENTRALE BEHEER. *BRON: WAM 1990.

SAL

BINNELANDSE DIENSTE.

Ons verbeter by die dag.

DMB&B S12980




# BOKS:

Dis in in dié vierkant van sowat vyf by sewe meter waar die verskil tussen verpletterde drome en ewige roem net 'n linkerhaak, 'n kopstamp of 'n opstopper groot is. Waar blinkgesmeerde, gespierde lywe teen mekaar stamp en rooi bokshandskoene teen geswelde oë ontplof. Waar middeljarige mans met T-hemde wat styf oor hul mae span, geheime doepa aan dikgeslaande gesigte smeer en krytmeisies oor hul rooi lippe lek voor hul deur die toue klim om 'n volgende gevegsronde aan te kondig.

Dís die wêreld van harpuis, sweet en gebarsde oogbanke. Van jong, opkomende vegters en ou, vuisvoos-hasbeens. Dit is boks.



**PEARLIE JOUBERT** het langs die kryt gaan sit, in die sweterige gimnasiums gaan kuier en met boksers en afrigters gesels om te probeer agterkom wat die spil is waarom dié sport - as dit is wat dit is - draai

WIE kan ooit 24 Junie 1979 vergeet toe ons eie Gerrie Coetzee onder aansporing van die Oranje-Blanje-Blou, Die Stem en 'n handjievol opgewonde, jillende Suid-Afrikaners in Monte Carlo die hoogaangeskrewe Leon Spinks deur die toue gemoker en kans op die wêreldtitel losgeslaan het?

Dit was boks - die romantiek, die glans, die baie geld, die nuwe held - op sy heel beste.

Maar daar is ook 'n ander kant: Sun City, 2 November 1985. Jacob Morake lê op die naat van sy rug. In die hoek van die kryt staan Brian Mitchell, wat Morake sekondes tevore met 'n wrede linkerhaak platgeslaan het, en wag vir die skeidsregter om sy teenstander uit te tel vir die titel as Suid-Afrika se junior liggewig-kampioen.

Minute later word Morake se lewelose liggaam op 'n draagbaar uit die kryt gedra. Mitchell het hom doodgeslaan. Boks het nog 'n lewe geëis.

# die ruwe weg na roem

**SUN CITY, 27 JULIE:**
Die krytmeisie trap haar lyfkous oor haar enkels - eers met die een wit hoëhak-skoen en dan met die ander. Sy is nie veel ouer as 16 jaar nie. Sy lek oor haar rooi lippe, staan op en 'n middeljarige man met 'n oorvol T-hemp aan lig die toue op en sy klim binne-in die kryt.

Dit is die volgende ronde en êrens uit die rokerige sitplekke van Sun City se Superbowl fluit en skree 'n paar mans vir die meisie.

In die een hoek van die kryt sit-lê Johnny du Plooy. Sy wonddokter, of cut-man (dit is die man wat sê: Ek spoeg en plak die cuts wat boksers in fights kry) smeer Vaseline oor Du Plooy se gesig. In die ander hoek gluur Corrie Sanders met dowwe oë na sy afrigter wat water oor sy kop en binne-in sy broek gooi.

Ná die geveg kom Sanders langs my sit. Ons sit langs die kryt en Sanders het teen alle verwagtinge in pas die SA-swaargewigkampioen geword deur Johnny du Plooy te slaan totdat hy uitgetel is.

Ek vat my kans, probeer om nie te verstik aan sy naskeermiddel nie: "Baie geluk. Hoekom boks jy? Is jy mal? Is jou lyf seer?"

Sanders draai stadig sy kop. Die groot lyf intimideer my en ek kan amper nie meer hoor nie hoe die skare vir Pierre Coetzer en Jerry "Wimpy" Halstead van Amerika skree terwyl hulle mekaar in 'n koma probeer slaan.

Sanders se hande is plek-plek rooi van slaan en gaan oop en toe op sy skoot.

"What?" vra hy. Sy afrigter, 'n kort mannetjie, leun oor en antwoord geïrriteer: "It was a short cut to victory."

En daar lê deel van die antwoord.

Boks is seker die aanskoulikste vorm van liggaamlike kompetisie en oorwinning. Dalk het Jean Jacques Rousseau aan Muhammad Ali, George Foreman en Gerrie Coetzee gedink toe hy geskryf het oor die oorlewing van die sterkstes. Dalk verklaar dit ook moderne, "beskaafde" mense se versotlikheid op liggaamlike kragmetings en oorwinning.

Sommige bokskenners beskryf boks as die "edel kuns van selfverdediging". Maar dan sê edelheid nie veel oor beskaafdheid nie, want wat ek die laaste paar maande gesien het, sê vir my boks is nie beskaaf nie - nie as sport nie en nie as 'n manier om geld te maak nie.

Niemand wat al die gebrilcreamde hare, sigaarrook en gegil rondom 'n bokskryt aanskou het of die dowwe slae op iemand se neus en oogbanke gehoor het, sou regtig kon sê boks is 'n beskaafde sport of vermaak nie.

Selfs ons eie Champ, Gerrie Coetzee, gee toe: "Ja, boks is rof. En die mense binne en buite die kryt is ook rof."

En net wanneer jy dink daar is dalk iets in die argument dat boks 'n atletiese vertoning is, spring 'n swetende man skielik langs jou op en skreeu: "Moer hom Jimmy, moer hom plat". Net toe Jim Murray vir Mbeki Kuzwayo teen die neus slaan. 'n Hou, volgens Gerrie, wat gelykstaande is aan "twee ton sement wat met 'n spoed van 140 myl per uur val".

En wanneer die eerste paar druppels bloed op die wit krytvloer val, raak dinge ééřs warm: "Kom baby... baby... baby slaan hom," skree 'n vrou wie se hare, skoene, rok, en handsak dieselfde wit kleur is. "Show time, show time. Or there won't be any time," raas nog een en ek stem saam; mens verskil nie met die massa langs 'n bokskryt óf met 'n nuwe swaargewig-bokskampioen op die stoel langsaan nie.

## GROOT VUISTE, GROOT BEKKE

Muhammad Ali het op 'n keer gesê: "When I'm gone, boxing will be nothing again. The fans with the cigars and the hats turned down'll be there, but no more housewives and little men in the street and foreign presidents. It's goin' to be back to the fighter who comes to town, smells a flower, visits a hospital, blows a horn and says he's in shape. Old hat. I was the onliest boxer in history people asked questions like a senator."

Maar Ali het nog nie in Sun City geboks nie. Dáár is baie "foreign presidents". Regs van die krytmeisies het Sol Kerzner tussen 'n groep swart mans gesit wat óf ministers van Bophuthatswana óf die Askari's van Soshanguve kon wees - in welke geval hulle sou kon kwalifiseer as "foreign presidents".

Boksers, veral die swaargewig-manne, het nog altyd gesê wat hulle wou. Miskien moet dit 'n les vir Nelson Mandela wees: Bly maar eerder 'n bokser as om 'n politikus te word, want behalwe dat hy ongelooflik ryk geword het, het Ali meer wit Amerikaanse presidente en stelsels sleggesê as Malcolm X of Martin Luther King saam.

Hoewel Ali seker die grootste bokser van alle tye was - ook met die grootste bek - was ons eie Boksburg-bokser, Gerrie Coetzee, self 'n man wat nie sy bek kon hou nie.

"Man, mens raak gewoond daaraan. Ek was nog altyd in die moeilikheid - daar was 'n tyd dat ek gedink het hulle gaan my uit die land skop omdat ek gesê het net wat ek wil.

"En natuurlik kan ek sê wat ek wil. Ek's mos nie 'n rassis nie. Ek skop swart gatte en wit gatte en daar's heelwat swart én wit gatte wat ek al geskop het. Destyds met die dompasse, dan kom die polisie hier aan wanneer die wittes en swartes saam oefen en hulle vra my waar ek woon. Dan sê ek: iewers tussen my en my vrou. Oo, hulle was kwaad man."

En soos in die politiek is die ontleding nie die belangrikste nie. Want boks is veral 'n macho-ding - vir sowel bokser as kyker.

Tulani "Sugarboy" Malinga, die ligswaargewig Suid-Afrikaanse bokskampioen, sê daar is "beslis" 'n sterk macho-element in boks. "Om deur die toue te klim, die mense skree vir jou en jou lyf is fiks en gesond en groot. En jy is sterk en kan hard slaan en jou opponent ook... dit is nice. Dit is boks."

Boksers se blinkgesonde, byna volmaakte liggame dra dalk by tot die romantiek van boks. Veel meer as die leftie-werkersklasromantiek - die ghetto-kind wat sy pad na rykdom en onsterflikheid letterlik probeer oopveg - is die fiksheid en brute krag van die menslike liggaam bekoorlik. Want die lewe van 'n bokser is nou nie juis romanties nie.

Boksers word hard geslaan en hoewel die meeste boksers sê hulle voel nie juis in die kryt die trefhoue nie, is daar altyd 'n kans om doodgeslaan te word, permanente breinskade op te doen, uitgejou of selfs met 'n paar valstande gegooi te word (soos al tydens 'n geveg in Johannesburg gebeur het), 'n hou onder die belt te kry of vir altyd met 'n geskende gesig rond te loop. Want in geen ander sport kan soveel dinge só vinnig gebeur nie. En wat is romanties aan iets wat liggaam, brein en gees in 'n breukdeel van 'n sekonde onomkeerbaar kan aantas?

Willy Locke, die afrigter van onder andere Johnny du Plooy, wat onlangs sy swaargewig-titelgeveg aan Corrie Sanders moes afstaan, som dié aspek van boks goed op: "Die een oomblik het Johnny nog goed gelyk en ek het vorentoe gebuk om Vaseline aan my hande te smeer. En toe hoor ek hoe skree die mense.

"Jeeesus, en daar lê Johnny en almal skree en ek het net vorentoe gebuk vir die Vaseline. In seconds, just a split second, man..."

En wat is so romanties aan 'n lewe waar mens verkieslik minstens 'n paar weke voor 'n groot geveg geen seks moet hê nie en waarin jy fikser moet wees as in enige ander sport? En indien jy oorgewig is ure in sauna's moet deurbring en verkieslik ook tantrums moet gooi as deel van die showbusiness?

Marvellous Marvin Hagler, wat ook 'n keer soos Ali gesê het: "I am the greatest", kon sekerlik nie hoop om klein kinders se droomheld te word nie toe hy gesê het: "When I see blood, I become a bull"? Dalk van hul nagmerries ja.

En om dié liggame so vreesaanjaend te hou, het die meeste boksers allerhande eienaardige eet- en leefgewoontes: Robey Leibbrandt, byvoorbeeld, was 'n vegetariër, wou nie op 'n bed slaap nie en het tydens sy boksloopbaan eenkeer 18 dae lank net water gedrink en houtskool en sand geëet. (Chris Greyvenstein se boek *The Fighters* sê so.)

Muhammad Ali het homself weke lank tydens die oefensessies voor 'n groot geveg afgesonder en 'n dag voor 'n geveg sjampanje vir aandete gehad.

## DIS AMPER SOOS OORLOG

'n Boksgehoor bestaan beslis nie net uit boelies, oorgewig-Boere en macho's nie. Selfs die fyngeteeldes onder ons, wat aarbeie en room tydens die pouse verkies, word geboei deur boks en brute, liggaamlike oorwinning. Soos ons ook geboei word deur oorlog solank daar 'n afstand is en solank ons pa's, broers of geliefdes nie in die loopgrawe lê nie.

Tydens oorlog én 'n boksgeveg, is daar maar min mense wat geheel en al onpartydig is - omdat daar om die een of ander rede altyd 'n held en 'n skurk is.

En juis hierin lê die romantiese betowering van boks (en natuurlik oorloë). Die hele wêreld - nie net die oorgewig ooms en tannies en sigaarrokers nie - het in verwondering na CNN gestaar om die punte-telling dop te hou. Blow by blow.

Boks is nie slegs gewild weens die inherente behoefte by alle mense om fisiek te "oorwin" nie; dis ook 'n familieding: soos swaar voorkoppe en naby-aan-mekaar-ogies 'n genetiese ding is, is boks blykbaar ook. En soos naby-aan-mekaar-ogies nooit juis gereken is as 'n teken van 'n bo-gemiddelde intelligensie en beskaafdheid nie - so ook nie boks nie.

Daar was al wonderlike boks-families in Suid-Afrika: die Storbeck's, Squires's, Van Rooyens, Du Plessis's, Bushney's en Steyns, maar die kleurrykste van almal is seker die Toweels van Benoni. Sugerboy Malinga kom self uit 'n boks-familie; so ook Ditau Molefyane en Gerrie Coetzee.

Of boks 'n sport is of nie, daaroor stem min mense saam. Joyce Carol Oates skryf in *On Boxing*: "There is nothing fundamentally playful about it; nothing that seems to belong to daylight, to pleasure. At its moments of greatest intensity it seems to contain so complete and so powerful an image of life - life's beauty, vulnerability, despair, incalculable and often self-destructive courage - that boxing is life, and hardly a mere game."

Daarom, gaan sy voort, spéél mense nie boks soos hulle rugby speel nie, maar bóks. Veel meer is daar seker nie oor boks as sportsoort te sê nie - die getuienis dat boks soos nét boks is en nie soos tennis of rugby nie, is verdoemend.

Gestel niemand sou geld ontvang vir boksgevegte nie, sou mense nog boks?

Beslis ja, sê Willy Locke, 'n oud-bokser en afrigter van 'n bokser soos Johnny du Plooy en ander jong, angry boksers. "Omdat boksers 'n aggressie het - dit is wat 'n goeie bokser van iemand met 'n groot paar biseps en sterk kuite onderskei. Die liggaam en fiksheid is nie genoeg nie, daar moet ook honger en kwaad wees."

As 'n mens in ag neem dat twee volwasse mans, wat geensins persoonlik kwaad vir mekaar is nie, in 'n kryt klim en mekaar probeer uitslaan, gaan 'n aggressiewe geaardheid noodwendig saam met 'n bokser.

"Juis omdat boksers hul aggressie uitbaklei in 'n kryt, is hulle gewoonlik buite die kryt sagte mense," hou Locke vol. "Jy sal sien," sê hy, "boksers praat ook gewoonlik sag en is stillerige mense."

As boks in die eerste plek sou gaan oor uiting gee aan aggressie en bloedlus sou dit mos veel makliker wees om jou vrou te slaan. En sou baie ander mense dan ook boksers kon wees?

"Nee. Dit sit nie elke man se broek nie," sê Gerrie Coetzee. (Dalk 'n bevestiging van die vermoede dat boks juis gaan oor wat in die broek is?)

"Dit is talent ook, onthou," sê Gerrie. "Jy kan hóé graag wil boks, maar sonder die talent kán jy net nie ver kom as 'n bokser nie."

En dié talent blyk 'n mengsel te wees van aggressie, genetika, asook honger na rykdom, roem en bevrediging van die manlike ego. Dis nou naas 'n gesonde liggaam, goeie spiere en vinnige reaksies.

## BOKSERS DINK IN DOLLARS

Om 'n bokser te vra wat skuil diep in sy psige en wat spoor hom aan om te boks, is soos om vir Sol Kerzner te vra hoekom hy Sun City opgerig het. Want deur die bank antwoord die boksers in dollars - geld. Dom geldsug, noem die "doktor" van gonzo-joernalistiek, Hunter S Thompson, dit.

'n Voormalige swaargewig wêreldbokskampioen, Jack Dempsey, het geen doekies omgedraai oor geld as motivering vir boksers nie: "When you're fighting you're fighting for one thing: money." En dat boksers van die rykste sportmanne ter wêreld is, is gewis.

*Die een oomblik het Johnny nog goed gelyk en ek het vorentoe gebuk om Vaseline aan my hande te smeer. En toe hoor ek hoe skree die mense. Jeeesus, en daar lê Johnny en almal skree en ek het net vorentoe gebuk vir die vaseline. In seconds, just a split second, man...*

Muhammad Ali het tydens sy boksloopbaan meer as 70 miljoen dollar verdien. Gerrie Coetzee self het vir sy laaste geveg blykbaar R1,5 miljoen verdien.

Dit, verduidelik Gavin Evans in sy artikel op bl 12, is ook een van die belangrikste redes waarom seuntjies boksers word.

Daar is egter maar min boksers wat van kleins af werklik boksers wou word. Ditao Molefyane, sesde gekeur op die junior liggewig-wêreldranglys, 'n man wat blitsig op sy voete is en hard met sy hande, wou sokker speel en mense vermaak. Nou vermaak hy mense, maar speel nie sokker nie.

Gerrie het begin boks omdat hy "arm grootgeword het en nie anders kon nie." Hy sê: "Dit was iets wat ek kon doen en ek was goed daarmee. Later het die geld net meer en meer geword en die bekers het geblink op die sideboard en ek kon nie ophou nie. Mens boks omdat jy arm is en jy móét boks om te leef," sê hy en vryf oor sy 17 - operasies-later-hand. "Maar my seun het nie nodig om te boks nie. Hoekom moet hy? Ek moedig hom glad nie aan nie."

Tulani "Sugarboy" Malinga is 31 jaar oud en wil voor Maart volgende jaar 'n wêreldkampioen wees.

Ek vra half verbaas waarom iemand met so 'n mooi gesig boks: "I'm not just a pretty face, you know," sê Sugarboy ewe verbaas.

Vir Sugarboy is boks 'n ontsnapping aan die lot van vele townshipkinders: "Dalk sou ek 'n bakleierige, drinkende skelm gewees het as dit nie vir boks was nie."

Maar hy het nooit ambisie gehad om 'n bekende bokser te word nie. "Ek wou net fiks wees. Groot mae en vet boude is lelik vir my. Toe begin ek maar boks en nou kan ek nie ophou nie - dit gaan dan so goed... En die vroue dink ek's mooi. Nee man, hoekom moet ek ophou?"

And who am I to blow against the wind?

# WHY PICK A FIGHT WITH BOXING?



Lately there have been calls - especially by the medical profession - that boxing should be banned as a barbaric activity. Should two people be allowed to beat each other up in the name of sport? Yes, says boxing writer and fan **GAVIN EVANS**, and there are several good reasons why

THE medical association are at it again.

Once more the call has gone out for boxing to be banned and this time the Medical Association of South Africa has joined forces with its British and Australian counter-parts in a united bid for state action on the issue.

The three associations view the proposed banning of the amateur version of sport from the Commonwealth Games as a first step towards its total demise.

The US Medical Association has been pleading the point for years now.

So far none have had any success, and none are likely to - at least for the next few generations. But one must admit from the start that, isolation from the real world, their case makes a certain amount of good sense.

As a Masa editorial stated after the ring death of South Africa's Brian Baronet three years ago: "Those who indulge in any body contact sport will sooner or later get hurt, but boxing is a unique category. In no other sport is the object to incapacitate your opponent by rendering him unconscious in front of an audience baying for blood."

They're actually wrong here. Boxing is part of a genre which includes full-contact karate, Mua Thai, JKA kick-boxing and others. But, at face value at least, the point is a good one.

Add to this the fact that, on average, once every four or five years a South African professional boxer dies in the ring, and the case seems to be strengthened.

In pro boxing safety mechanisms have undoubtedly reduced fatalities worldwide. But while these certainly make boxing less dangerous, they do not eliminate brain damage.

Blows to the head indoubtedly kill brain cells, and according to some medical studies over 50 percent of pro boxers will eventually show brain damage, usually slight.

The immediate argument against this is that there are many boxers whose brains are fine, who have got out in time and have used the sport as a leg-up to a better life.

And, some would argue, their brains are their own business. Runners get arthritic knees, rugby players break necks and collarbones, tennis players get wonky elbows. You takes your money and you makes your choice.

It might be added that professional boxing is nowhere near the top of the sport fatalities list. Per participant more people die in hang-gliding, motor racing and mountaineering. Rugby players are far more likely to suffer serious bone or muscle injuries than boxers. And what is worse - total neck-down paralysis that has become a common feature of schools rugby, or slight brain damage? Who's to say?

The difference, of course, is the purpose of the sport in question.

For the hang-glider pilot the point is to fly - though he realises that this entails the danger of dropping out of the sky. The rugby player sets out to score points - if he needs to stomp on his opposite number's head or rake his back with metal studs to do so, then so be it.

In boxing the point is to beat the other guy up. The deaths are not anomalies. And it is this which galls the medical associations and the sport's other critics.

What are we doing in the late 20th century, they ask, with marginally updated versions of the Coliseum? What are we doing allowing, encouraging, this form of legalised barbarism?

And the kneejerk retort is, what indeed? What did the US Medical Association have to say about the medical consequences of their country's decisions to declare war on Iraq? Or the British about the Falklands? Or the South Africans about the 1989 invasion of Angola? And if you're worried about people voluntarily submitting themselves to unhealthy passtimes, well, campaign for the banning of cigarettes or alchohol.

It is perhaps a silly answer, but what it does suggest is that brutality and brain damage are not really the issues. According to the going rate boxing ranks pretty low on the list.

But the public spectacle issue cannot be so easily dismissed. Some psychologists claim boxing encourages violent behaviour. Like the ringside spectator at a Pierre Coetzer fight who pointed to the inter-round lady after a particularly brutal round and whispered to me, while slamming his right fist into his left hand: "Some ouks are only going to naai their wives tonight hey."


Others say the violence within the spectators is transferred to the person of the fistic hero - kind of like David and Goliath with everyone else watching rather than fighting.

But even if the former is correct there are enough other forms of legal and public violence - like video games, Kung Fu movies, Arnold Schwarzenegger and televised war - for the banning of boxing to make little difference.

Certainly there are intriguing - perhaps even disturbing - questions about why so many people enjoy watching blood sports, and boxing in particular, and, for that matter, why people participate in them.

For the spectators there are a variety of possible motives: the thrill of one-on-one combat with the possibility of a sudden and decisive result; the enjoyment of violence (or in some cases a love-hate relationship with it); the appreciation of a game involving enormous skill, fitness and courage and the ancient admiration of the warrior.

For the boxer there's much more: the constant proving of manhood; a relishing of the most fierce form of one-on-one competition; family and community traditions and pressures; a desire to succeed when other avenues for success are not available; the possibility of fame and fortune; a wish to exploit natural skills and much more.



Ditau Molefyane, die kaartman van die bokskryt. (Foto: Paul Weinberg, Southlight)

The point is, is any of this sufficient to warrant the state banning a very popular passtime?

Currently the only country in the world where pro boxing is banned is Cuba. This, of course, has nothing to do with any misgivings by their medical associations, but is rather a product of their misgivings about individuals profiting from their talents.

The result, however, is that Cuba is currently by far the best amateur boxing nation in the world - a point likely to be stressed in Barcelona next year. The medical associations are aiming their initial fire at the Commonwealth Games where the unpaid version of the sport is due to be on display, so perhaps amateur boxing is the place to start.

To partially debunk the case against it, according to sports medicine specialist Dr Tim Noakes, "boxing is certainly fairly safe at the amateur level - the controls over the sport ensure that there is far less danger than people often try to project".

What then are the arguments in its favour?

South Africa currently has over 30 000 amateurs, most of them black and poor. Put cynically, the sport certainly helps keep them "off the street and out of mischief". It is definitely a far more healthy alternative to gang fighting, drugs, crime and alchohol - and once a boxer reaches a certain level the choice has to be made.

There are plenty of examples of young toughs who came right through the pursuit

# 'n Geveg vir die hele familie

*"Dalk sou ek 'n bakleierige, drinkende skelm gewees het as dit nie vir boks was nie"*

OM te sê die Toweels se boks-loopbane was 'n familieding, is beslis 'n understatement: Pappa Mike het al die kinders in die begin afgerig, ouma en ma het die boksklere gemaak en die vroedvrou se man, Bull Nortman, was byna al die vegtende boksers se "second". Al die Toweel-boksers het ook neus-probleme gehad.

Tot vandag toe noem die Toweels nog mekaar "geai" - die Lebanees vir broer.

Die eerste Toweel wat op die toneel verskyn het, was Ouma Toweel - wie se seun, Michael, in 1924 by die Olimpiese Spele in Parys sou gaan boks. Maar Ouma Toweel het boks gehaat en hom verbied. Michael se swak oë het hom gelukkig verhinder om ver te vorder as 'n professionele bokser.

Maar Michael het sewe kinders gehad en álmal, behalwe die meisiekind, is geleer hoe om te boks.

Die eerste Toweel wat beroepsbokser geword het, was Jimmy - wat in 1949 die Suid-Afrikaanse liggewig bokskampioen geword het. Kort daarna moes Jimmy egter sy titel teen sy eie neef, Tony Habib, verdedig. Die geveg het geëindig in 'n tranedal - Tony het Jimmy gewen en toe gehuil omdat hy sy eie neef verslaan het.

Victor Anthony (Vic) Toweel was op 21 jaar die eerste Suid-Afrikaanse bokser wat internasionaal erken is as die wêreldkampioen in sy afdeling (bantam-gewig). Vic het 160 van sy 190 gevegte as beroepsbokser met uitklophoue gewen - met Pappa Mike aan sy sy. Die geveg teen Manuel Ortiz was ook die eerste wêreld-titelgeveg wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Pappa Mike het sy seuns hard gedryf. Hulle is van die "right stuff" gemaak, het hy altyd gesê. Pappa Mike was ook die man wat voor elke geveg ure lank gebid het. Die ma's, ouma's en stiefma's het hul boks-kinders se klere gemaak.

Vic het ná die geveg teen Ortiz sy liefde vir boks verloor. Ná sy heerskappy van 30 maande het die Australiër Jimmy Carruthers vir Vic verslaan.


Maurice, Vic se jonger broer, is die enigste Toweel wat nooit geboks het nie. En nie omdat hy nie wou nie, maar omdat hy van kleins af in 'n rolstoel was. Hy het egter, getrou aan die tradisie, Vic se bestuurder geword.

Willie Toweel was die volgende broer - 'n aggressiewe, blitsvinnige bokser wat in gereeld in straatgevegte betrokke geraak het. Willie het tydens die Olimpiese Spele in Helsinki in 1952 geveg en het in een stadium die bantam- en die veergewig-titel in Suid-Afrika gehou. Willie se veergewig-titel het hom onvermydelik tot die Hubert Essakow-geveg gedwing - 'n geveg wat Willie vir die res van sy boksloopbaan sou volg en uiteindelik gelei het tot 'n senuwee-ineenstorting. Essakow het 52 uur nadat Willie hom vir die veergewig-titel uitgeslaan het, gesterf.


In sy laaste geveg teen Emile Griffith in New York is Willie is uitgeslaan en hy het nooit weer geveg nie.

Die ander Toweel, Alan, het ook eers geboks, maar vroeg in sy loopbaan 'n afrigter geword. Hy het naam gemaak as een van die beste bestuurder-afrigters in Suid-Afrika geword en mense soos Pierre Fourie, Kosie Smith en Bushy Bester is almal deur hom afgerig.

Tydens Willie se voorlaaste geveg teen Lenny Matthews, waarin Willie twee maal platgeslaan is, het Alan vir Willie só aangespoor: "Willie, listen to me... For the love of our family, for our country... you must go on. You can win because you've got too much guts for theis Matthews." En, sê die Toweels vandag, die "love for the family" het hulle nog altyd deur die laaste ronde na oorwinning gedra.



Die edele kuns van selfverdediging? (Foto: Nardus Nel)



In Dube, Soweto, se boksgimnasium oefen 'n bokser onder die wakende oog van sy afrigter en 'n bewonderaar. (Foto: Rodger Bosch)

of pugilism - Brain Mitchell, Arthur Mayisela, George Foreman to name a random few.

The level of fitness required in boxing is possibly higher than that of any other sport. Certainly, in my experience, one needs far greater stamina to go three rounds in the amateur ring, than, say, to run a fast 1 500 metres of a game of rugby.

It is also an underestimated form of self-defence. The ring may not be the alleyway, but it is certainly a closer simulation than a kata class in the conventional karate dojo, where you can look, but you better not touch. The first thing you learn in the ring is what a punch to the head or the guts feels like, and why it's a good idea to get out of the way.

Certainly it does give many small boys a physical confidence they would otherwise lack - and bear in mind the average professional is not a brute of Pierre Coetzer's proportions, but a 60 kg, 21-year-old, and his amateur counterpart is even smaller and younger.

Admittedly, for the pros the case is more ambiguous. But a good case can be made.

It is a sport that thrives on poverty. As the brutally eloquent Mike Tyson put it a couple of years ago: "No middle class sissy is ever going to take my title; they ain't hungry enough". (And sure enough it was another slum kid, Buster Douglas who eventually pulled the trick).

In Britain, for example, the number of pro boxers has trebled since the social welfare net began to disintegrate under Tory rule.

In South Africa it's a significant source of income to around 1 000 boxers, and several thousand more trainers, seconds, promoters, managers, ice cream vendors, boxing writers and the like. In addition it provides a fair amount of tax revenue. In short it's an industry, which the state may need to regulate, but has no business banning.

Where the state should step in is in "sports" where the participants do not volunteer their services - like dog fighting (where despite its rapid growth the state has not succeeded in securing a single conviction).

Boxers choose the risks, and they're trained to avoid them. And in these post-socialist days, frankly it's none of the state's business.

Moreover, the medical associations are simply wasting their time. Among South African television viewers boxing is second in popularity to rugby (for whites) and second to soccer (for blacks).


The National Party government has encouraged the sport for the entire 43 years of its rule and is certainly not planning to consider banning it. And, if anything, it will be more strongly promoted in a post-apartheid South Africa where the government is likely to include former boxers like Nelson Mandela and Patrick Lekota.

Ideally, one would like to reach a nirvana where young men no longer need to fight each other to stay out of the gutter, or to prove their worth as human beings.

This, however, is not going to happen. In the meantime the state is faced with a plethora of socially, medically and morally undesirable practices that its citizens relish in and profit from. If it wants to get heavy-handed, well, I can think of 100 better places to start than boxing.

# Nou saal De Klerk 'n gevaarlike volksperd op

## In die SAUK se program *Agenda* op TV1 verlede Sondagaand het President FW de Klerk 'n wilde volksperd opgesaal wat hom en die Nasionale Party-regering hard met moeder aarde kan laat kennismaak, meen SAMPIE TERREBLANCHE



Sampie Terreblanche ... twee hoede vir die Staatspresident.

"Die bewering as sou daar etnisiteit en rassemotiewe in die NP se voorstelle verskuil wees, is eenvouding nie waar nie... Etnisiteit is nie meer die basis (vir die grondwet) in die sin van ras nie... Maar etnisiteit in die sin van volkere wat bestaan binne Suid-Afrika is 'n werklikheid... Enige grondwet wat nie op 'n sinvolle, op 'n nie-diskriminerende, en op 'n nie-rassistiese basis kennis neem van hierdie werklikheid (omtrent die bestaan van volkere) nie, sal 'n onnosel grondwet vir Suid-Afrika wees... Kleiner volke onder die swartes hoef dus nie bekommerd te wees nie." - FW de Klerk op Freek Robinson se vraag oor watter rol etnisiteit en volkere in die NP se grondwetlike voorstelle speel.

Hierdie verbasende bekentenis van De Klerk laat 'n menigte vrae ontstaan:

Wat beteken "kennis neem" in dié verband? Beteken dit dat die volkere - soos die Zuluvolk, die Afrikanervolk en die kleiner swart volke - as boustene in die nuwe grondwet gebruik gaan word? Beteken dit dat daar verteenwoordiging in die Tweede Kamer van die parlement vir die Zulus, die Afrikaners én die swart volke ingeruim gaan word?

Tot op hede was dit nie duidelik hoe die verteenwoordiging in die Tweede Kamer grondwetlik vasgelê gaan word nie. Al wat ons wel omtrent die Tweede Kamer weet, is dat minderhede en/of streekverteenwoordiging in die Tweede Kamer oor 'n vetoreg gaan beskik. Beteken dit dat die Zulu- en die Afrikanervolksverteenwoordigers in die Tweede Kamer wetgewing sal kan veto? Indien dit inderdaad die NP se grondwetplan is, gaan volkskonflik permanent in die politieke liggaam van Suid-Afrika ingebou word.

En wat van die miljoene Suid-Afrikaners wat nie lede van 'n volk is nie en ook nie lede van 'n volk wil wees nie? Dit is mos eweneens 'n werklikheid wat nie ontken kan word nie. Die drie miljoen bruinmense is tog nie 'n volk nie. Die meer as twee miljoen witmense wat nie lede van die Afrikanervolk is nie (of daarvan verloop geraak het), is ook nie 'n volk nie. En diegene van Asiatiese afkoms is eweneens nie 'n volk nie.

Op welke manier wil die NP in sy grondwet kennis neem van daardie (minstens) ses miljoen Suid-Afrikaners wat nie lede van volkere is of wil wees nie? Moet hulle maar daarmee genoeë neem dat daar nie van hulle kennis geneem gaan word wanneer daar van die volkere in die grondwet kennis geneem gaan word nie? Sela. Dié soort onduidelikhede en dubbelsinninghede in die NP se taalgebruik en motiewe kan tot 'n Babelse verwarring lei en die onderhandelings ernstig belemmer en vertraag. Dit kan ook die NP se geloofwaardigheid in die gedrang bring.

Sedert Inkatha-gate gee De Klerk aan die begrip "onpartydigheid" 'n betekenis wat ewe onduidelik en ewe dubbelsinnig is en tot groot omstredenheid kan lei. Pres De Klerk het die regering tydens die *Agenda*-debat verlede Sondagaand - net soos in sy nuuskonferensie oor Inkathagate - tot "absolute onpartydigheid" verbind. Wanneer De Klerk oor Inkatha praat, wil dit voorkom asof hy niks uit die Inkathagate-skandaal geleer het nie.

De Klerk het onomwonde verklaar dat nóg hy in sy hoedanigheid as Staatspresident, nóg sy ministers, nóg die polisie, nóg enige ander magsinstrumente van die regering enigsins voorkeurbehandeling aan byvoorbeeld Inkatha bo die ANC sal verleen. Deur só hoog op te gee oor onpartydigheid stel De Klerk hom, sy regering en die burokrasie natuurlik bloot aan groot kwesbaarheid. Of dit enigsins moontlik is vir 'n nie-verteenwoordigende minderheidsregering - wat 'n lang diskriminerende trekrekord agter hom het - om só 'n hoë peil van onpartydigheid te bereik soos dié waartoe De Klerk hom en sy regering nou verbind, is hoogs onwaarskynlik. Die wilde volksperde wat die NP opsaal, kan noodlottig gly op die gladde en glibberige oppervlak van "absolute onpartydigheid".

Maar soos 'n mens kan verwag van 'n regeringsleier wat in die hoek vasgekeer geraak het en goeie voetwerk moet openbaar, is daar volgens De Klerk ook 'n ander kant aan "onpartydigheid". Hy het Sondagaand by implikasie gesê dat terwyl die NP regering hom tot onpartydigheid verbind, dit nie beteken dat daar van die NP (as politieke party) verwag kan word om dieselfde onpartydigheid te handhaaf nie. Volgens hom is daar verskeie politieke partye (waarvan Inkatha een is) wat 'n politieke filosofie verkondig wat belangrike raakpunte vertoon met die politieke filosofie van die NP. Gevolglik kan die NP - as synde 'n politieke party - volgens De Klerk nie verkwalik word as hy 'n voorkeur vertoon vir sodanige politieke partye (Inkatha inkluis) nie.

Dit bring 'n mens by lastige vrae: Wanneer het ons met die NP-regering te make en wanneer met die NP as politieke party? Wanneer tree De Klerk in sy staatspresidensiële hoedanigheid op en wanneer tree hy in sy hoedanigheid as hoofleier van die NP op? In die eerste geval is hy verbind tot "absolute onpartydigheid" teenoor die ANC en Inkatha. As hoofleier van die NP maak hy aanspraak op geoorloofde voorkeur vir Inkatha (sy wapendraende impi's ten spyt) en sy afkeer van die ANC het soos 'n goue draad deur sy optrede in die *Agenda*-program geloop. 'n Mens wonder of De Klerk se skielike besorgdheid oor volksverteenwoordiging uit partypolitieke dienstigheid gebore is om nog eens die super-volksleier, hoofman Mangosuthu Buthelezi, ter wille te wees.

Maar kan daar nie 'n metode gevind word om Pres De Klerk se dilemma rondom partydigheid teenoor Inkatha en sy afkeer van die ANC uit die weg te ruim nie? Ek sou graag twee voorstelle wil doen. My voorkeur sal wees dat hy bedank as hoofleier van die NP. Indien hy dit doen, sal hy die voorbeeld van pres Gorbatsjof volg wat as leier van die Kommunisteparty bedank het en nou van Perestroika 'n sukses probeer maak namens al 270 miljoen burgers van die Sowjetunie. Ons het 'n dringende behoefte aan 'n Staatspresident wat te alle tye namens al 38 miljoen Suid-Afrikaners sal optree en "verlos" is van die sterk obsessie om as pleitbesorger en beskermheer van 'n bevoorregte (en verwende) elite op te tree.

Indien Pres De Klerk nie bereid is om as hoofleier van die NP te bedank nie, stel ek voor dat hy te alle tye een van twee hoede sal dra - 'n pluiskuil wanneer hy as Staatspresident "absoluut onpartydig" teenoor die ANC en Inkatha optree en 'n Afrikanervolkshoed wanneer hy as hoofleier van die NP partydig teenoor die Zuluvolk (en sy impi's) en afkeurend teenoor die ANC (en sy vennote) optree. Dan sal daar ten minste geen onsekerheid of omstredenheid oor sy (on)partydigheid kan ontstaan nie.

Die illusie as sou 'n regering in dié land - waar byna alles hoogs gepolitiseer geraak het - onpartydig, onafhanklik en gedemokratiseer kan optree, vind ook weerklank in die Viljoen Taakgroep se verslag oor die Uitsaaiwese. Die verslag stel voor dat 'n onafhanklike, onpartydige en gedepolitiseerde uitsaaigesag deur die Staatspresident van die dag aangestel moet word!

Dit is verstommend dat daar mense is wat nog steeds meen dat dit in Suid-Afrika haalbaar is om 'n magtige politieke en propaganda-instrument soos die SAUK - wat dekades lank vir selektiewe politiekery misbruik is - nou skielik gedepolitiseer kan word én in 'n nuwe bedeling gedepolitiseer sal bly! Tog snaaks hoe baie lede van die (wit) Establishment dink dat hulle deur privatisering, deregulering en depolitisering permanent aan die "gesag" van die (nuwe) regering in 'n Nuwe Suid-Afrika sal kan ontglip! Dis 'n ydel droom.

Wat die SAUK - as synde 'n korporasie wat 'n openbare diens lewer - betref, behoort die beheer daarvan nie gedepolitiseer te word nie. Dit moet so gou doenlik gedemokratiseer word - selfs voordat die huidige regering deur 'n demokraties verkose regerring vervang word. 'n Gedemokratiseerde SAUK - in soverre dit nou al moontlik is - het 'n strategies belangrike rol te speel in die oorgangsproses na 'n demokratiese bestel in Suid-Afrika.

# Studente-eenheid nie sonder trauma

## In Grahamstad, die Oos-Kaapse dorpie waar Steve Biko en Barney Pityana 22 jaar gelede swart studente uit die Nasionale Unie van Suid Afrikaanse Studente (Nusas) gelei het om



## in die nasleep van Swart Bewussyn 'n swart studente-organisasie, die South African Students Organisation (Saso) te stig, is swart en wit studente pas herenig in die nuutgevormde Suid-Afrikaanse Studentekongres (Sasko). Dit was die einde van 'n eenwordingsproses van twee jaar tussen die wit Nusas en die swart Suid-Afrikaanse Nasionale Studentekongres (Sansko). **LESLEE DURR**, lid van Nusas se uitvoerende komitee wat ten nouste met die eenwording gemoeid was, ontleed die probleme en lesse van dié moeilike eenwording

DIE uitdaging om 'n ware nie-rassige en demokratiese organisasie te vorm, is deur albei organisasies geesdriftig aanvaar op hul 1989-kongresse. Die proses het ná Sasko se ontbanning in 1990 in alle erns begin.

Maar om die "seuns en dogters van die onderdrukkers" en dié van die "onderdruktes"; die produkte van die veertien verskillende onderwysdepartemente, die alumni van liberale universiteite, swart universiteite, Afrikaanse universiteite, tuisland-kolleges en verafgeleë technikons in één organisasie saam te bring wat die vertroue van alle studente kan wen en 'n produktiewe nasionale politieke rol kan speel, was geen maklike taak nie.

Dié nie-rassigheid gaan veel dieper as die energieke toyi-toyi's wat die kongres gekenmerk het.

Sedert Nusas en Sansko se affiliasie by die UDF in 1983, werk die twee in 'n beginselvaste nie-rassige alliansie. Daar is egter besluit om by die strategie van aparte organisasies te bly. Nusas moes bevoordeelde wit studente betrek en in die nasionale bevrydingstryd organiseer, dikwels teen hul materiële belang. Sankco aan die ander kant, kon vertrou op swart studente se organiese steun vir die stryd om demokrasie.

Die strategieë en styl van die twee organisasies is nie net uiteenlopend nie, maar die Eerste en Derde Wêreld-aard van ons samelewing word boonop weerspieël in die twee teikengroepe wat tot dusver bestaan het.

Die stigting van Sasko beteken nie dat die teikengroepe nader aan mekaar beweeg het nie. Inteendeel, fundamentele verskille bestaan steeds tussen die ondervindings van wit en swart studente. Die politieke situasie in die land dikteer egter dat die twee nou hul behoeftes en aspirasies in een organisasie moet handhaaf.

Dit het duidelik geword dat die eenwordingsproses veel meer as 'n gepaste strategie was om die aandag van studente te behou in die tydperk sedert Februarie 1990. Dit het noodsaaklik geword vir die voortbestaan van die studentebeweging.

Die studente se taak, soos tydens die kongres uiteengesit deur Oliver Tambo, die ANC se nasionale voorsitter, is duidelik: "Julle het voor julle die uitdaging om dié nuwe organisasie te skep en te bou. Kry julle dit reg, sal dit 'n voorbeeld wees om ander te inspireer. Maar misluk julle, sal dit verwarring en verdeeldheid saai wat nadelig vir ons hele stryd kan wees."

Geskiedenis is gemaak deur die stigting van Sasko, die grootste studente-organisasie en die eerste politieke organisasie wat bewus nie-rassig opereer. Tog het dié gebeure min aandag getrek op nasionale vlak.

Toegegee: dit het gebeur te midde van hernieude geweld en die ondertekening van die vredesverdrag, maar is nie-rassigheid nie meer iets om oor opgewonde te raak nie? Is die belang hiervan verwater sedert FW de Klerk die woord begin gebruik het en selfs die Nasionale Party sogenaamd nie-rassig is?

Die meeste van die 132 Sasko-takke is van die technikons en kolleges afkomstig, hoewel al die swart, liberale en van die Afrikaanse kampusse ook verteenwoordig word.

Dit gaan geen maklike taak wees om nie-rassigheid te bou in 'n organisasie waar bykans al die vaardighede en hulpbronne gekonsentreer is op die liberale en Afrikaanse kampusse nie. Veral nie waar van die Sasko-takke in Kwazulu en Bophutatswana ondergronds moet werk weens teenkanting van die administrasies nie.

Vir dié studente het De Klerk se Nuwe Suid Afrika nog niks beteken nie.

Op die kongres is besluit om die organisasie ideologies simpatiek te definieer teenoor die "bevrydingsbeweging" (die ANC). Sasko se onafhanklikheid is egter sterk beklemtoon, in teenstelling met die bevrydingstryde in die res van Afrika, waar die studente-organisasies dikwels ná onafhanklikheid regeringslakeie geword het. Dit volg ná die Namibian Student Organisation (Nanso) verlede jaar van Swapo gedisaffilieer het, skaars 'n jaar ná onafhanklikheid. Die lesse van Oos-Europa is wel ter harte geneem.

Die prioriteit wat gegee is aan die bou van 'n federasie van studenterade om die demokratiese en opvoedingsregte van studente te beskerm, dui op 'n toewyding tot verteenwoordigende demokrasie.

Weer gaan dit geen maklike taak wees om al die verteenwoordigende studenteliggame in die land bymekaar te bring nie, veral nie die Afrikaanse studenterade met hul kultuur van politieke apatie nie en ook gesien die feit dat van die strukture in die tuislande niks meer as die rol van skoolprefekte vervul nie.

Die huidige politieke klimaat in Suid-Afrika word gekenmerk deur grondwetlike debat. Dit is dikwels hier waar die onderdrukking en bevryding van vroue vergeet word. Daarom was dit belangrik om te sien hoe ernstig dié kwessie op die kongres gedebatteer is.

Aan die een kant is daar die Eerstewêreldse feminisme van Nusas en aan die ander die onvermoë van Sansko tot dusver om swart vroue genoegsaam in die organisasie te betrek. Die suksesvolle integrasie van dié twee tradisies sal die beginpunt moet vorm om die bevryding van vroue aan te spreek.

Daar is nog 'n lang pad om te loop, veral omdat konsensus nog nie bereik is oor presies wat seksisme is nie.

Die politiek van transformasie, wat 'n nuwe era aankondig in die studentebeweging, is stewig op die agenda geplaas. Indringende debat is gevoer oor ontwikkeling en wat dit beteken vir die rol van studente. Die worteling van Sasko in die onderwyssektor en die program om apartheidsonderwys die nek in te slaan terwyl daar terselfdertyd opgebou word, is belowend. 'n Nasionale veldtog word beplan wat die opstelling van breiklasse behels wat gerig sal wees op ekstra onderrig vir hoërskoolstudente.

Die skep van 'n "kultuur van leer" is ook as prioriteit uitgesonder. Dit wys dat die studente die proses van herkonstruksie ernstig opneem.

Een van die warmste debatte was of ons al in 'n oorgangsfase is en of dié eers aangekondig kan word die dag as daar 'n tussentydse regering is, wat saamhang met die debat of ons steeds in die bevrydingstryd staan of nie - maar dit was nie so 'n fundamentele kwessie nie. Die studente het die verantwoordelikheid aanvaar om hulle voor te berei om die land te regeer.

Miskien is die vraag eerder of almal besef hoe naby die dag is dat die studente gaan moet uithaal en wys.

# Birth control: The more things change...

## Most of the contraceptives available today are nothing new - just refinements of methods that have been in use for centuries, writes **PETER MACKLER**. Condoms, for instance, were already used by the ancient Egyptians, who made them from animal membranes

SINGAPORE - Before the Pill and the Diaphragm there was dried beaver testicle and the Casanova Lemon. Spermicidal jelly does today what crocodile dung was supposed to do for the ancient Egyptians. If a history of birth-control devices through the centuries has anything to show us, it's that when it comes to the basic design, they are still very much making them like they used to.

The message comes through clearly in an exhibit of more than 400 artefacts - some quaint, some exotic and some menacing - mounted at the congress of the International Federation of Gynecology and Obstetrics (Figo) this week.

"Basically, there is not a single really new technique," says Percy Skuy, President of the Canadian firm Ortho Pharmaceutical which established the History of Contraception Museum in Toronto in 1966 and shipped the items here.

"All the techniques have been used thousand of years ago," he says. "We are just fortunate enough to be living in an era when there are better products."

Among the more painful sights on display is a cube-like device with hollowed sides called the block pessary which was inserted into the vagina in the hope of covering the cervix. It was branded an "instrument of torture" in 1931.

And if the intra-uterine device (IUD) has its roots in the smooth pebbles reportedly placed in the uterus of camels to keep them from giving birth during long desert crossings, its later incarnations had a bumpier time.

Women in the early 1900's used intra-cervical devices with a stem protruding into the uterus. Designed to be removed and cleaned every month, they often were left untended and caused infections and cervical erosions.

The first fabricated diaphragm was reported in 1880, but more than a century earlier the Latin lover Casanova stole a march on the safe-sex crowd by preaching the use of a hollowed-out half-lemon as a cervical cap.

Aside from contraceptive hardware and softwear, various substances have been used through the ages to prevent conception - such as dried beaver testicle brewed in alcohol and drunk by women in northeastern Canada.

Hardly appetising, but still better than the quicksilver women in China drank more than 4 000 years ago, or the carrot seeds Indians downed in the 16th century.

Spermicides have ranged from the delicate to the disgusting.

What is probably the first written prescription for a contraceptive tampon was written on papyrus about 1550 BC and used Acacia shrubs, dates and honey - supposedly good for up to three years.

While the Egyptians used crocodile dung, the Arabians opted for elephant droppings laced with honey. The fourth-century women of Constantinople used sponges moistened with diluted lemon juice.

The tried-and-true condom also has its ancient history, with early Egyptian men using a sheath made out of animal membranes. The 16th century Italian anatomist fallopius fashioned one out of linen to guard against syphilis.

The word condom was commonly used by the 18th century and historians speculate it might have come from a Dr Condom who reportedly made one for King Charles II of England. - AFP

# **fiksie** twee kortverhale deur joan hambidge

## die koorsblaar

DIT was 'n koue wintersdag in New York. Meer spesifiek: 'n koue Kersdag in die winter. Manhattan net voordat die sneeu val, is nat en morsig. Het dit gesneeu. Pa se jas beskut my ook nie juis veel teen die versengende koue nie.

Vanoggend het ek Woody Allen se *Manhattan* vir die tweede keer gesien; *Manhattan Manhattan*. Die filmhuis was leeg. Net tien mense, maar dis Kersfees. Geglimlag oor die ironie om dié film in New York te sien.

Buite sing mense "kom herwaarts getroues" op Engels. Die Salvation Army deel sop en brood uit en 5th Avenue se winkelvensters is swierig en glansryk versier. Hier sien 'n mens net rykdom, maar ek weet van die ander skimmige areas in dié stad. Donker en troebel.

Ek neem die moltrein na Greenwich Village. Hopelik sal daar mense wees met wie ek kan praat. As dit net wil sneeu. My skoene slof in die nat weer. Enigiets is moontlik in dié stad, het mense my vooraf gewaarsku. Tog bly die stad vir my 'n vreemde plek. Maar ek moes wegkom uit New Haven. Die studente in die huis het my begin irriteer met hul pogings om almal in te sluit vir 'n Kersmaal.

Veral die neurotiese Japannees het erg op my senuwees gewerk. Hy het geen geraas verduur nie. Hoe hou jy dit dan uit in Tokio? het die sarkastiese lesbiër uit Kanada gevra. Sy leer Afrikaans by 'n student uit Suid-Afrika. Besig glo met 'n studie oor politieke ontwikkeling in Afrika en probeer gereeld haar Afrikaanse frases op my. Sy walg my, omdat sy dink sy weet beter as almal. Gisteroggend het sy Nina, die Poolse kunsstudent, probeer intimideer. Yokio, die Japannees, het iets gesê van 'n vriendskap tussen hulle wat nié meer uitwerk nie.

Ek moes weg. Die lesings het gesluit vir drie weke en Connecticut is vol studente wat in die aande verdwyn. Dan sit ek alleen in die restaurante en lees. Harold Bloom dink Roland Barthes is phoney. Omdat Barthes glo iewers geskryf het dat mense wat hulle gay-wees ekshibisionisties uitleef nooit werklik geleer het om dit te verwerk nie. Roland-the-pooh-pooh noem hy hom. Bloom is 'n groot, sensitiewe man wat my aanspreek as "my dear". Ons moet Freud se dagboeke lees. beduie hy. Daar staan die belangrikste dinge oor die mens se onbewuste. Is dit so, het ek hom gevra, dat Freud gesê het dat 'n mens se ervaring van jou milieu 'n spieël van jouself word? Bloom praat verder oor die psigopatologiese toestande wat Freud intens geïnteresseer het; die sogenaamde psigopatologie in die alledaagse werklikheid. Verloor die wêreld beheer of verloor die self die beheer? Of word die persoonlikheid wat swak geïntegreer is, aangetas deur 'n onsekere, vyandige wêreld?

Bloom het 'n winterkoue onder lede. Hy nies gedurig in 'n tartan sakdoek. Ná die seminaar bly ek agter. Ja, ek mag hom ná Kersfees kom sien. Ek vertel hom dat ek *A map of misreading* as 'n fenomenale teks beskou. Hy bedank my sjarmant. Selfs opreg. Daar is van egtheid maar min sprake by Yale. Die studente in die postdoktorale en doktorale kursusse is geweldig kompetetief. Hulle lyk gesteur wanneer Bloom my 'n vraag vra oor Wallace Stevens.

Dit was nie moontlik om nog 'n ordinêre aand in New Haven deur te bring nie. Selfs die boeiende lesings en interessante verbande wat gelê word, kom my nie langer interesseer nie. Ek moes wegkom, New York toe. Al is dit dan net om boeke te koop vir die kursus by J Hillis Miller. 'n Sagte, liewe man met 'n misvormde arm. Hy het hom oor my ontferm en my selfs vir ete genooi. Ons het oor Derrida se *La carte postale* gepraat en oor Derrida se gaslesings. Hoewel die lesings intellektueel is, blyk Derrida in lewende lywe 'n gesellige, oop mens te wees. Anders as die "stiff upper lip"-Amerikaners wat die Britte probeer naboots. New England is presies wat die naam suggereer; 'n nabootsing van Engeland. Selfs die universiteit lyk op Cambridge.

Daarom het ek vertrek na New York. 'n Suid-Afrikaner het my genooi vir 'n ou-Kersaand-party in Manhattan. Hy is 'n psigiater met 'n groot praktyk. Sy vriende is pretensieus. In die kombuis hoor ek hoe 'n vrou vir hom vra of ek gay is.

Ek kan nie hoor wat hy antwoord nie. Ons drink rooi wyn en luister na mekaar se sieninge oor wêreldpolitiek, die lewe. Die coq au vin swem in rooi wyn en Tina, die meisie wat uitgevis het of ek gay is, praat oor 'n liefdesverhouding met 'n man wat nie uitgewerk het nie. Alles is projeksies, beduie die psigiater. 'n Mens stel altyd 'n persoon mooier voor as die werklikheid. Bloot omdat die psige nie die werklikheid kan hanteer nie.

Ná een - op Kersdag - vertrek ons na sy woonstel. Ek is slingerend dronk en melancholies. Ons het vooraf gereël dat ek by hom kan oorbly. Ek verloor my bewussyn as gevolg van die baie drank. En weemoed.

Die volgende oggend vra hy dat ek moet gaan. Hy moet pasiënte sien. Selfs op Kersdag werk 'n shrink in New York, vertel hy. Teleurgesteld verlaat ek sy woonstel - met 'n opgefrommelde nota'tjie waarop Tina skynbaar haar nommer gelaat het. Dit beteken helaas in die VSA niks nie. Mense gee hul adresse en telefoonnommers hier as 'n leë gebaar. 'n Soort uitnodiging wat jy nooit durf aanneem nie.

"Gee jy om as ek by jou sit?" vra sy. 'n Meisie - ek skat haar in haar laat twintigs - staan skielik langs my in die restaurant.

"Seker." Dis tog Kersfees. Veral Kersfees in die vreemde.

"Dankie." Sy sit onmiddellik. Sy lyk na iemand bekend; iemand wat ek van iewers af ken: wie kan ek nie dadelik oproep nie. Ek besef sy is net so eensaam soos ek. Sy vertel sy het gewerk tot 'n uur gelede.

"Ek sou graag na my ouers wou gaan..." skielik begin sy huil, "maar ek kon nie verlof kry nie. My baas, 'n vrou, het my vandag getroos. Sy't gesê..."

Sy is nogal aantreklik. Behalwe vir 'n koorsblaar op haar lip waaroor sy gereeld haar tong stoot. Maar sy het mooi hande en helder blou oë. Ek probeer verby die koorsblaar kyk. Ek vertel haar ook kortliks waarom ek alleen in die restaurant sit.

Ek skuif my literêr-teoretiese boeke weg en ons begin gesels oor sterretekens.

"Is jy ook 'n Virgo?" vra sy. Ek maak asof ek geïnteresseer is in Linda Goodman se sterretekens en sê ek is ook 'n Virgo.

"Waar bly jy vanaand oor?" vra sy.

"Ek het gedink om terug te keer New Haven toe... daar is laat vanaand 'n trein."

"Jy kan dít tog nie doen nie. Dis Kersfees! Bly in New York. Ek het 'n woonstel in die Bronx. Jy kan gerus vanaand by my oorbly en later terugkeer," sê sy oorvriendelik.

'n Paar uur later vertrek ek weer met die moltrein. Dié keer nie alleen nie. Uiteindelik vind ek die opwinding en uitdagings waarvan almal altyd vertel. New York is 'n plek sonder grense, het Hennie Aucamp my vertel.

Haar woonstel in die Bronx is naby die molstasie. Ons stap die ou trappe op. Die woonstel ruik bedompig. Sy gaan sit op die vloer en vra my om langs haar te kom sit.

"Coke?" vra sy. Meteens sien ek die koorsblaar groot en rooi op haar lip. Met 'n flou verskoning dat ek net gou vars lug wil skep verlaat ek die woonstel. Toe ek buite kom, lyk die woonstelgebou net soos die bruin gebou in *Manhattan*.

## van vier tot ses

"KOM jy vanmiddag speel?" vra Sandra, my beste maatjie in die standerd vyf-B klas. "Ag, kom man. Stephan sal ook daar wees. Hy sal sy perd saambring; dan kan ons 'n bietjie daarop ry. Tóé. Hy sal eers later kom, want hy moet sy ma eers help om die diere op die plot kos te gee. Ons gaan sports hê vanmiddag! Sien, my ma-hulle is nie vanmiddag by die huis nie en dan kan ons lekker jol."

Nee, dink ek, maar ek is te bang om te sê dat ek nie wil kom nie. Ek is bang hulle lag vir my - soos hulle altyd vir my lag omdat ek nie verstaan wat hulle sê nie. Ek weet nie hoekom sy my haar beste tjom gemaak het nie. Sy en Annet was eers pêls, maar nou hou sy meer van my as van Annet. Annet is glo simpel, want sy wil nie doen wat Sandra sê sy moet doen nie. Ek was bly toe sy my haar maatjie gemaak het, want almal hou van haar. Niemand hou baie van my nie. Dit is die eerste keer dat ek saam met hulle in die klas is, want ek was verlede jaar in die A-klas. Hulle lag vir my. Soos die keer toe ek die eilande van die wêreld te vinnig opgenoem het en juffrou vir my gevra het of ek dan nie maniere het nie. Maar sy was verkeerd oor Tahiti. Ek ken daardie prentjies uit pa se kunsboeke met die vrouens en hul kaal borste. Hulle lag ook vir Marcel. Arme Marcel gil as die wind die deur hard toeslaan.

"Kom jy? - hoekom praat jy nie?" vra sy weer. Sy kyk my in die oë, so snaaks - net soos die keer toe sy en Annet aan my rug gevat het.

"Wat maak jy?" het ek verbaas gevra.

"Niks, ek voel sommer", het sy gesê, "hoekom jy so snaaks lyk voor. Ons dink dis tyd dat jy begin bra dra, hoor."

"Maar dra julle dan al?"

"Ja, domkop, lankal." Hulle het my alleen gelos, terwyl hulle vreeslik hard gelag het. Ek wou nie vir hulle sê dat ek nie wou bra dra nie. Ma het al lankal aangehou, maar ek was bang daarvoor. Soos vir ander dinge.

"Goed, ek sal kom, maar ek moet eers huiswerk doen. My ma laat ons nie voor vieruur gaan speel nie."

"Jis, jou ma is darem verskriklik! Jy's mos nie meer 'n ou bybie nie. Jy moet vir haar sê dat jy te groot is om nog in die middae te slaap." Ek het vir hulle eendag gesê dat ma ons laat slaap in die middae omdat sy in die *Reader's Digest* gelees het 'n oogarts van oorsee het gesê 'n mens moet in die middae jou oë laat rus. Daaroor het hulle ook iets te sê gehad. Soos oor alles. Hoekom was ek nie meer in die A-klas nie? My maats van verlede jaar wou ook nie meer met my speel nie. Sus was gelukkig, want sy was weer in die A-klas. As ek net tog beter in Rekenkunde gedoen het verlede jaar. Maar ek hou nie van Rekenkunde nie. Van daardie aand dat ma my gevang het met die ander boek en geraas het dat *Die volkome huwelik* nie vir kinders is nie, spring die syfertjies voor my oë rond. Maar ek moes uitvind of almal so voel.

Verby die bakkery met die vars brode ry ek baie vinnig. Dan verby die fliek met al die prente teen die mure. Partykeer ná die fliek speel ek op die gras voor die huis alleen verder die storie. Dan praat ek met myself terwyl ek die storie laat eindig soos ek dit wil hê. Ek maak ook sommer die Engelse woorde self op - want almal praat mos Engels in die flieks. Vinnig verby die fliek, want ek wil nie laat daar aankom nie. Sesuur terug wees, my kind. Jy sê daar is toesig? Ek hoop nie hulle lag weer vir die fiets nie.

"Haai."

"Sit maar jou kafferbaaik hier neer," skree Anton vir my. Hy is in standerd drie en Sandra se boetie. "Hoekom ry jy so 'n brand?"

"Anton, bly stil!" maak sy hom stil. "Ons tyd is min; netnou is my ma-hulle terug en dan kan ons nie verder speel nie." Sy vat my aan die arm en trek my na die buitekamer.

"Waar is die perd?"

"Hy kan mos nie die perd die dorp inbring nie, domkop," praat sy vinnig.

"Ek dog ons gaan perd ry," sê ek teleurgesteld. "Jy het dan so gesê."

"Wag nou man. Ons gaan lekkerder speel. Lekker huis-huis, terwyl Anton kywie hou."

"Maar..."

"Toe. Jy kan die man wees." Ek begin bang word. bang omdat ek tog nie maar na ma geluister het nie. Moenie by kinders speel as daar nie toesig is nie. Maar ek was nuuskierig. Ek het geweet daar gaan iets gebeur wat ek nie ken nie. Hulle het van iets geweet wat ek nie verstaan nie. Soos toe hulle by Anton wou weet of Stephan al hare daar het. Hulle was verbaas dat ek skaam was. Ek was te bang om vir hulle te sê ma het geraas toe ek in daardie boek gekyk het in die badkamer. Maar Sandra was goed vir my. *Ek dink sy hou van my.* Sy het my leer tongsoen in die wetenskapklas toe ons na 'n fliek moes kyk van bye wat huisies bou. Haar tong was warm teen myne, al was ek bang vir die onderwyser, meneer Botha. Hy het nie van haar gehou nie; sommer eendag vir haar gesê sy is te groot vir haar skoene. Toe ons buite kom in die helder sonlig, het sy nie weer na my gekyk nie.

"Hei, kom speel nou."

"Ek sal die pa wees."

"Kom." Meteens is ek nie meer bang nie en bly dat ek gekom het. Ek gaan sit langs haar op die bed, terwyl sy stadig haar klere uittrek.

Sesuur ry ek huis toe en ma vra of ek lekker gespeel het. Na aandete gaan ek bed toe, omdat ek moeg en opgewonde is. Maar ek kan nie slaap nie. Ek trek die groen muurpapier verder af en ek is nie meer bang dat iemand sal raas nie. In die kamer langsaan hoor ek pa se fluisterstem.

---

**Vrye Weekblad plaas elke tweede week 'n kortverhaal. Verkieslik ongepubliseerde kortverhale in Afrikaans of Engels, nie langer nie as 1 200 woorde, kan gestuur word aan: Vrye Weekblad Fiksie, Posbus 177, Newtown 2113. Die redaksie sal besluit watter verhale geplaas moet word en geen korrespondensie sal oor dié keuse gevoer word nie. Skrywers ontvang R250 vir 'n verhaal/verhale wat gepubliseer word.**

# Vlakplaas trek - en Koevoet gaan saam

*Ondanks verlede naweek se ondertekening* van die historiese vredesverdrag, wat onder meer voorsiening maak vir die verbanning van private weermagte, bly die regering self in gebreke om sy eie gevegs- en teen-insurgensie-eenhede - die SAW se Spesiale Magte en die SAP se Vlakplaas - te ontbind. Inteendeel, berig JACQUES PAUW, die Vlakplaas-eenheid word tans uitgebou terwyl Spesiale Magte onveranderd bly voortbestaan



Die SAW se Spesiale Magte het 'n sentrale rol in die oorlog in die noorde van Namibia gespeel. Hulle is, soos dié lid, opgelei om in die bos te oorleef en hul operasies het in die grootste geheimhouding geskied. (Foto uit South Africa's Border War deur Willem Steenkamp, Ashanti Publishing Limited.)

VLAKPLAAS, die berugte SAP-eenheid wat sedert 1981 aan die voorpunt was van die polisie se doodsaanslae op anti-apartheid aktiviste en infiltreerders, word nou van sy huidige sterkte van sowat 150 polisiemanne en askari's uitgebrei om ook die gevreesde Koevoet-eenheid uit Namibia in te sluit.

VWB verneem die polisie is besig om 600 nuwe wooneenhede op die plaas Rooiwal net noord van Pretoria teen 'n koste van meer as R10 miljoen te bou waar die nuwe, vergrote teen-insurgensie-eenheid van die SAP gehuisves gaan word.

Intussen blyk dit dat die SA Weermag se Spesiale Magte, wat bestaan uit vier verkenningsregimente en 32 Bataljon, ook die weermag se proses van rasionalisasie deurstaan het en onveranderd bly voortbestaan.

Spesiale Magte was sedert sy stigting in 1972 aan die voorpunt van die regering se destabilisasie-veldtog in Suider-Afrika, invalle in die buurstate en die oorlog in die noorde van Namibia. Die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB) was deel van Spesiale Magte - waarvan die bevelvoerder ook die voorsitter van die BSB was.

'n Woordvoerder van die ANC, Carl Niehaus, veroordeel die voortbestaan van Vlakplaas en Spesiale Magte en sê die ANC het tydens die onderhandelingsproses om die aftakeling van dié eenhede gevra, maar die regering wou nie aan dié versoek gehoor gee nie.

Die nuwe bevelvoerder van Vlakplaas, brigadier Krappies Engelbrecht (gewese bevelvoerder van die Brixtonse Moord-en-Roofeenheid), het onlangs aan VWB gesê die Koevoet-eenheid word heropgelei om by die huidige Vlakplaas-eenheid ingelyf te word. Hy het gesê Vlakplaas het in die laaste maande uitstekend gevaar met die opsporing van onwettige wapens, soos AK-47's.

'n Woordvoerder van die SAP, kol Johan Mostert, het 'n geruime tyd gelede ondermeem om kommentaar oor die inlywing van Koevoet by Vlakplaas te lewer, maar het dit tot dusver nog nie gedoen nie.

Lede van Koevoet - wat hoofsaaklik bestaan uit Owambo-sprekende Namibiane - is aan die einde van 1989 na Suid-Afrika gebring waar hulle tydelik in 'n tentekamp net buite Rustenburg in Wes-Transvaal gehuisves is.

Hoewel die nuwe Swapo-regering ná onafhanklikwording in Maart 1990 aangekondig het dat hy bereid is om gewese Koevoet-lede in 'n daad van versoening in Namibia terug te verwelkom, het die SAP besluit om voort te gaan om sy lede weer op te lei en by die huidige Vlakplaas-eenheid in te lyf.

Koevoet, wat in Junie 1979 deur tien veiligheidspolisiemanne en 64 spesiale konstabels gestig is, het in die bosoorlog in Namibia 'n gevreesde en gehate reputasie onder die plaaslike bevolking verwerf. Talle van sy lede is weens moord en marteling vervolg. Koevoet het die meeste "kills" van alle eenhede in Namibia gehad.

Talle van Vlakplaas se lede en bevelvoerders het voorheen in Koevoet diens gedoen. Die huidige bevelvoerder van dié eenheid, luit-kol Eugene de Kock, wat na bewering betrokke was by verskeie moordbendeaanslae op anti-apartheidsaktiviste, is 'n gewese lid van Koevoet.

Soos Vlakplaas, het Koevoet ook van "gedraaide" insypelaars gebruik gemaak.

Die gewese bevelvoerder van Seksie C van die veiligheidspolisie, waaronder Vlakplaas tot onlangs gereesorteer het, brig Willem Schoon, was een van Koevoet se bevelvoerders. Een van die beweerde moordbendelede van Vlakplaas, kapt Paul van Dyk, is ook 'n gewese lid van Vlakplaas.

Engelbrecht het in sy gesprek met VWB gesê dat gewese lede van Koevoet deeglik getoets is om hul aanpasbaarheid in die polisiemag te bepaal en daarna heeltemal her-opgelei is vir hul nuwe rol as polisiemanne.

Die askari-eenhede self is sedert begin verlede jaar heropgelei - sommige selfs in valskermspring - en word volgens Engelbrecht hoofsaaklik gebruik vir die opsporing van onwettige AK-47's.

Niehaus sê die ANC verwerp die inlywing van Koevoet by Vlakplaas en solank dié eenheid bly voortbestaan, kan die regering daarvan vergeet dat swartmense in Suid-Afrika enige vertroue in die SAP kan hê.

"Die askari's is steeds teenwoordig in die townships waar hulle anti-apartheidsaktiviste jag. Hulle bedrywighede gaan onverandered voort. Ek vind dit vreemd dat hul nou glo aangewend word om AK's op te spoor, terwyl die smokkelroetes waardeur die wapens vervoer word, juis deur die regering geskep is.

"Ons is nie beïndruk deur die her-opleiding van die Koevoet- of Vlakplaas-lede nie, want die kultuur van geweld wat deur jare heen onder dié mense posgevat het, bly voortbestaan. Vlakplaas en Koevoet moet ontbind word voor daar enige sprake van 'n nuwe polisiemag in 'n nuwe Suid-Afrika kan wees," sê Niehaus.

Die ANC beskuldig die regering daarvan dat hy Vlakplaas en Spesiale Magte behou as "waarborg" sou onderhandelings en die vredesproses gekelder word. "Die behoud van dié eenhede maak dit moeilik om te glo die hele proses is onomkeerbaar," sê Niehaus.

Volgens die onlangse getuienis van 'n gewese lid van 5 Verkenningsregiment naby Phalaborwa, sers Felix Ndimene, was dié eenheid betrokke by 'n aanval op 'n trein in Soweto in Junie vanjaar waarin ses mense dood is. 'n Dag nadat Ndimene se aantygings gepubliseer is, is dié eenheid glo ontruim van personeel en toerusting - onder meer televisiestelle wat tydens operasies in Soweto by inwoners gesteel is.

5 Verkenningsregiment, wat uit onder meer Portugeessprekende swart soldate en gewese Rhodesiërs bestaan, was die afgelope tien jaar verantwoordelik vir die meeste van die invalle en moordaanslae in Suid-Afrika se buurstate. Soldate van Renamo is deur die jare heen ook by dié basis opgelei en wapens vir dié rebelle van daar verskeep.

Spesiale Magte het eers uit 5 verkenningsregimente bestaan, maar in 1986 het 3 Verkenningsregiment die BSB geword. Ná die ontbinding van die BSB verlede jaar is talle van sy lede terug na Spesiale Magte.

32 Bataljon, wat in 1976 gestig is nadat die weermag Angolese FNLA-soldate na Namibia gebring het, het in die bosoorlog eksklusief in Angola opgetree en soos Koevoet, die teiken van aantygings van wandade geword. Vroeg in 1989 het die weermag die hele eenheid uit Namibia onttrek en in die Noord-Kaapse dorpie Pomfred gehuisves.

Spesiale Magte het onder beskerming van die Verdedigingswet en die Wet op Amptelike Geheime deur die jare onder die grootste geheimhouding geopereer, en die ware omvang van 'n gedeelte van hul bedrywighede is eers in 1985 ontbloot toe kapt Wynand du Toit in die noorde van Angola gevang is op 'n sending om 'n Amerikaanse olie-installasie op te blaas.

Spesiale Magte se betrokkenheid by die stigting van die afvallige "Super-Zapu" in Matabeleland in Zimbabwe, sy ondersteuning aan Renamo in Mosambiek en sy invalle in die buurstate het eers gaandeweg hierna bekend geword.

Die BSB was te alle tye deel van Spesiale Magte, terwyl die Harms-kommissie verlede jaar bevind het dat lede van Spesiale Magte na alle waarskynlikheid verantwoordelik was vir die moordaanslag op dr Fabian Ribeiro in Desember 1986.

Die weermag het onlangs aangekondig dat hy sy aktiwiteite gaan rasionaliseer en het verskeie eenhede in die proses afgeskaal of ontbind. Verskeie vlootprojekte is byvoorbeeld gekanselleer. Tog het Spesiale Magte, in 'n tyd waar daar geen militêre bedreiging meer teen Suid-Afrika is nie, onaangeraak gebly.


UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Dept Afrikaans en Nederlands:**

**Senior Lektoraat/Lektoraat**

Aansoeke word ingewag om bogenoemde betrekking wat van 1 Julie 1992 beskikbaar is.

Kandidate moet in besit wees van 'n PhD-graad of (in die geval van die Lektoraat) ver gevorderd wees met navorsing daarvoor en moet Afrikaanse Poësie kan aanbied.

The salarisskaal is R55 878 – R71 820 (Senior Lektoraat) en R36 726 – R63 744 (Lektoraat) per jaar met aantreklike personeelvoordele.

Aansoekers moet 'n volledige curriculum vitae en die name en adresse van drie referente uiterlik op 11 Oktober 1991 voorlê aan Die Aanstellingsbeampte, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700; telefoon: (021) 650-2192; faks: (021) 650-2138, van wie verdere inligting bekom kan word.

Aansoeke word oorweeg ongeag geslag, ras of geloof.

C71957/1543R



## REGSPRAATJIES

# En as die skuldiges loskom?

*deur* JURIE DE WET

'n PAAR maande gelede het ek 'n moordsaak in die Hooggeregshof gehad. My sewe kliënte het sestien maande in aanhouding gewag op hul verhoor weens die moord op 'n polisieman tydens 'n people's court-sitting en ander aanklagte wat uit dié hofsitting gespruit het.

Hul borgaansoek is geweier en hulle het om politieke vrywaring aansoek gedoen op grond daarvan dat hulle politieke oortreders was. Kort voordat die hofsaak sou begin, is ons ingelig dat die Staatspresident die aangeklaagdes gevrywaar het vir al hul oortredings behalwe die moord-klagte. Die moordaanklagte teen twee van my kliënte is teruggetrek.

Konsultasies met die aangeklaagdes was 'n nagmerrie. Elkeen het die ander beskuldig vir wat gebeur het en daar was 'n gedurige bakleiery tussen hulle.

Dié soort konflik maak dit baie moeilik om 'n saak voor te berei. 'n Prokureur kan nie vir twee mense optree wat mekaar inkrimineeer nie. En indien hulle mekaar tydens ondervraging sou inkrimineer, sou almal skuldig bevind word.

Ek moes heelwat boelie en dreig om 'n einde te maak aan die konflik binne die groep en 'n gesamentlike benadering uit te werk.

Vir my het dit voorgekom asof net twee van die vyf aangeklaagdes gehelp het om die polisieman dood te steek. Ek het gemeen dat al my kliënte swak getuies sou wees. Indien dié wat nie in die messtekery betrokke was nie sou moes getuig, sou hulle almal aan moord skuldig bevind word. Om dié risiko te probeer vermy, het ek 'n ooreenkoms met die aanklaers probeer aangaan om sodoende my kliënte uit die getuie-bank te probeer hou. Indien die staat die moordklagtes teen drie van die aangeklaagdes terugtrek, sou die ander twee skuldig pleit.

Ná vele oorreding het my kliënte gesê ek kan maar die staat nader met my voorstel.

Voor my advokaat met die aanklaer kon praat oor die voorstel, het sy gesê die polisie sukkel om die hoof-staatsgetuie op te spoor. Dit was dus moontlik dat wanneer die saak begin, die staat geen getuie van die moord kon opspoor nie. Toe sê my kliënte my aan om nie voort te gaan met die voorstel nie en te wag totdat ons sien of die staatsgetuie by die hof opdaag of nie.

Nou ja, die dag toe die hofsaak begin, was daar geen staatsgetuie nie. Die staat vra toe uitstel om die staatsgetuies op te spoor en die hof gee die polisie 24 uur daarvoor. Maar die volgende dag was daar steeds geen staatsgetuie nie.

Die staat het toe natuurlik geen ander keuse gehad as om die aanklagte terug te trek nie en al my kliënte was vry. Die twee wat bereid was om skuldig te pleit was die blyste.

Dit is onduidelik waarom die staatsgetuies verdwyn het. Hulle was duidelik bang om te getuig, maar waarom?

Die staat het gesê die staatsgetuies is bang vir die comrades, wat moontlik wraak sou neem as hulle getuig. My inligting was dat die staatsgetuies bang was vir die polisie en dat hulle gedwing is om valse verklarings te maak.

Wat ook al die rede, die terugtrek van die aanklagte het my bietjie ongemaklik laat voel.

Die moord op die polisieman was 'n brutale, gewelddadige oortreding en dis jammer dat die moordenaars - wat moontlik van my kliënte ingesluit het - nie verhoor is nie.

Het ons regstelsel in dié geval gefaal? Het skuldige mense losgekom?

As 'n prokureur is my antwoord op die eerste vraag "miskien" en op die tweede vraag "nee".

Indien die stelsel gefaal het, was dit omdat die polisie - 'n primêre komponent van die regstelsel - drooggemaak het. Hulle kon ná sestien maande nie 'n getuie opspoor wat kon sweer die aangeklaagdes is skuldig nie. Miskien kon hulle nie die getuies oortuig van hul sosiale plig om te getuig nie of miskien kon hulle nie hul vrees om te getuig aanspreek nie.

Die antwoord op die tweede vraag het te doen met die verskil tussen iemand wat 'n misdaad begaan het - die mens wat dit werklik gedoen het - en iemand wat in 'n hof skuldig bevind word. Ons regstelsel aanvaar mense se onskuld totdat hulle skuldig bevind is. Niemand kan sê iemand skuldig is voordat dié mens deur 'n hof skuldig bevind is nie. Indien iemand wat 'n misdaad begaan het, onskuldig bevind word deur 'n hof, is daardie mens onskuldig.

Natuurlik kan 'n onskuldige mens skuldig bevind word. En in dié geval is die mens skuldig al het hy of sy nie die misdaad begaan nie.

Dié argument klink dalk vreemd, maar dit is nie.

Ons samelewing het gekies om die howe aan te stel om te besluit oor 'n mens se skuld of onskuld. Hoe anders sou 'n gemeenskap besluit oor 'n mens se skuld of onskuld? Deur populêre mening? Of dalk deur op intuïsie staat te maak? Dit sou die einde van beskaafde geregtigheid beteken. Ek is bevrees die prys wat ons betaal vir 'n beskaafde regstelsel is dat skuldige mense soms loskom. En dit ontstel ons almal.

Wat is die posisie van 'n prokureur wie se kliënt aan hom erken dat hy of sy die misdaad begaan het? Hoe verdedig jy só 'n kliënt en hoe voel jy as dié mens loskom?


Prokureurs kan maar net hul subjektiewe gevoelens opsyskuif vir die groter ideaal van geregtigheid. Om die stelsel voorop te stel is belangriker as dat reg en geregtigheid in 'n morele sin geskied. Dat elke mens geregtig is op 'n verhoor waar sy skuld of onskuld bepaal sal word deur 'n hof, is 'n fundamentele reg en 'n baie sinryke beginsel. Die feit dat jy as prokureur wéét van jou kliënt se skuld aan 'n misdaad, doen nie afbreuk aan dié beginsel nie.

'n Prokureur mág nie en 'n etiese prokureur sál nie die hof mislei nie. En dit is nog 'n fundamentele beginsel waarop ons regstelsel gebaseer is. Indien jou kliënt erken dat hy of sy 'n misdaad begaan het, mag jy onskuldig pleit en die staat uitdaag om skuld te bewys, maar jy mag nie medepligtig wees aan die vorming van valse verdediging nie.

Jy mag dus nie aan jou kliënt óf aan die hof óf aan die staatsgetuie voorstel dat jou kliënt in selfverdediging opgetree het indien dit nie die geval was nie. Maar natuurlik kan jy die hof uitdaag om die akkuraatheid, betroubaarheid en doeltreffendheid van die staat se getuienis te toets en as daar tekortkominge is, is jou kliënt daarop geregtig om los te kom.

Televisie-reekse soos *LA Law* suggereer dat die prokureurs 'n groot gedeelte van hul tyd bekommerd is oor die skuld of onskuld van hul kliënte. Indien 'n prokureur egter verbind is tot die beginsels van geregtigheid, kan hy of sy van dié bekommernisse vergeet en aangaan met die werk en 'n lewe lei sonder skuld en spyt.

# 'Denard should go to jail'



Bob Denard at a press conference just before he left the Comoro Islands for South Africa.

PARIS - French mercenary Bob Denard, currently living in South Africa, should receive a five year jail term for his bid to overthrow Benin's Marxist regime in 1977, a French prosecutor told a court here this week.

A three-year prison term, with two years suspended, was demanded by substitute prosecutor Nathalie Becache for an accomplice, Michel Boyer, who appeared before the court.

Judge Martine Anzani set the sentencing for October 16.

Denard is accused of leading a expedition which landed in the African country's capital, Cotonou, on January 16, 1977, with the aim of toppling president Mathieu Kerekou in favor of opposition leader Gratien Pognon.

After taking control of the country's main installations, the mercenary band withdrew after meeting strong resistance in the capital.


Six members of the Benin government's forces died in the fighting.

Denard, who led two coups to overthrow and subsequently reinstall Comoros president Ahmed Abdallah, in 1975 and 1978, went to live in South Africa after the assassination of Abdallah in November 1989. - AFP

# 'n vrugbaarheidsgodin in die vrystaat

**IN DIE SOMER VAN '36**
**Tafelberg**
**R44,60**

**LOUISE VILJOEN**




KLAAS STEYTLER se verrassende en belangwekkende nuwe roman, *In die somer van '36*, konfronteer sy leser met 'n eiesoortige variasie van die magiese realisme. Die roman kombineer 'n noukeurige realistiese beskrywing van die dorp K- (in al sy kleindorpse heerlikheid en oneerlikheid) met 'n stel karakters wat duidelik 'n argetipiese of mitologiese onderbou het.

Die argetipiese element is op sy mees opvallende in die pragtige vrou, Dewwie Dykstra, wat die somer van 1936 op die Vrystaatse dorp K- deurbring met verreikende gevolge. Reeds die bekoorlike voorblad deur Jan Vermeiren en die voorskrif tot die roman verleen 'n soort bomenslike luister aan dié vrou.

Dan lees 'n mens ook nog op die eerste bladsy dat sy soos 'n *"godin ongemerk uit die lae, onderste grys wolke net voor die eerste groot lentereëns afgesak en saggies agter Sinclair se apteektoonbank te lande gekom het"* (p1). Hoewel sy in die lente arriveer, is Dewwie (om Sheila Cussons buite verband aan te haal) 'n "immer somerse godin". Haar invloed op die dorp bereik sy hoogtepunt in 'n somer wat doelbewus met groot sensualiteit deur die verteller beskryf word (p221). Met haar koms na die dorp in die lente is daar sprake van haar *"jong, nuwe, vars vroulikheid"* (p274); wanneer sy die dorp uiteindelik verlaat aan die einde van *" 'n vol en vrugbare seisoen"* (p357) is dié vrugbaarheidsgodin swanger as gevolg van 'n verkragting (soos dit dikwels ook die lot van godinne was). Haar argetipiese dualiteit blyk op verskillende terreine: sy is tegelykertyd verleidster en verleide, manipuleerder en slagoffer, vernietiger en lewegewer. Metafories gesproke is sy die verraderlike sondou sowel as die onskuldige maanblom (p134). Die dualiteit word verder onderstreep deur haar doopname, Helena Dawida. Die vroue- sowel as mansnaam hou verband daarmee dat Dewwie een is van 'n tweeling waarvan die seun by geboorte dood is.

Die naam Helena kan teruggevoer word na die Griekse mitologie: die tweeling Castor en Pollux se vroulike pendante was Helena en Clytemnestra. Die opvatting dat ten minste een van 'n tweeling van goddelike afkoms is, speel waarskynlik ook hier 'n rol. Die omruiling van die oorspronklike volgorde van die name Helena Dawida na Dawida Helena (p163) sinspeel op Dewwie se problematiese verhouding met haar pa, wat eintlik 'n seun wou hê - iets wat later aangevoer word as motivering vir haar optrede teenoor mans. ('n Mens vermoed dat feministe min vrede sal hê met dié argetipisering van die vrou tot godin, verleidster, verkragte, swangere, wat seks as wapen gebruik net soveel as wat dit as wapen teen haar gebruik word.)

As *"donker, maar mooi"* (p79) vrou uit die Boland is Dewwie ook 'n inkarnasie van die argetipiese Hooglied-vrou waaroor Salomo so "opgesweep" geraak het (p20) 'n vrou wat reeds deur Etienne Leroux in *Sewe dae by die Silbersteins* en veral *Na'va* gestalte gegee is. As sodanig het Dewwie die vermoë om mense met die donker sy van hul persoonlikhede in aanraking te bring. Daarom sê die heldersiende Miss Underhill vir haar: *"Jy is vir mense nodig. Hulle moet deur jou gaan om hulleself te word. Hulle vind gestalte in jou."* (p54).

Die reaksie wat Dewwie se donkerheid aanvanklik by die dorpenaars ontlok, het die funksie om ook rasse-verhoudinge deel te maak van die roman se argetipiese spel. Die swartmense op K- is vir die wit dorpenaars onbekend, selfs "onsigbaar" in hulle donkerheid. Van die werknemer wat Stef Sinclair gebruik om op Dewwie te spioeneer, word byvoorbeeld gesê: *"sy vel is donker en sy oë nog donkerder, 'n ondeurdringbare voorhangsel"* (p221).

Dewwie het ook 'n aantal argetipiese teenspelers in die roman. Jannie Brand speel in sekere sin die rol van 'n owerspelige Zeus (hy neem betekenisvol genoeg deel aan die Olimpiese Spele van 1936) wat vanuit die magsposisie wat sy status en geld hom besorg op hartelose wyse ander se lewens manipuleer.

Die onverfynde en gewelddadige Adderjaan Kruger kan op sy beurt dalk gelees word as 'n soort Dionisus. Om dié argetipiese inslag te beklemtoon, vind sekere seksuele ontmoetings in die roman plaas teen die agtergrond van storm- of onweer (p93, p197). Daarbenewens word karakters in die roman soms gegroepeer op 'n wyse wat herinner aan die klassieke mitologie: Dewwie bevind haar meermale tussen 'n groep simpatieke vroue met 'n aanvoeling vir die mistieke; Jannie Brand is op sy beurt deel van 'n kring ondersteunende, kaartspelende mans.

Ten spyte van al die aandag wat aan haar bestee word, kry die leser die indruk dat Dewwie Dykstra slegs oënskynlik die hoofkarakter in die roman is. Sy vertrek byvoorbeeld geruime tyd voor die einde van die roman uit K- en daar word nie weer na haar verwys nie. Stef Sinclair, die apteker verantwoordelik vir Dewwie se koms na die dorp, is waarskynlik die karakter wat die volledigste beskryf word en dus die minste van 'n argetipiese stereotipe is. Dit is veral aan hierdie karakter dat die tegelyk verwoestende en bevrydende uitwerking van die argetipiese Dewwie gedemonstreer word. Sy obsessie met haar lei tot sy vernedering deur die dokter (vgl die toneel by die swemgat) en verwerping deur die dorp. Aan die ander kant word hy bevry uit 'n stagnante huwelik en lei sy vernedering deur die dokter tot opregte menslike kontak met die seun Sagrys Kruger (vir wie hy in die ellende van sy vernedering sê: *"seun, ek wil doodgaan: hou my vas"*, p228). Dit is juis in die lot van dié seun en sy familie dat die vernietigende, selfs tragiese nasleep van Dewwie se koms na K- die duidelikste gedemonstreer word. Wanneer die familie na Sagrys se selfmoord die dorp verlaat, is die turbulensie slegs tydelik besweer. Die roman eindig met 'n vooruitwysing na die *"volgende oorlog"* (p395) wat op die wêreld wag en wat deur die roman verbind word met die argetipiese gebeure op K- in die somer van '36.

Die roman lê vernuftig 'n verband tussen die seksuele spel van die mense op K- en die politieke spel wat op nasionale sowel as internasionale vlak bedryf word. Op nasionale vlak is daar die ganse lewe van die dorp met sy duidelik omskrewe sosiale stratifikasie, reëls in verband met rasseverhoudinge, kwalik-verwerkte herinneringe aan die Anglo-Boereoorlog en partypolitieke spanninge. Die internasionale politieke spel word betrek deurdat die roman hom in 1936 afspeel tydens die aanloop tot die Tweede Wêreldoorlog. Die gebeure in Europa word betrek deur die briewe wat die Joodse Mendel Baruch (woonagtig op K- om gesondheidsredes) gereeld van sy suster uit Tsjeggo-Slowakye ontvang. Die verhaal per brief van dié welgestelde Jodin wat geleidelik uit die privaatheid van haar huis verdring word, vind weerklank in verskeie fasette van die seksuele spel (soos repressie en verkragting) wat op K- gespeel word. Verwysings na orde en oproer het dus telkens ook 'n seksuele keersy - soos wat Jannie Brand demostreer in sy uitsprake oor die politieke orde en owerspel (p280).

Die verteller se betrokkenheid by die dorp (hy praat met die intrap van *"ons dorp"*, p1) gee hom die geleentheid om gesaghebbend te onthul. Tog staan hy op 'n byna joernalistieke afstand van die gebeure en het hy boonop die voordeel van 'n alwetende agterna-perspektief soos geopenbaar in die slot van die roman: *"Op K- het die dorpsbewoners die herfs en winter van 1937 ingewag en, sonder om te weet, ook die volgende oorlog"* (p395). Sy reportage-styl is byvoorbeeld merkbaar in die formele wyse waarop karakters op hul volle name in die vertelling aangetree word (p7, p31, p112) en die noukeurige optekening van die lewe op K- (huise en hulle interieurs, tuine, eetgewoontes, politieke vergaderings en so meer word uitvoerig omskryf). Die figuur van Loffie Alberts, redakteur van die plaaslike koerant en onversaagde korrespondent vir die *Sunday Times* (p20), is in sekere sin 'n karikatuur van die verteller in hierdie roman. Die parallel blyk onder andere uit Loffie se woorde: *"hier (lê) 'n groot storie wat ek nog gaan skryf en* Sunday Times *toe stuur"* (p372). Die verteller is, net soos Loffie Alberts, belus op die sensasie wat skuil onder die kleindorpse kalmte; anders as Loffie Alberts het hy die vermoë om te onthul wat onder daardie kalmte skuil. Tog is daar ook iets van die *"skrynende gevoel oor vervloë tyd, oor jeug en fantastiese avonture met nakende meerminne by waterpoele en gehoefde saters"* (p268) in die verteller se aanbod. Die joernalistiek-saaklike aanbod word dus gekombineer met 'n koestering van die verlede waarvan die *"herinnering soos 'n kissie juwele in later jare"* (p269) oopgemaak word. Hierin lê 'n groot deel van die sjarme en oortuigingskrag van hierdie roman, wat eers lyk na 'n bonte beskrywing van die gebeure op K-. Die vertelling kry mettertyd 'n meesleurende vaart en dit word algaande duidelik dat dié roman met groot planmatigheid afstuur op sy tragiese, en tog ook lakoniese, slot. Hierdie romanagtige peiling van 'n Suid-Afrikaanse dorp se onbewuste staan sy plek vol in 'n jaar wat alreeds sy kwota goeie én leesbare Afrikaanse romans opgelewer het.

**(Louise Viljoen doseer Afrikaans aan die Universiteit van Stellenbosch.)**

## *Sê nou mans kon swanger raak...*

**BAIE MANS RAAK JALOERS OP VROUE SE VERMOË OM KINDERS TE BAAR, SÊ DIE SIELKUNDIGES. MAAR SÊ NOU NET MANS KÓN SWANGER RAAK? SOU HULLE WERKLIK KANS SIEN DAARVOOR? ESMA ANDERSON POLS 'N PAAR SUID-AFRIKAANSE MANS OOR DIÉ VRAAG**

DIE Griekse god Zeus was só jaloers op sy vrou se swangerskap dat hy haar ingesluk het om self geboorte te skenk aan die kind. Vandag is sommige mans steeds jaloers op die één ding wat vroue kan doen en hulle nie - om geboorte te skenk. Sielkundiges noem dié jaloesie die Zeus-kompleks.

'n Amerikaanse sielkundige wat baie navorsing oor dié jaloesie gedoen het, dr Lawrence Friedman, vertel die staaltjie van 'n man wat elke keer as sy vrou swanger was, gemeen het dat hy 'n boek moet skryf om ook lewe te kan skep.

Die Britse skrywer en digter Peter Bradbury skryf ook oor dié jaloesie in die boek *The Sexuality of Men*. Hy sê vroue het 'n "natuurlike" kreatiwiteit, terwyl mans dikwels uit 'n soort jaloesie daarop, 'n "kulturele" kreatiwiteit ontwikkel.

Gedurende die vrou se swangerskap, wanneer sy geboorte skenk en in die vroeë stadium van die kind se lewe voel die man dikwels uitgesluit. Bradbury meen dié gevoel word versterk deurdat die man swangerskap beskou as die produk van sy manlikheid en 'n belegging in die toekoms.

Friedman sê selfs die Bybel toon tekens van Zeus-jaloesie omdat Eva gemaak word uit die rib van Adam, 'n beskrywing waarvoor hy die manlike skrywers van die Bybel blameer. "In other words, man, who wrote the Bible, was so jealous of woman's ability to bear a child, that he turned the tables and gave Adam the privilege of giving birth to the first woman."

In primitiewe samelewings word mans soms behandel asof húlle die kind gaan kry en nie die vrou nie. Antropoloë meen dit is 'n uitdrukking van 'n bewuste begeerte van mans om deel te hê aan die skepping van kinders.

Dié begeerte van mans spreek ook uit die aantal mans wat soortgelyke simptome as hul vroue ontwikkel gedurende swangerskap. Tot 65 persent van mans wie se vroue verwagtend is, ontwikkel fisieke simptome soos naarheid (morning sickness), rugpyn en maagkrampe, sê 'n sielkundige van Pretoria wat reeds navorsing oor die onderwerp gedoen het, maar om professionele redes nie haar naam kan noem nie.

Hoewel Zeus-jaloesie baie algemeen is, ervaar alle mans dit nie ewe sterk nie, sê sy. Dit is net mans wat baie fyngevoelig is en self-analities optree wat self dié jaloesie opmerk. As die kind eers gebore is, sê sy, verdwyn dié jaloesie dikwels, want die man kan dan self 'n band vorm met die kind.

As daar dan wel iets is soos die Zeus-kompleks, sou mans werklik graag self geboorte wou skenk as dit moontlik was? VWB het 'n paar Suid-Afrikaanse mans gaan vra:

**Etienne van Heerden,** Afrikaanse skrywer en akademikus:

Dit sal nogal 'n interessante verwikkeling wees as mans kan geboorte skenk. Maar is hulle dapper genoeg daarvoor?

Die groot ding van kinders is dat jy leer dat jy nie alleen op aarde is en net aan jouself kan dink nie. Miskien is dit waar die onselfsugtigheid van moeders ontstaan: hulle dra so lank aan die kind en is heeltyd so bewus daarvan dat dit dalk oorgaan in 'n totale onselfsugtigheid.

Toe my kinders gebore is, was ek bewus van die afstand tussen my en die kind. Ek was nie 'n jaloerse pa nie, maar dit was wel vir my duidelik dat daar tóé 'n sterker band was tussen die kind en die moeder. Dis een van die voorregte van moederskap. Die pa kan wel later dié bande bou.

Maar as mens dink aan die implikasies daarvan, kan jy dink hoe sal die wêreld verander? Stereotipes sal heeltemal tuimel. Die vrou sal nie meer gesien kan word as 'n tipe teeldier nie.


As mens kyk na die mans om die braaivleisvure, wil 'n mens amper dink hulle is gebou daarvoor. Hulle lyk swanger met bier, kommer en macho-geid.

**Dr Claude Newbury,** voorsitter van Pro-Life Suid-Afrika, 'n anti-aborsie organisasie:

So 'n idee word gebore uit 'n perverse en verwronge brein. In elk geval is dit totaal onmoontlik, dis mos nie hoe God ons gemaak het nie.

Ons is anders gemaak as vroue. God het sekerlik geweet hoe ons moet funksioneer toe ons anders gemaak het. Die baarmoeder is spesiaal aangepas om die baba te dra en te onderhou in swangerskap. Mans het eenvoudig nie daardie vermoë nie.

Eties, moreel, fisiologies, medies en godsdienstig is dit vir my totaal onaanvaarbaar. In watter omstandighede sal mans in elk geval wil kinders baar, behalwe homoseksuele? Hoekom sal mans daardie spesiale en mooiste funksie van die vroue-liggaam wil naboots?







Eers het Demi Moore (links) die wêreld geskok deur só vir die voorblad van *Vanity Fair* te poseer. Nou wys *Spy Magazine* (regs) vir ons hoe Bruce Willis, haar man, swanger sou lyk.

**Nataniël,** kabaret-kunstenaar:

Pregnant mans? O nee, dis terrible. Ek dink dis gross. Kan jy jou voorstel hoe gaan hulle lyk? Hulle sal dalk meer volwasse raak.

Kyk, ek het baie breë heupe, mens moet mos breë heupe hê om te kraam. Die kraam en al daai dinge is nog oraait, maar ek sal mos nooit my figure terugkry nie. Daai man op *Spy* se voorblad het baie stunning bene, ek het eers gedink dis Bruce Willis self, maar toe hoor ek dis 'n model se lyf, net Willis se gesig. Mens kan dit sien, selfs met die airbrush hier oor die maag kan mens sien dis 'n model. Gaan julle vir my pregnant laat lyk op die voorblad... julle hoef nie te worry oor die maag nie, ek het ene. Ek het anyway 'n gewigsprobleem.

Vroue is stunning, ek is bly hulle is gemaak, maar ek kan my nie voorstel om deur daai dinge te gaan nie, periods en PMS en kraam. Ek dink dis die ongemaklikste dinge in die wêreld. En hoe gaan jy borsvoed met borshare?

Party vroue se heupe word met tot 4cm breër ná die geboorte - die hele geneuk tussen jou bene skuif uit. As mans kon kraam, sou ek op die pil gebly het. Ek is baie career-orientated. Hoe sal ek ooit my figuur terugkry?

Buitendien, wat trek mens vir 'n pregnant man aan? Kaftans? Of sulke Demis Roussos-jurkies...

**Anton Goosen,** Afrikaanse sanger en liedjieskrywer:

Ag nee wat, ek is heeltemal happy met dinge soos dit nou is. Die hele proses van geboorte skenk, lyk vir my baie pynlik, ek het in elk geval nie 'n drang om self fisiek geboorte te skenk nie en dis ook nie iets waarop ek jaloers is nie.

Ek het nog nooit eintlik daaraan gedink nie, ek wou ook nog nie maan toe gaan nie.

**Sipho "Hotstix" Mabuse,** gewilde Suid-Afrikaanse musikant:

What? Absolutely not. I would never, ever agree to that. I suppose it is my upbringing. I believe the woman is the mother who bears the children, I would not want to experience that myself, other than watching.

**Ds Isak de Villiers,** redakteur van *Rapport*:

Sjoe, jong. Oo aarde...

Kyk, ek was agt jaar lank die redakteur van 'n vroue-tydskrif en het in my handel en wandel genoeg swangerskappe beleef. Maar of ek swanger wil raak en 'n kind wil hê? Ek dink nie so nie. Ek was nog nooit 'n ou wat van pynlike ervarings gehou het nie. Ek was dan selfs bang om my mangels te laat uithaal. En die swangerskappe wat ek al beleef het, het nou nie juis plesierig gelyk nie. Nee, ek dink daai beker moet maar by my verbygaan. Ek was ook nog nooit jaloers op vroue se vermoë om te kraam nie. Dis mos 'n vroulike ervaring en vroue is hoeka anders bedraad as mans. Maar ek was wél jaloers op my kinders omdat hulle al my vrou se aandag gevat het.

**Prof Stephen Gray,** skrywer van 'n novelle oor 'n man wat swanger word, *Born of Man*:

If I could be pregnant today I'm convinced I would do it. I believe men are even better carriers than women because they are stronger and it takes less out of them. They have been doing it with animals for years now, so it is medically possible. It is only a matter of time now.

# SPORTRUBRIEK

TINUS HORN



# Boks: Ode aan 'n 'bloedsport'

"The winner, by unanimous decision, and the new champion of the world..."

Die res van die aankondiger se sin word uitgedoof deur die pandemonium wat sonder uitsondering op daardie oomblik in die kryt losbars.

Want in daardie paar woorde lê meer drama opgesluit as in enige ander in die sportwêreld. (Op een uitsondering na: "....tien... en uit!" kan jou armhare behoorlik laat regop staan - maar dan ook net in wêreld-titelgevegte.)

Verlede Saterdagoggend was dit Brian Mitchell se hand wat omhoog gehou is ná twaalf rondes. Enigeen wat dit aanskou het en nie koue rillings langs sy ruggraat af gevoel het nie, kán nie koue rillings kry nie.

Die afstand wat tyd bring, sal ons later help om dié oomblik in perspektief te sien, maar ses dae later wil dit voel asof ons hier met een van die grootste oomblikke in Suid-Afrika se sportgeskiedenis te make gehad het.

Dit was ongetwyfeld belangriker as Brian se uitklop-oorwinning oor Alfredo Layne vyf jaar gelede, wat aan hom die Wêreld-Boksvereniging (WBA) se junior liggewigtitel besorg het.

Daardie geveg was ook lekker opwindend. Almal het egter geweet Layne was nie noodwendig die beste bokser in sy gewigafdeling nie, maar bloot een van drie aanspraakmakers.

Tony Lopez was anders. Sy vernietigende oorwinning oor Jon-Jon Molina in die laaste van hul drie kragmetings het bokskenners in Amerika genoop om hom as een van die wêreld se allerbestes, ongeag gewigafdeling, te bestempel.

Azumah Nelson van Ghana, wat vroeër in sommige kringe as die beste junior liggewig beskou is, sukkel al baie lank om dié gewiggrens te haal. As hy Jeff Fenech klop, boks hy dalk binnekort teen Brian - mits hy nie voor die tyd besluit om hom liewer op die liggewig-afdeling toe te spits nie.

Brian het dus bewys hy is die wêreld se beste. Hoewel Suid-Afrikaners hulle graag op die land se sportkrag roem, het ons nog maar bitter min sportmanne opgelewer wat daarop aanspraak kon maak.

Wat die oorwinning soeter gemaak het, was die feit dat hy in Maart in 'n omstrede beslissing van die titel beroof is.

Dit is so dat 'n swak amateurgeveg, waar daar min sprake van talent is, ook opwindend kan wees - mits albei lus het vir baklei.

Mitchell/Lopez II het nie die adrenalien laat vloei omdat dit met die dierlike instinkte in ons almal gesels nie. Dit het gewys wat 'n boksgeveg kán wees, en waartoe 'n mens in staat is as jy jou liggaam tot op sy uiterste inspan.

Brian, wat nog altyd beskou is as iemand wat groot tekortkominge in sy boksmondering moes oorbrug om bo uit te kom, het 'n foutlose vertoning gelewer.

Onthou: Boks gaan nie net oor houe uitdeel nie. As jy weet wat jy doen, sorg jy ook dat jy jou teenstander se houe ontduik. Die manier waarop Mitchell onder Lopez se bestes uit gekoes en sodoende gapings vir sy eie linkers gemaak het, was meesterlik.

Dis dié soort vertoning wat verklaar waarom boks wêreldwyd miljoene aanhangers het.

Boks se aantrekkingskrag is maar dieselfde as die van die meeste sportsoorte: Dit verskaf 'n bietjie opwinding in 'n andersyds vervelige wêreld. Maar dis meer intens as feitlik enigiets anders waaraan 'n mens kan dink. Benewens die minuut na elke ronde, kry boksers g'n blaaskans tydens 'n geveg nie.

In 'n sokkerwedstryd wat 90 minute duur, het elke speler die bal vir 'n gemiddeld van 'n raps meer as vier minute voor die voete. As 'n mens in ag neem dat die twee doelwagters gewoonlik heelwat meer van die bal sien, is dit duidelik dat baie spelers meer rondstaan as wat hulle aktief deel aan die spel het.

Rugbyspelers rus ook meer as wat hulle speel - veral in 'n posisie soos vleuel, waar 'n speler 'n hele wedstryd kan voltooi sonder dat hy meer as twee of drie keer aan die bal raak.

'n Bokser slaan - of word geslaan - van die eerste klok tot die laaste. En hoë drama is deurgaans een goedgeplaaste hou weg.

Boks het natuurlik ook sy af-oomblikke, soos wanneer iemand lelik seerkry, of as nog 'n bokser die voorblaaie van koerante haal ná die een of ander misstap.

Die verkragtingsaak teen Mike Tyson kry byvoorbeeld nou weer hope publisiteit.

Wat egter ongetwyfeld waar is, is dat boksers in baie gevalle moet kies tussen die kryt en die modder. Wanneer hulle boks kies en dan later - byna onafwendbaar - tog in die modder beland, behoort dit niemand werklik te verbaas nie.

Die kanse dat Tyson, wat arm en bitter grootgeword het, vandag 'n beter mens sou gewees het as hy hom nie tot die kryt gewend het nie, is baie, baie skraal. En al is hy in die knyp, is hy ook 'n hele paar miljoen rand beter daaraan toe as wat hy sonder boks sou wees.

Toe die TV-evangeliste Jim Bakker en Jimmy Swaggart oor die tou getrap het, was dit natuurlik die listige ou Nick self wat die eintlike skuldige was.

Doen 'n bokser dit, weet almal dis sy eie skuld. En natuurlik boks s'n.

## DIE WEEK SE TV-SPORT

DIE deurslaggewende Curriebeker-rugbywedstryd tussen die Westelike Provinsie en die Vrystaat in Bloemfontein (TV 1, 15:30) is die naweek se hoogtepunt.

Wen die WP, dring hy regstreeks tot die eindstryd deur. As die Vrystaat wen, wag daar nog twee uitspeelwedstryde in die week wat kom.

M-NET wys die wedstryd tussen die Oostelike Provinsie en Natal, wat albei al in die stof gebyt het.

**Die week se sport-hoogtepunte is:**

**SAUK:**

Vrydag, 20 September: 18:30 - Gillette World Sports Special.
Saterdag, 21 September: 12:00 - Junior Sport; Perdewedrenne; Tennis: ATP-reeks; Rugby: Vrystaat teen Westelike Provinsie in Bloemfontein.
Sondag, 22 September: TV1, 12:30 - Junior Sport (heruitsending).
Maandag, 23 September: 21:00: TV1: Rugby: Spervuur met Zandberg Jansen: Die naweek se rugby in oënskou.

**M-NET**

Saterdag, 21 September: 15:00 Sal insluit: Rugby: OP teen Natal op King's Park. Sokker: Engelse eerste liga.
Sondag, 22 September: 21:00: Tennis: ATP-reeks.
Dinsdag, 24 September: 21:00: Engelse sokker: Die naweek se hoogtepunte.

## Rugby agter Doringdraad

Dit was die titel van 'n rugbyboek oor die "betogertoer" na Brittanje in 1969, en ná verlede Saterdag se wedstryd tussen die Westelike Provinsie en Noord-Transvaal wonder 'n mens of dit nie miskien profetiese woorde was nie.

Kan ons nog veel langer toelaat dat spelers se veiligheid bedreig word deur die soort "geesdriftiges" wat ons deesdae by groot wedstryde sien?

Die idiote wat bottels gooi - hetsy na spelers of na ander toeskouers - hoort nie in die openbaar nie, wat nog te sê by rugbywedstryde tussen 50 000 ander, waar hulle groot skade kan aanrig.

Drastiese stappe móét gedoen word om ons skares in toom te hou, anders kan voorvalle soos dié in Europa waarin honderde toeskouers deur die jare al dood is, ook ons lot word.

(Ironies genoeg is die Hillsborough-ramp van 'n paar jaar gelede juis veroorsaak deur 'n hoë draad om die veld, wat toeskouers van spelers moes weghou. Toe daar van agter gedruk is, kon die mense teen die draad nêrens heen vlug nie).

Deur dop te verbied straf jy die onskuldige ouens wat 'n vinnige trek maak om in die regte luim te kom, maar dalk is dit die enigste uitweg.

Toeskouers wat net hul rugby op die rand van besopenheid (en anderkant) kan geniet, moet liewer TV kyk.

Maar alles is nie die wingerd se skuld nie.

Die klein dinges wat Naas gestamp het, was byvoorbeeld heeltemal nugter. Hy kort ten minste 'n fris pak slae. As dit 'n ongeluk was, soos hy nou beweer, moet iemand vinnig iets aan sy koördinasie doen, want op TV het dit BAIE opsetlik gelyk en mense wat daar was, bevestig dit.

Waar lê die fout?

Dalk by spelers soos Adri Geldenhuys, Uli Schmidt en Balie Swart, wat op die veld die indruk skep dat dit aanvaarbaar is om jou frustrasies met 'n vuishou te verlig.

# Die reeks om die Curriebeker:

# Wat maak 'n mens van dié chaos?

**Transvaal het die eerste ronde van die Curriebeker-rugbyreeks onoorwonne afgesluit en kon sedertdien nog net twee wedstryde wen. Die Vrystaat het 'n skrale twee punte ná die eerste ronde van die reeks gehad. Nou tel Transvaal, Noord-Transvaal en Natal onder sy slagoffers. Natal en Noord-Transvaal maak beurte om mekaar se neuse in die grond te vryf. Dui dié chaos op 'n laer spelpeil, op 'n gebrek aan motivering, of 'n bietjie van albei? TINUS HORN gee sy indrukke en neem die ses spanne se vertonings in oënskou**

SUID-AFRIKAANSE rugby beleef g'n groot krisis nie.

Die 1991-seisoen was wel een van die vreemdstes in baie jare. As 'n mens hom met 'n enkele woord moet opsom, hoef jy nie verder as "wisselvallig" te soek nie. Dié woord dui op hoogte- en laagtepunte, en hoogtepunte was daar genoeg.

Natal se verpletterende oorwinning oor Noord-Transvaal in die eerste ronde van die reeks het 'n mens na jou asem laat snak - en laat glo dat die Piesangboere dit waarvoor hulle 100 jaar moes wag, sommer 'n jaar daarna weer kon vermag.

Noord-Transvaal het ook 'n paar briljante vertonings gelewer: Teen Transvaal op Ellispark, Natal op Loftus in die Lionbeker-eindstryd en verlede Saterdag teen die Westelike Provinsie op Nuweland.

En dan was daar die Vrystaat se herstel ná 'n eerste ronde waarin alles vir hulle skeefgeloop het. Wat die Wittruie se vertoning nog meer merkwaardig maak, is die feit dat onmin in dié bond met eentonige reëlmaat opvlam.

Gewoonlik het sulke dinge 'n negatiewe uitwerking op 'n span se vertonings op die veld, maar die Vrystaat speel eenvoudig al hoe beter soos die jaar vorder.

Ons kan egter nie die brak kolle in ons rugby wegredeneer nie. 'n Gebrek aan dissipline, en die nare gewoonte om te gaan lê as jy 15 punte agter raak, het chroniese probleme geword wat ons sal moet uitstryk voor ons die All Blacks weer die dag in 'n toetsreeks pak.

Die hoop op internasionale mededinging het nie net positiewe gevolge gehad nie.

Hoewel die top-spelers nou meer het waarna hulle kan mik, wil dit lyk asof hulle belangstelling in die Curriebeker-reeks aan't kwyn is.

Hoe kan 'n mens hulle verkwalik?

Van die land se top-spelers, soos Wahl Bartmann en Jannie Breedt, sê reguit dat daar veels te veel rugby gespeel word.

"Dis moeilik om skerp te bly," sê Bartmann, een van 'n klein groepie spelers wat altyd gemotiveerd lyk.

"Dis maklik om jou geestelik voor te berei vir 'n wedstryd teen 'n span soos Transvaal. Maar wat van die derde of vierde keer wat jy teen dieselfde ou gesigte moet vaskyk?"

## Die top-spanne het só vertoon:

**TRANSVAAL** se welslae in die eerste ronde is nou nog moeiliker om te verklaar as toe.

Die Rooibontes is en bly 'n span met veels te veel beperkinge. Hul sterk punte, 'n goeie lostrio en haker en 'n paar van die vinnigste vleuels in wêreldrugby, is nie genoeg om vir hul tekortkoming te vergoed nie.

Voor Garth Wright en Martin Knoetze se beserings het dinge beter gelyk. Stompie Fourie en Jackie Krause gee hulle 'n kans in die Curriebeker-eindstryd. Maar sal 'n mens geld op hulle kan verwed as hulle Noord-Transvaal op Loftus moet pak?

Die reeks nederlae wat verlede Saterdag beëindig is, het gewys dat dit nie 'n wonder-resep was wat Transvaal vroeër laat wen het nie.

Dalk was dit iets waarmee ons almal vertroud is: Fiksheid. Die 'Bontes het die seisoen topfiks afgeskop. Hulle het egter nie "uitgebrand" soos nou beweer word nie. Die ander spanne het hulle eenvouding ingehaal.

**Die VRYSTAAT,** meer as enige ander span, verdien vanjaar die Curriebeker. Enige span wat die tweede ronde van die reeks met 'n enkele oorwinning begin en vier wedstryde later 'n sterk aanspraakmaker op die beker is, moet iets kry om sy veggees te beloon.

Pote Human se manne moes nooit in die eerste ronde teen die WP of Natal verloor het nie.

Soos die seisoen gevorder het, het hulle die soort simpel foute wat hulle uit die Lionbeker-eindstryd gehou het, begin uitskakel en gewys dat hulle 'n agttal het wat die meeste uit hul skerp agterlyn kan haal.

In die verlede was diepte hul grootste knelpunt. Vanjaar het hulle die briljante Henry Honiball verloor en steeds kan 'n potensiële Bok soos Jannie de Beer nie op losskakel plek kry nie!

Die meeste ander unies sou oor hul voete val om so 'n speler te kon kry, en Transvaal het inderdaad verlede week een van die Vrystaat se naasbestes nader geroep om hulle uit die sop te red.

**NOORD-TRANSVAAL** gaan 'n mens ná dié seisoen moeilik oortuig dat hulle nie Naas Botha en veertien ander is nie.

Sonder Naas het hulle aan die begin van die seisoen 'n paar afskuwelike vertonings gelewer. Sou hulle die WP verlede week sonder hom kon klop? Waarskynlik nie.

Maar nou is hy daar, en as die Vrystaat die WP môre klop en die Noorde behou sy aanspraak op die beker, gaan die Bulle stellig met 'n lelike eindpoging kom.

Dis waarskynlik die een span wat Transvaal nie in die eindronde wil raakloop nie, al is dit net by die gedagte aan die 1987-eindstryd. Die dag daarna het 'n opskrif op die voorblad van 'n Sondagkoerant só gelees: Naas 24, Transvaal 18.

**Die WESTELIKE PROVINSIE** is nie meer die span wat twee jaar gelede die beker met Noord-Transvaal gedeel het nie, maar hulle kan hom beslis nog vanjaar regstreeks wen.

Meer beserings kan 'n span nie in een seisoen tref nie en sonder Faffa Knoetze,



Transvaal het Garth Wright ná sy besering begin waardeer

Gert Smal en Tiaan Strauss het hulle aan die begin van die seisoen - en verlede Saterdag - baie vaal vertoon.

Lance Sherrell is die sleutel tot hul kanse in 'n eindstryd; speel hy goed, kan die Streeptruie enige span - en beslis vir Transvaal - met vertroue pak. Op sy af dae, soos verlede Saterdag, wil nie 'n enkele beweging reg uitwerk nie.

**NATAL** was die seisoen se groot teleurstelling. Hulle het weer die talent gehad om die Beker te wen, maar op hul swakste was hulle wraggies ongelooflik vrot.

Die keerpunt was stellig hul nederlaag teen die OP aan die einde van die eerste ronde. Daar het hulle besluit, nee wat, ons probeer maar weer volgende jaar.

**Die OOSTELIKE PROVINSIE** was die een span wat gedoen het wat almal van hom verwag het: Hy het baie swakker gevaar as wat hy moes.

Soos altyd kon Frans Erasmus se manne darem, soos wafferse seuntjies in standerd vier, altyd daarop aanspraak maak dat hulle die fight gewen het.

Hulle het darem ook die Yardley Goldaandreeks gewen - hul eerste beker in meer as 100 jaar. Wat net weer bewys dat hul laaste plek op die Curriebeker-punteleer te wyte is aan iets anders as 'n gebrek aan talent.

# Die onverstoorbare Papa Fidel bly in die saal

## Verlede week se aankondiging in Moskou dat die Sowjetunie sy militêre teenwoordigheid aan Kuba gaan onttrek en die handelsbande na 'n "meer realistiese vlak" gaan verander, het groot opgewondenheid onder Kubaanse andersdenkendes en bannelinge veroorsaak dat die einde van die Castro-diktatorskap eindelik in sig is. MAX DU PREEZ het in die naweek in Amerika met 'n aantal Kubaanse uitgewekenes en akademici gesels, maar deel nie heeltemal hul euforie nie

*Fidel Castro besoek sy barbier elke week. Die barbier vra hom: "Fidel, wat dink jy regtig van glasnost?" Fidel antwoord nie. Die barbier vra dieselfde vraag die volgende week, en die week daarna, en Fidel ignoreer hom elke keer. Die vierde keer toe die barbier Fidel vra wat hy van glasnost dink, vererg Fidel hom en vra: "Hoekom vra jy elke week dieselfde vraag?" En die barbier antwoord: "Want dit laat jou hare in jou nek rys, en dan is dit makliker om dit te sny."*

- Populêre storie onder Kubaanse andersdenkendes

SOMMIGE Kubane noem hom steeds El Caballo (Die Hings). Maar daar is 'n nuwe naam vir Fidel Castro wat al hoe meer in die strate van Havana gehoor word: Un Loco (Die Mal Man). Maar dit word net gefluister.

Dit is dié 64-jarige bebaarde diktator wat man-alleen keer dat die wêreldwye tendensie van demokratisering en hervorming ook die strategiese en omstrede Wes-Indiese eiland oorspoel.

Fidel Castro Ruz is nie sommer net nog 'n Suid-Amerikaanse diktator nie. Om die waarheid te sê, hy is nogal 'n unieke figuur in die moderne wêreldgeskiedenis.

Op 5 Desember 1955 het hy en 82 guerrillas op die seiljag Granma uit Mexiko in Kuba aangekom om 'n oorlog teen die regime van Fulgencio Batista te begin voer. Op Nuwejaarsdag van 1959 het Batista land-uit gevlug, en 'n maand later het Castro die bewind oorgeneem.

In die 32 jaar van sy bewind het Castro daarin geslaag om die grootste doring in die vlees van opeenvolgende Amerikaanse administrasies te wees. Hy het ook daarin geslaag om verskeie aanslae op sy lewe - meestal Amerikaans-geïnspireer - sowel as 'n CIA-geleide aanval op die eiland in 1961, die Bay of Pigs-fiasko, te oorleef. Hy had 'n noue vriendskap met elke Sowjet-regime en was jare lank die model vir - en bondgenoot van - verskeie revolusies wêreldwyd. Een van sy militêre oorwinnings was juis dié oor die Suid-Afrikaanse magte by Cuito Cuanavale in Angola - Castro self noem dit Afrika se eie Bay of Pigs - in 1988 wat wye reperkussies vir die subkontinent gehad het.

(Die Amerikaanse belangekantoor in Kuba is in dieselfde gebou waar die ambassade met sy meer as 300 diplomate eens was, die dae toe die Amerikaanse ambassadeur nog die belangrikste man op die eiland was. Maar deesdae is daar glo 'n reusagtige plakkaat reg langs die gebou met 'n bebaarde revolusionêr wat sê: Senores Imperialistas, we're not scared of you.)

Binnelands het Castro die eiland gou in 'n streng sosialistiese staat omvorm en met 'n ysterhand regeer. Hy was en is die Almagtige: alleenheerser, alleen-filosoof, opperbevelhebber van die gewapende magte, Vader van die Volk. Teenstanders is in die tronk gestop of tereggestel; sy party is al drie keer "skoongemaak" van afvalliges en ambisieuses.

Byna 'n miljoen Kubane het intussen land-uit gevlug, meestal na die VSA, en dan meestal na Miami. (Daar is maar 10,5 miljoen mense in Kuba.)

Maar selfs sy vyande moet toegee dat sy prestasies op 'n ander vlak buitengewoon was. Hy het Kuba van 'n agterlike stukkie Amerika in 'n trotse nasie verander.

Castro se Kuba het vandag een van die hoogste geletterdheidsyfers ter wêreld, 98 persent. (Suid-Afrika



s'n is in die omgewing van 60 persent.) Die lewensverwagting by geboorte is 73 jaar, vergeleke met Suid-Afrika s'n van 70 jaar vir witmense en 59 jaar vir swartmense.

Daar is 'n moderne snelweg wat die hele eiland bedien en goeie paaie in die afgeleë gebiede. Die huise is nie oral ewe goed nie, maar daar is geen dakloses in Kuba nie. Die openbare gesondheidsdiens is waarskynlik die beste ter wêreld met honderde klinieke landwyd en hoogs gesofistikeerde akademiese hospitale waar gereeld hart- en orgaanoorplantings gedoen word. Daar is uitstekende sosiale sekuriteit en omtrent geen misdaad nie.

Dit is waarskynlik omdat geen Kubaan werklik swaar of honger gekry het nie dat die Castro-diktatuur selfs vandag nog so sterk staan.

Maar dié prentjie het wel in die laaste jaar of wat verander. Juis verlede week het die byna ondenkbare gebeur: sigare is ook as rantsoen-kommoditeit verklaar, saam met petrol, gas, kos, klere en rum. Oral in Kuba is daar nou lang toue mense by byna elke winkel.

Dié situasie kan vinnig versleg wanneer die gesubsidieerde handel met die Sowjetunie tot 'n einde kom. Kuba gebruik byvoorbeeld jaarliks sowat 10 miljoen ton goedkoop Sowjet-olie.

Maar selfs die verswakkende ekonomie het nie 'n sterk oplewing in binnelandse verset meegebring nie. Amerika se totale paranoia jeens Kuba en die jare lange oordrewe propaganda-oorlog teen die Castro-bewind het aan Castro en sy mense 'n gemeenskaplike vyand gegee, en in die naam van oorlewing en nasietrots is baie Kubane steeds bereid om op te offer.

Maar wat volgens alle getuienis wel sterk aan die groei is, is 'n gevoel dat Kubane meer vryheid van spraak en politieke organisering behoort te hê en dat daar groter inspraak van die publiek se kant moet wees in die regering van die land.

Castro het gesorg dat hy neutraal bly tydens die vier dae wat die mislukte staatsgreep geduur het, en het intussen ook die onafhanklikheid van die Baltiese state erken. Maar van glasnost en perestroika wil hy niks weet nie. Hy het onlangs aan 'n joernalis gesê: "Vir ons om perestroika te aanvaar, sal wees soos om in ons huis saam met 'n ander man se vrou te bly."

Pleks van perestroika het Castro die slagkreet begin "Wees soos Ché!" - 'n verwysing na Ché Guevara, die Argentynse dokter wat hom met die oorlog teen Batista gehelp het en sy boesemvriend geword het totdat hy in 1967 in Bolivia doodgeskiet is. In dié slagkreet lê opgesluit 'n oproep om harder te werk, op te offer vir die Moederland en om kollektief eerder as individualisties te dink en op te tree.

Van die meer sober Kubaanse intellektuele en ander Kuba-kenners met wie ek gesels het, stem saam dat Castro se vyande nie te gou bly moet word nie. "Die enigste seker manier waarop Kuba binnekort gaan verander, is as Castro sterf," het een bitter gesê.

Die probleem is dat daar nie 'n Mikhail Gorbatsjof-figuur in Kuba is wat die sluise van glasnost en perestroika sal oopmaak nie; en ook nie 'n Lech Walesa wat die opstand van onder kan lei nie. Castro se tweede-in-bevel is sy broer Raul, wat 'n minder charismatiese kloon is van Fidel.

Boonop is daar, ten spyte van swaarkry en 'n gebrek aan vryheid, ná 32 jaar 'n soort nasionale emosionele afhanklikheid van Papa Fidel wat enige opstand moeilik moontlik maak.

En natuurlik staan Castro aan die hoof van seker een van die mees gemilitariseerde regimes ter wêreld vandag, met sterk lojaliteite, so lyk dit, van sy gewapende magte.

Daar is juis die laaste jaar, sê die Kubaanse bannelinge aan my, 'n nuwe verskynsel in Kuba: die sogenaamde "rapid-reaction brigades", georganiseerde groepe wat in burgerdrag en in die naam van patriotisme toeslaan op enige individu of groep wat lyk of hulle nie van Castro hou nie.

Dit het my 'n tydjie gekos, maar laat-aand het selfs die gehardste Castro-teenstander my toegegee dat hulle wel één vrees het vir die dag dat Kuba van Castro ontslae raak: dat Kuba 'n gekommersialiseerde stukkie Amerika sal word en sy nasionale identiteit sal prysgee.

Maar tensy Castro binnekort sterf of die land se ekonomie dramaties ineenstort, lyk dié dag nog ver in die toekoms.

## hoe dommer die vrae, hoe groter die pryse

SPELETJIEPROGRAMME vir TV kan op 'n paar maniere aangepak word. Die basiese bestanddele bly egter 'n kombinasie van vrae, 'n foefie wat dié besondere speletjie onderskei van die res, en pryse. Die speletjieskepper het dus 'n keuse: of hy maak slim en interessante vrae hoofsaak, met die foefie en pryse as lokmiddel en uiteindelike beloning (soos *Gee Whiz*, Vrydae se wetenskapvasvra vir hoërskoolkinders), of hy konsentreer op enorme pryse, gebruik vrae net om die pryse darem nie weg te gee nie en die foefie as bloot iets om die opwinding in die ateljee tot breekpunt op te jaag.

Soms slaag 'n program net-net daarin om op die goue middeweg te bly, soos *Telly Fun Quiz*, wat asembenemende pryse af en toe kombineer met 'n intelligente vraag of twee en boonop 'n foefie ontwikkel het wat 'n goeie skoot van die noodlot het. Jy kan daarom 'n skool se onderhoof wees, die vrae met militêre presisie korrek antwoord en jou steeds vasloop teen 'n "booby trap" op elke tweede TV, terwyl die wynmaker met meer sjarme as algemene kennis telkens daarin slaag om toevallig die regte antwoord te raai en uiteindelik wegloop met 'n kaboedel pryse wat selfs die mees groothartige deelnemer hom beny.

Wat *Telly Fun Quiz* se Afrikaanse eweknie kon gewees het, *Legkaartbonansa*, het egter met sy volharding om die mees idiotiese vrae te vra vir hom die plek verower as seker die domste speletjieprogram nóg op TV.

Wat voorts opvallend is, is dat die vervaardigers van *Telly Fun Quiz* klaarblyklik moeite doen om sulke mooi, natuurlike genooide aanbieders moontlik te kry. Elke meisie wat Martin Baillie tot dusver bygestaan het in 'n bestek van drie (of is dit al vier?) seisoene het gelyk of sy darem al voorheen blootstelling aan TV gehad het of 'n gasvrou was. Die meisies van Legkaartbonansa, daarenteen, doen hulle bes, maar hulle lyk na net dít: onervare meisietjies wat hulle bes doen. En geen oordrewe joligheid van Les Franken gaan hulle natuurliker laat lyk nie.

Wat die vrae van Legkaartbonansa betref, is dit net ongelooflik tot watter laagtes die program-opstellers kan daal. Die een aand - glo dit of nie - het die legkaart 'n kameelperd gewys en was een van die vrae - nee... ja! - watter dier is dit? (Die ergste is: soms voldoen die deelnemers aan die verwagting... en antwoord hulle verkeerd.)


Die ander Afrikaanse speletjieprogram is Johan Stemmet se Noot vir noot. Hoewel Stemmet by tye oorkom as darem net te goed om waar te wees, was die program nogal 'n verrassing met 'n paar vermaaklike kopkrap-vrae oor Afrikaanse musiek en lekker, intelligente foefies. Die een was om een deelnemer vyf liedjies te laat uitken aan net 'n paar eerste note terwyl 'n elektroniese band van R20 000 agteruit begin tel. Hoe langer die deelnemer oor die titels tob, hoe meer geld verloor hy. Verlede Vrydag se deelnemer het uiteindelik R8 000 gewen en met een ekstra probeerslag al vyf liedjies reg geraai.

#### GASTE MAAK DIE PROGRAM

'n Program waarvan die vermaaklikheid wissel na gelang van watter gaste daaraan deelneem, is TV1 se Saterdagaandse vermaakprogram *The Cyril Green Show*.

'n Skitterende bydrae so twee, drie weke gelede was dié van die kabaretster Gaby Lomberg en die komediant Casper de Vries. As De Vries sóveel lewe kan gee aan 'n andersins middelmatige, voorspelbare program, dink net hoe goed kan hy wees as die gasheer van byvoorbeeld 'n weeklikse "stand up"-komedianteprogram in die trant van *The Pee Wee Herman Show* (wat ons binnekort op M-Net sal sien) of Eddie Murphy se *Mr Robinson's Neighbourhood*. In Amerika is 'n kinderprogram wat nou al jare aan die gang is met die titel *Mr Roger's Neighbourhood*, waarin 'n ou omie in 'n wit oopknooptruitjie kindertjies op al die mooi dingetjies van ons voorstedelike lewe wys. Murphy se ongelooflik snaakse *Mr Robinson* is 'n parodie op *Mr Rogers* en sy wêreld is "suburbia gone seriously wrong"...

Nog 'n bydrae van uitmuntende gehalte op *The Cyril Green Show* was Alida White se weergawe van Bette Midler se *The Rose* so twee weke. Dit het behoorlik 'n mens se hare laat rys.



Athol Fugard is in *Gandhi*, Maandag op M-Net, te sien


#### WHOOPI SE MISS FONTAINE

Terug by komediante: een van Amerika se bestes was verlede week op M-Net in aksie. Whoopi Goldberg is hier die beste bekend vir haar mal fliekkomedies soos *Jumpin' Jack Flash* en *Burglar*, en meer onlangs die treffer *Ghost*. *The Color Purple*, waarin sy haar rolprentdebuut gemaak het en waarvoor sy vir 'n Oscar benoem is, is by ons verbied.

In Amerika is sy egter meer bekend vir haar werk as 'n stand up-komediant en is sy vir haar eenvrou-vertoning op Broadway met 'n Grammy bekroon vir die beste komedie-album.

Die Fontaine in die program-titel *Fontaine ... Why am I straight?* is 'n vrouekarakter wat Whoopi geskep het en wat die program aanbied "van iewers uit Alaska". Fontaine is pas uit die Betty Ford-kliniek in Kalifornië ontslaan. Haar houvas op die werklikheid is nie altyd te seker nie. Nogtans deel sy haar persoonlike menings oor dwelms, seks, politiek en die lewe vry met enigeen wat wil luister.

Whoopi se doen en late is vir ons interessant omdat sy binnekort hier aanland om 'n rol te speel in die rolprentweergawe van Mbongeni Ngema se *Sarafina*.



Barbara Hershey soos sy in die off-beat prent *Aunt Julia and the Scriptwriter* verskyn. Sy is vanaand op M-Net in *The Natural* te sien

### HOOGTEPUNTE

**VANDAG:**

- SOS TITANIC. Die ontwerper en bouers van dié skip was vas oortuig daarvan dat die indrukwekkende vaartuig die eerste werklik onsinkbare skip was. Hulle was verkeerd. 'n Duitse prent oor die reis van New York. Om 9.05nm op TV1.
- HUEY LEWIS AND THE NEWS om 11.21nm op TV4.
- THE NATURAL om 7nm op M-Net. 'n Interessante prent oor 'n bofbalspeler wie se loopbaan in gevaar gestel word wanneer hy 'n geheimsinnige vrou ontmoet. Met ROBERT REDFORD, GLENN CLOSE, ROBERT DUVALL, BARBARA HERSHEY. Regie deur Barry Levinson.

**MÔRE:**

- LA LAW om 8.35nm op TV1, vir baie mense ongetwyfeld die hoogtepunt van die week.
- SWING SHIFT. GOLDIE HAWN, CHRISTINE LAHTI, KURT RUSSELL en ED HARRIS in 'n prent oor die werklike begin van die feministiese beweging. Ná die Japanse aanval op Pearl Harbour moes derduisende vroue in hul mans se fabrieke gaan werk. Onafhanklikheid en 'n mate van ekonomiese vryheid is die uiteinde. Om 9.30nm op TV1.
- COMEDY FESTIVAL: THE PEE-WEE HERMAN SHOW om 10.30nm op M-Net.

**SONDAG:**

- COSI FAN TUTTE. 'n Heruitsending van Billy Kennedy se produksie van Mozart se opera. Dié vernuwende regisseur laat die opera in die Kaap in 1800 speel. Mozart se Italiaanse vroue word die dogters van Nederlandse boere en die mans is twee Britse soldate verbonde aan die Kasteel is. Met LAURENCE FOLLEY, ANDREA KATZEL, MARYLIN BENNETT CARINA CRONJÉ. Om 9nm op TV1.

**MAANDAG:**

- GANDHI om 7.nm op M-Net. Ben Kingsley speel die hoofrol in Richard Attenborough se epiese uitbeelding van Gandhi se lewe. Ook met MARIUS WEYERS en ATHOL FUGARD.

**DINSDAG:**

- AMERICAN CHRONICLES om 10nm op TV1 kyk na hoërskoolsokker in Chicago en roei in Boston.
- THE WRONG BOX om 11.20nm op TV4. 'n Prent wat in die Victoriaanse tydperk speel met JOHN MILLS, MICHAEL CAINE en RALPH RICHARDSON.

**WOENSDAG:**

- 1922 om 7nm op TV1. Steeds goed die tweede keer.
- 'N ANDERSTE LEWE met MARCELLO MASTROIANNI. Hy speel 'n Italiaanse akteur wat probeer om in Parys 'n loopbaan op te bou. Hy gebruik die Italiaansheid as verskoning vir die probleme in sy beroepslewe, maar almal weet tog Marcello is 'n loser. Om 10.30nm op TV1.

**DONDERDAG:**

- NJR SPECIAL om 8.35nm op TV1. In Evening Shade se plek (dankie tog dis verby), 'n musiekprogram met BART SIMPSON, HOLLY JOHNSON en ROD STEWART.



Janice Honeyman ... "Theatre has to tell a human story." (Photo: Rodger Bosch)

# weaving the web of a new culture

Director, writer and actress *Janice Honeyman's* acclaimed productions range from great classics to outrageous comedies and plays that portray a deep social concern. She speaks to **LAETITIA POPLE** about winning awards, living in South Africa and bubbles

*Your work has received a considerable amount of acclaim. This year you received the AA Life Vita award as best director for the second time. Does winning a prize still excite you?*

The times that I have won Vita awards, the plays have been emotionally extremely important to me. All shows that I do are sort of special - but *Hard Times* especially, because it was a huge project and I cared so much for the book and because I thought it said important things in not an obvious way. And *Shadowlands*, because my beliefs were very strongly expressed in that play. When one works in meticulous detail and with great commitment its nice that people acknowledge it. I don't ever work for awards and I think it's a matter of personal taste anyway.

**How would you describe the role of a director?**

Sending people in a direction. Steering them, very often the mother. It is very important that they create the atmosphere and create the working method in a rehearsal room. For me it's very important to keep a constructive and forward-going feel in the rehearsal room. The director determines the whole approach to the work, not the final product only, although the director decides on the concept and what the final product is going to be. How that is achieved is worked in with the actors. I am not a director to be dictatorial or to deny the contribution of actors. I think actors' heads are as good as mine and they have a very keen theatrical sense - but it is my job to shape that, to orchestrate it. I think that a director and a conductor have very much the same role - which is interpretation and the shaping. Emotional shaping as well.

**As an actress you portrayed such a wide variety of roles - from Dynamite Dolly to Gertrude Stein. Is there any role you don't feel up to ?**

I certainly wouldn't want to play Juliet. I have to care for the role that I am playing. I have to understand the person. I must say I am getting to a stage... something like Gertrude Stein was fascinating for me to do. I need to care for the play, not just the part. It's going to be an extension of me. I have also learnt to know about myself that I am probably a better comic actress than a serious actress. I used to dream of playing parts like Mother Courage. I think that now I am not right for them I must accept what I am. Be honest with myself.

**Last year you were invited to direct for the Royal Shakespeare Company. Was that a thrill?**

I worked with them twice now, a definite thrill. An acknowledgement that I valued. It's one thing getting work in a small place where there are a few directors - but for them to actually phone me from London. I felt hell of a privileged. The reason why it's exciting over there - it is a challenge to know there are a hell of a lot of people there much better than you. You've got to aim high and make sure that your standards are equal to theirs. Both plays - *Have* by Julius Hay and Fugard's *Hello and Goodbye* - were huge challenges.

**What was the audiences' reaction like? Was there any feedback?**

Fugard is so immediate, so alive. There is something which I call the Fugard style that I hate, an acting style. Where the actors get a monologue feel, where they are slightly reverent. Athol is one of the most lively playwrights and has his own way of irreverent questioning, Athol does not pay

*'If theatre had the answers, we would be running the country.'*

*'I won't ever leave - South Africa is a resource centre for me.'*

lip service to things. That is the quality one has to find in his plays. Audiences in England, who are very used to quite technical performances, responded favourably to the immediate, raw dynamic kind of play Anthony [Sher] and Estelle [Kohler] did. I can't stand it when actors go middle distance and start poetizing.

**Would you say Fugard is your favourite playwright?**
You know, whatever play I am doing at the moment becomes my favourite and the playwright my favourite playwright. For instance, when I was doing *Shadowlands* I really explored what that writer was trying to say because it occupied my interests so strongly I became captivated. Fugard is certainly the best South African playwright and is acknowledged throughout the world as world class. And it is great for the world to see that. One year he was the most performed writer in America. He fills my life while I am doing him - but so does every other playwright.

**You have resurrected and re-created the pantomime tradition, you're adept in children's theatre - in fact all forms of theatre and musicals - and this year you directed your first opera, *Cosi fan tutte*. Which genre do you see as your forte?**
Well because opera is so new to me, its chokingly exciting. One of the things that I will always try to do with opera and which I think is required of opera is to make it immediate and meaningful to people. It's a drama, it's a story and added to that is the music. By that I don't mean the music is secondary - you certainly cannot say that Mozart's music is secondary to *Cosi fan tutte*! It's just such a complete and rounded form. Listen, I might well struggle with one of those really grand operas where it's artificial and over-extravagant. What I try to get into operas is a real life feel to it. *Cosi* felt like doing a Shakespeare comedy, it's a comedy of manners to a certain extent, but there are real people underneath it - and then you have the added joy of the music. I think we need a concerted effort by anyone interested in opera to find a South African expression of it. Now is the time when everyone is criticizing the Eurocentric kind of focus, opera would die if we don't find an African way of expressing it. Certainly the stories are all there and the music is all there. It must be put together in that form. I love doing Shakespeare. I like human relationship plays. It has to be a human story. I am not interested in doing political tirades. I believe the political starts with the personal, which is an old cliché - everyone said it before, but it's true. People's personal beliefs and commitments determine what they believe politically and otherwise. To go back to the minds and the emotions of people is my main interest. That is why I do plays like *Shadowlands* and *Driving Miss Daisy*. *Miss Daisy* had its own political content - but it is essentially about a relationship between two people.

**Do you think protest theatre has had its day?**
No, I think there is room for an enormous spectrum of theatre. Theatre comes out of the need to express things. I have a need to express and show people human relationships. Certain writers and directors have a need to show the political situation in maybe a stronger way than I do. An



overwhelming wave of political protest theatre can be narrowing for an audience - rather than broaden visions. It's all a question of balance. If you can see a political play, a human drama, if you can see a Shakespeare, you have ways of comparing things. You can see the value of protest theatre for what it is. I certainly will never deny anyone the need to express that political protest.

**Are you busy with something of your own at the moment?**
Am I or ain't I... I have a play that I want to put down on paper but I don't seem to have the time. I hope to set aside some time in October to write it. A human story.

**Were do you get your ideas from? Did *Double Thick Dreams* come to you in a dream....**
Were do they come from... I have what I call my bubbles. When I am not that animated with the world, I go in my bubble. I go floating off and that's where it happens. Someone once described me as mentally promiscuous, not in the dirty way, but that I have a mind which is happiest when it's shooting off into corners and creating secretly almost. I find solace in escaping into those places. Since I was a child I have always had an area where I go into. That is where I get my creative thoughts and my indulgences.

**What do you do when you are not busy with theatre? When you're alone?**
This is not often. I read, I listen to music, I have animals... I have a very successful (touch wood) relationship. I need a very happy personal life, which I have. I go boating, chucking around the Vaal dam. I love travelling, I indulge in reading travel books and imagining that I am there. I like to actually get there as well. That's mainly what I do. Sit and look at the dam.

**In your plays you address various issues - feminism in *Mame*, wife battering in *This is for keeps*, gay issues in *Torch Song Trilogy* and the search for cultural identity in *Margaret Harding*. What is left to say? What is really pressing you now?**
Aah, many things... people's handicaps, mental, physical. I think handicapped people are a section of the community largely ignored in this country. You've got a few people working hard for them, but there is not an overall consciousness of their predicament. There are subjects like incest which I find taboo, and closet subjects that need to be talked about. Obviously Aids must be spoken about as often as possible. I almost think it was before its time in this country because we were so unaware. And now more stuff has to be done. Uggh... there's children's theatre, musicals. There are many, many South African stories still to tell. The waterhole is not drying up.

**Do you have life ambitions?**
Do I have life ambitions... I don't have ambitions like: that is my goal, that's what I am going to do next... My ambition is to continually find new stuff to say, to continue in the theatre and keep on expressing stuff. I need to do it here because this is my home, there is that whole area where our cultures are so different. The moving closer of the cultures, the weaving of a new South African culture from everything that we have here. It's extremely rich and colourful. My ambition is to find a way of understanding as many of the cultures as possible. To keep abreast of the times by working in that way. My ambition is just to continue to express in every form possible. I do feel that I like jumping around from one genre to another. I hope I can always do that.

**You were speaking of the theatre... of making people aware, the coming together of the cultures... is that the role of theatre?**
That is one of the strong roles. It is certainly the future role. I don't think it has necessarily been that up to now. I do think that if we work together in a way that really explores where we come from... but also our differences. I am not saying it's this huge melting pot where everyone loses identity - that's not the point. The point is to use the different identities, so that it becomes richer, not diluted. I think that is a very strong function. It is also to show people life... a mirror. Theatre must be identifiable for people. It must be about emotions, it must deal with the human predicament. There must be conflict, problems need to be sorted out through theatre, but it can be done in a very entertaining way. The function is to confront those problems and to open them up. I don't say that the theatre has to have answers. We would be running countries if we had answers. To look around, to question, to look ahead and anticipate problems... to enrich people's lives and the imagination. That is really our function.

**In a previous interview you said that when living in South Africa one becomes desensitised. Do you still feel that way - or even more so with the present violence?**
It's a difficult thing because the theatre is a haven where you can express all the questions and hurt. But at the same time, while having that outlet, you do sometimes salve your consciousness in a way and you can't live looking at that violence close up. I need to pull back, to gain perspective. It must not become less important to you, though. To live absolutely in the raw... you need to put up defences. My defence is to bury myself in the theatre, to make the theatre the real life for me. I don't always succeed in that, I don't always express the broad majority of people's problems. Real life and human issues remain important to me throughout the broader issues in this country. I go into those, rather than to stay raw and vulnerable to the horror that this country is. It's a terrible place. But I won't ever leave - South Africa is a resource centre for me.

# Eloquent triumph of the simple

**THEATRE: MUCH ADO ABOUT NOTHING**
**With Michael Richard, Mitzi Booysen, Jessica Gilbert, David Clatworthy, Gustav Geldenhuys, Dale Cutts, Kevin Smith, Nomsa Nene, Noria Mabuela, Tjaart Potgieter**
**Director: Dieter Reible**
**In the Alexander Theatre, Braamfontein**

**IGOR STRUCTOV**

IT'S pouring Shakespeare in Jo'burg right now. First there was Franco Zeffirelli's Hamlet, which made Mel Gibson's Dane all action-man antics and no antic disposition. And, today Kenneth Branagh takes to local screens in Henry V to show Zeffirelli and Gibbo how it should be done.

But, in between, is Dieter Reible's staging of Much Ado About Nothing, which ingeniously both reflects and inverts the title. This is a production stark in trappings but rich in content, and crammed with inventive directorial touches and striking performances.

Reible brilliantly utilises the Alex's backstage, locating the action in and around the prompt area, with the audience seated in opposite prompt. His Messina is a place heavy with the possibility of deception (the theatre's sooty back walls helping not a little in this).

In harmony with this is the Mafioso menace with which Reible infuses some of the characters. David Clatworthy's Don Pedro is all cigars, black leather jacket and Saturday night special revolver; his scheming brother Don John (Tjaart Potgieter) is all a-black in long coat and hat.

But there is much light amid the apparently Stygian gloom. Reible's handling of the war of the sexes (Benedick and Beatrice; Hero and Claudio) and its concomitant comic and more serious resonances illuminates while amusing.

Michael Richard and Mitzi Booysen make a beautifully battling Benedick and Beatrice while Jessica Gilbert and Gustav Geldenhuys impress as Hero and Claudio.

David Clatworthy is a model in delivering Shakespeare's lines and is no less discerning in responding to the nuances of his character. He doubles competently as Verges - a result due more to the weaknesses of the character than his performance. The same applies for Dale Cutts, who makes a very fine Leonato and a suitable Dogberry.

Noria Mabuela (Ursula) and Nomsa Nene (Margaret) complement well their mistresses, Beatrice and Hero. Nene makes Margaret's hasty escape a memorable moment.

Kevin Smith's skollie-like Boraccio - slicked back hair, cigarette dangling arrogantly from the corner of his mouth, is a typical Smith creation: seemingly too easy, yet no less notable for that. Noteworthy, too, is Tjaart Potgieter's Don John, oozing sleaze and underhandedness.

The players and the play are beautifully orchestrated by Reible, who demonstrates that a concentracion on essentials - text, directing and acting - can yield remarkable results where monstrous budgets rush in to little effect.



# SKOOLPRAATJIES

## Van Londen na die poskantoor

*deur* LOU-MARIE KNUTSON

SEDERT 1983 skryf ek elke jaar my beste standerd nege en tien leerlinge in vir die Wetenskap Olimpiade. Dit behels 'n drie uur lange eksamen en toets die kandidate se wetenskaplike denke en vermoëns. Dieselfde eksamen word deur alle kandidate - ongeag ras of departementele verbintenis - op 'n vooraf vasgestelde datum geskryf.

In 1984 is almal by ons skool, veral ek, grootliks verras. Ek het dié jaar sowat tien leerlinge ingeskryf en moet erken dat ek gou ná die Olimpiade heeltemal daarvan vergeet het. Ek het ook vergeet dat die 26 beste kandidate in dié landwye wedstryd na Londen sou gaan om 'n wêreldwye wetenskapkongres by te woon.

Omtrent drie maande ná die Olimpiade ontbied die skoolhoof my na sy kantoor. Met die intrapslag weet ek hy het goeie nuus. Een van ons leerlinge, Moses Kgware, het só goed gevaar in die Olimpiade dat hy vir homself 'n plek losgeslaan het Londen toe.

Ek sal nooit die opgewondenheid in die klas vergeet toe ek hulle die nuus vertel nie. Ons het almal uit ons velle gebars en Moses was stomgeslaan. Niemand kon dit glo nie - veral nie die seun uit die modderhuis nie. Moses is sy ma se oudste kind en gebore toe sy net 15 jaar oud was. Hy ken nie sy pa nie. Sy ma is later met 'n ander man getroud en Moses moes uit. Hy het by sy oupa grootgeword - in 'n klein huisie van modder gemaak, sonder krag of riolering. Die feite maak sy prestasie soveel groter.

Ná die eerste opgewondenheid moes ons aan die werk spring om Moses "reg" te kry vir Londen. Hy moes sy eie sakgeld hê, nuwe klere en nog R500 vir die kongres. Dit was asof ons hele skool en gemeenskap vlamgevat het. Een van ons seuns se droom het waar geword. Sy ma het haar spaargeld getrek wat sy vir 'n nuwe huis opsy gesit het. Sy tante het 'n nuwe stel tasse gekoop. Onderwysers en leerlinge het almal geld bygedra vir "padkos". En ek het borge gesoek.

Vroeg in die Junie-vakansie, 'n week voor Moses moes vertrek, is ek Johannesburg toe om finale reëlings met borge te tref. My man sou Moses op die trein na Johannesburg besorg.

Die aand voor sy vertrek het hy in ons huis geslaap. Dit was die eerste maal dat hy 'n bad gebruik het - en die volgende dag het sy oorsese reis begin. 'n Reis oorsee vir 'n kind wat nog nooit verder as Bloemfontein was nie.

Ek het hom op Johannesburg-stasie ingewag. 'n Opgewonde, effens bang seun en ek is van die stasie na 'n kleremaatskapy wat ingewillig het om hom uit te rus. 'n Paar uur later is ons met sakke klere uit die winkel. Dis toe dat Moses skaam bely dat hy nog nooit so baie nuwe klere gesien het nie en dat hy dit nie eintlik nodig het nie.

Die volgende dag het ek hom by Wits afgelaai, waar hy 'n wetenskapweek sou bywoon en vir sy oorsese reis geöriënteer word. Ek is terug Thaba'Nchu toe, en die wag het begin.

Twee weke later kry ek 'n poskaart: My dearest Ma'am. I am not as stupid as you might think, Ma'am. I can see everything you have done for me. Everything was smooth, and I mean it Ma'am. See you at Jan Smuts, my dearest Ma'am. Greeting to your students and among others Mr Knutson. Yours, Moses.

Vier weke later was Moses terug op Thaba'Nchu, met baie om te vertel. Sy klasmaats het blinkoog geluister en ervarings probeer deel. Alles was vir hulle onwerklik.

Nou wonder die leser seker wat vandag - sewe jaar later - van Moses Kgware geword het. Hoe graag sou ek nie wou vertel dat hy 'n suksesvolle loopbaan in die wetenskappe beoefen nie. Dit was my droom vir hom - en miskien ook sy eie. Die lewe het vir hom anders verloop. Moses werk vandag in die poskantoor op ons dorp. 'n Werk wat hy goed doen en miskien is dit genoeg.

Ek vra myself egter dikwels die vraag af: Wat sou van hom geword het as hy in 'n bevoorregte omgewing skoolgegaan en in 'n welgestelde huis grootgeword het? Sou beter geleenthede hom nie miskien in staat gestel het om die potensiaal wat hy reeds bewys het, ten volle uit te leef nie?

(Lou-Marie Knutson is 'n wetenskap-onderwyser in Thaba'Nchu.)

# LANSE & DRAKE

*'n gebreek en 'n gesteek, deur Tim en Matt Sandham*

## Liaisons dangereuses

SONDAGAAND het ek wakker gebly om dominee Murray Janson se program oor buite-huwelikse verhoudings te kyk. Ds Janson bedien elke week in *Huisgenoot* raad aan die verlore siele en gebroke harte wat ons land bewandel. Ek het gedink met die bediening sowel as *Huisgenoot* as leefwêreld sou die program iets verrykends oplewer, maar dit was nie so nie. Ek het geen nuwe truuks geleer nie. Ek het te laat besef dat dit nie 'n *Topsport*-uitsending was nie.

Mens sou dink 'n dominee sal deur die jare baie wenke hê om oor te dra. Opgetel by lede van die kudde se foute en ook moontlik uit eie ervaring. Kom ons wees eerlik, 'n dominee is loshotnot ses dae van die week en daar is baie ooie in die kudde wat soms alleen kan raak terwyl manlief sy brood verdien in die sweet van sy aanskyn. Dit is moeilik om uit die versoeking te bly - kyk nou maar vir koning Dawid - en nog moeiliker om nie gevang te word nie - kyk nou maar vir Alan Boesak.

In die aanloop tot die program is melding gemaak van die "sogenaamde affair of skelm verhouding". As ek moet kies, sal ek eerder "h'n af-fêhr" aangaan as 'n "skellim" verhouding. Alhoewel daar geen verskil is nie, klink dit net soveel meer opwindend om 'n rendezvous op 'n chaise longue met paramour te hê hier teen die fin de siècle, as 'n jol met 'n skelm stukkie.

## PERDEWEDRENNE AS KULTUURELEMENT

Ek het die naweek vir 'n slag weer na die perdewedrenne gegaan. Ervarings- en vermaaklikheidsgewys is daar min wat Turffontein op 'n Saterdag kan klop. As jy gedink het Hillbrow is kosmopolities, maak gerus 'n draai by die perde: Argentynse joggies (Argentynse perde ook!), die volle spektrum van Suid-Afrika se 36 (of is dit 360?) etniese swart groepe, Indiërs, Lebanese, Chinese, Japannese, Afrikaners, Jode, Engelssprekende Suid-Afrikaners (die nasate van die volk wat perdewedrenne eens die Sport van Konings gemaak het) en alles tussen-in.

Damon Runyon het 'n hele reeks verhale geweef om die kleurryke karakters wat lewe vir die ponies. Hoe kan mens anders as om dié mense te bewonder? Dis dan hulle wat oorsprong gegee het aan unieke terme soos: "Trifecta", "Dupla", "Swinger", "Place Accumulator" en "Big Six".

'n Uitdrukking so hartverskeurend en eerlik soos: "Ek het alweer die Jackpot met een been gemis" en "My vrou het gesê ek moet nommer twee speel, maar nee ek weet mos beter."

'n Uitroep (aan 'n joggie wat 'n totale buiteperd gekry het om te wen) so spontaan en bitter soos: "Go home, Felix Coetzee, you've caused enough shit for one day!"

Hier kan jy nege maal per byeenkoms daardie naelkouende spanning van 'n Curriebeker-eindstryd beleef.

Voordat iemand my vertel dat beroepswedders 'n nuttelose en onverantwoordelike spul is, laat ek u 'n interessante feit meedeel. Naas Algemene Verkoopsbelasting en belasting op alkoholiese drank is perdewedrenne die grootste bron van belasting wat die staat invorder. As jy weer in die Staatsteater sit of op 'n nasionale pad ry, onthou 'n deel daarvan is deur 'n beroepswedder geskenk.

## DINGAAN THOBELA vs ANTONIO RETIEF?

Dit was 'n verwarrende naweek vir vredeliewende siele. Aan die een kant was die Staatspresident en party van die leiers besig om 'n vredesverdrag te teken en dit is allerweë as 'n groot deurbraak beskou. Aan die ander kant was van hulle volgelinge besig om met mening teen mekaar te veg en dit is allerweë as 'n jammerte beskryf. Aan die ander kant het Brian Mitchell en Dingaan Thobela onderskeidelik met 'n Amerikaner en 'n Portorikaan geveg en dit is allerweë as 'n groot dag in die geskiedenis beskryf. Aan die ander kant het die toeskouers by Nuweland mekaar gedonner en dit is ook allerweë as 'n jammerte beskryf.

'n Vriendin se huishulp het vandeesweek die volgende nota ter verduideliking gelaat: Madame! The situation was tense this morning. But all what I had seen on Tuesday morning I won't forget it in my life. Corpses were lying on top of the others, guns pointed at everybody who was a passer-by. At Tokoza we had to turn back to Katlehong. We are also not safe because you know I am travelling by train from Angus to my other job the same train they were shooting at.

Anyway, keep watching on TV, when you got time. Thanks, keep well both of you.

Sarah.

Is die gebruik van die woord "tense" nie wonderlike gebruik van understatement nie? Let op die ordentlikheid en goeie maniere. Nie - "voel jammer vir my" nie, maar "dink aan my".

Die deernis en koel realistiese benadering is iets wat heelparty van ons sensasiesoekende joernaliste ("ons skep nie die nuus nie, ons rapporteer dit net") gerus kan nadoen.

Let op die taalgebruik. Hoewel haar tydvorme gebrekkig is, is sy kort en bondig en maak sy geen spelfoute nie. Dit is veel meer as wat gesê kan word vir 'n groot gedeelte van die analfabetiese standerd vyfs - produkte van die bevoorregte wit onderwysstelsel - wat ek jaar ná jaar deur standerd ses moes druk.



# 'n Nuttige vertrekpunt - maar wat nou?

## Die rolprentmaker DANIE PIETERSE reageer op die verslag van die Taakgroep oor die Uitsaaiwese wat verlede week uitgereik is

"TO ensure that broadcasting in South Africa serves the public in such a way that the ideals of a democratic, non-racial, non-sexist and prosperous society are pursued and advanced."

Dis wat die Taakgroep oor die Uitsaaiwese aanbeveel as missie vir die voorgestelde onafhanklike statutêre liggaam, die Independent Broadcasting Authority (IBA), wat uiteindelik verantwoordelik moet wees vir die reglementering en administrasie van die uitsaaiwese.

"The airwaves are a limited national resource owned by the public, which should be used to the common good," lees mens onder die Basic Principles van die IBA.

Wat gaan hier aan? Dit is nie die benadering wat 'n mens verwag van 'n regeringsaangestelde kommissie wat verslag moet doen oor iets so strategies soos die uitsaaiwese nie.

Toe die Minister belas met die Uitsaai- en die Rolprentbedryf, Gene Louw, in Maart verlede jaar 'n duidelik eensydige kommissie van ondersoek na die uitsaaiwese aangestel het, was daar min twyfel in demokratiese kringe dat die regering 'n dirty tricks-veldtog beplan vir die misbruik van die uitsaaiwese gedurende die oorgangstydperk.

Terselfdertyd het die SAUK met alle mag begin om homself onder die vaandel van kommersialisering in sake-eenhede te herstruktureer, en die oogmerk het begin duidelik word: die regering beplan om die SAUK uit die hande van 'n toekomstige regering uit te privatiseer en die effektiewe beheer daarvan aan simpatieke kommersiële belange oor te dra.

Ontevredenheid en openbare druk oor die samestelling en werksaamhede van die Taakgroep het geleidelik toegeneem - en in 'n stadium selfs gelei tot 'n "opmars na die SAUK".

Einde verlede maand het die Taakgroep hulle verslag aan Louw oorhandig, met as eerste aanbeveling dat dit so gou moontlik openbaar gemaak moet word. Die minister het inderdaad nie op hom laat wag nie.

Die mees verrassende aspek van die verslag is die skynbare afwesigheid van verskuilde privatisasie-agendas - om die waarheid te sê, van enige verskuilde agendas. Kan dit wees dat common sense in die Taakgroep geseëvier het en dat nasionale belang prioriteit gekry het bo eng groepsbelange?


In die verslag is daar duidelike tekens van onopgeloste aangeleenthede en daar is punte wat drastiese hersiening nodig het, maar in sy geheel kan die dokument dien as 'n nuttige vertrekpunt vir besprekings oor die toekoms van die uitsaaiwese.

Die teleurstellendste aspek daarvan is dat geen aandag gegee word aan die verwantskap tussen die film- en die uitsaaibedryf nie. Die doelwit van die verslag is juis om die ongesonde fragmentasie wat tans in die bedryf bestaan teen te werk, maar gesamentlike strategieë tussen die rolprent- en uitsaaimedia word geheel en al oor die hoof gesien. Dis uiters vreemd, gesien in die lig daarvan dat in die meeste van die buitelandse uitsaaimodelle wat deur die Taakgroep bestudeer is, formele statutêre bande tussen die plaaslike uitsaaiers en die rolprentbedrywe bestaan.

M-Net se rol in die Taakgroep was skynbaar 'n baie ambivalente een: Ton Vosloo van Nasionale Pers gee in die verslag toe dat die uitsaaiwese openbare besit is en terselfdertyd stem hy klaarblyklik daarmee saam dat M-Net weier om statistieke oor plaaslike inhoud bekend te maak op grond daarvan dat dit vertroulik is. Dit het miskien tyd geword vir M-Net om te besluit waar hulle staan ten opsigte van openbare aanspreeklikheid.

'n Meer kommerwekkende nadraai van die Taakgroepverslag is die persverklaring wat Wynand Harmse, voorheen Direkteur-Generaal van die SAUK, nou Groep Uitvoerende Hoof, in reaksie uitgereik het. Hy beskryf die SAUK as die "biggest commercial broadcaster in Africa" en voer onder meer aan dat regulasie rakende plaaslike inhoud deur enige "broadcast structure or prescription" ondermynende effekte sal hê.

Sy standpunt plaas hom in direkte opposisie met Christo Viljoen, voorsitter van sowel die Taakgroep as die SAUK-Raad. In 'n debat oor die Taakgroepverslag vandeesweek op Radio 702, het Viljoen dit in antwoord op 'n vraag oor die verskil duidelik gemaak dat dit die Raad van die SAUK is wat beleid formuleer en nie uitvoerende amptenare nie.



Christo Viljoen

Dit plaas die bal nou in Harmse se baan: staan hy by sy persverklaring of val hy in by die rigting wat deur Viljoen as raadsvoorsitter vir die SAUK voorgestaan word? Dit is nodig dat dié kwessie dringend opgeklaar word, want die radikale verskille in benadering wat nou tussen die twee van hulle bestaan, kan die infrastruktuur van die SAUK verder skaad.

Die groot vraag oor die aanbevelings van die Taakgroep is: wat nou?

Dit is opvallend is dat daar in wese weinig verskille bestaan tussen die voorstelle van die Taakgroep en dié van die demokratiese sektor oor die toekoms van die uitsaaiwese.

Waar lê die probleem dan? Waarom word 'n nuwe stelsel nie geïmplimenteer nie? Die dilemma is een wat geleidelik al hoe meer sektore van die gemeenskap raak en al dringender vra om 'n oplossing: prosedure. Daar is tans geen algemeen aanvaarde regeringsmeganisme om die oorgangsfase effektief te bestuur nie. Intussen bly die apartheidsstrukture operasioneel en dis in niemand se belang nie.

Vir politici en lede van die bevrydingsbewings is dit nou die tyd om te dink oor prosedures. Daar is sektore soos uitsaai en die filmbedryf waarvoor operasionele beginsels gevind moet word selfs nog voor onderhandelings in alle erns begin.

Dis dalk net moontlik dat die soeke na oplossings vir die onmiddellike probleme lig kan werp op die hele proses van oorgang.

# Misery acquaints local filmmakers with strange bedfellows

IF the Task Force for Broadcasting ignored the film industry, at least the industry itself is attempting a measure of unity.

Shakespeare said it: "Misery acquaints a man with strange bedfellows."

The Film and Broadcasting Forum (FBF) has been formed by previously antagonistic film industry officials in the light of "the worsening crisis facing the local film broadcasting industries, together with a recognition of the need for a restructuring of these industries in a new South Africa."

The newly-formed FBF consist of: the Film & Allied Workers Organisation (FAWO), the Filmmakers Association (FMA, formerly the FFPA), the Performing Arts Workers Equity (PAWE), Personal Managers Association (PMA), the South African Film & Television Technicians Association (SAFTTA), the South African Film & Theatre Union (SAFTU), the South African Film & Video Institute (SAFVI) and the South African Scriptwriters Association (SASWA).

"It is the first time that such a body has been established where organisations from across the entire spectrum of the film and broadcasting industries can discuss related matters. The FBF, which has been meeting since early April 1991, will act as the co-ordinated voice for professionals in their respective fields by presenting a unified front to tackle the issues common to them," says organiser Kevin Harris.

The prime objective of the FBF is to create an environment in which its members can address strategic issues of common interest and to discuss such strategies with the State, political parties, cultural groups, broadcasters, distributors, exhibitors and others.

According to Harris the urgent matters which will be addressed are the establishment and development of a representative and indigenous South African film and broadcasting culture; the participation of industry professionals in all decision making processes related to the film and broadcasting industries; the improvement and promotion of the film and broadcasting industry's image; job creation, growth and stability for South African film professionals; redressing the political imbalance of the past to ensure equal access for all to film and broadcasting structures; the removal of government designation of "own" and general affairs" in relation to film and broadcasting; the professional standards in both commercial and cultural productions; the creation of real investment potential; the establishment and development of on-going international relationships on all industry related matters; the distribution, exhibition and broadcast dilemma of local product.


ANDREA VINASSA


*Verras u vriende met iets nuuts!*

L'ORMARINS
Pinot Gris 1989

*'n Wyn heel besonders in smaak – in 1985 die Kaap se eerste Pinot Gris uit die kelder van L'Ormarins.*

*'n Beperkte hoeveelheid nou te kry by gekeurde wynhandelaars. Verseker u kwota – bestel vandag nog!*



L'Ormarins

*Gevestig 1694 deur die Franse Hugenoot Jean Roi*

*Besoek L'Ormarins en kom proe sy wyn. Vir navrae, skakel (02211) 4-1026.*

LOR 126/13A

# kleinadvertensies

**Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Cathy by (011) 836-2151, faks (011) 838-5901, of skryf aan Kleinadvertensies, Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.**

## PERSOONLIK

Hoe begin mens 'n Frank Zappa fan club in Suid Afrika as jy bra sinies is oor goeters soos fan clubs? Bus 9588 JHB 2000.

## VERBLYF

Accomodation available in Blairgowrie from 1 Oct. 2 Rooms to let (one with full bathroom, one with shower). Pool and laundry, use of telephone, small dogs welcome. Full security and parking, terms negotiable. Contact 444-8222/444-5989.

One person 22 - 30 required to share lovely semi- with two others in Kensington. R450 including domestic and electricity. Tel: Candice (w) 442-8982 or (h) 614-1765. Occupation as soon as possible.

Huis te huur vanaf 1 November. Roosevelt Park - JHB. 2 Slaapkamers, TV kamer/kantoor, 1&1/2 badkamers, kombuis, sitkamer, ruim ingangsportaal, swembad, tuinwoonstel & onderdakparkering vir 3 motors. Stil woongebied naby skole, crèche, brandweer/ambulans, ontspanningsentrum & oefengholfbaan. R1 800 pm. Skakel (011) 782-0787.

Jong professionele persoon met worshond (kruis rot en vlermuis) soek dringend verblyf, verkieslik in kothuis naby Pretoria - om te huur of te deel. Skakel Ian (02211) 627104 (laat-aand)

## DIENSTE

If your HUMAN RIGHTS have been VIOLATED while under the treatment of a PSYCHIATRIST, call Citizens Commission on Human Rights NOW! Tel: 833-7271 or P.O. Box 710, Jhb, 2000. Established by the Church of Scientology in 1969.

ACCESS COLLEGE RANDBURG
Training people with disabilities. Courses available:
* Computer Courses
* Clerical
* Secretarial
* Typing
* Bookkeeping
* Accounting

Students elected NOW for courses starting 2 Sept 1991.
Tel: (011) 787-0275

TIK- EN VERTAALWERK
Bel Louise by (012) 46-6577

DIENSPLIG ADVIESDIENS
Vir gratis en onafhanklike advies of enige navrae oor diensplig, skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (w) Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (h) Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30nm) Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (h) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae vanaf 4:30nm tot 7:00nm

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkwinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

VISUAL ART COURSES
Learning to see. Eye training to look at shape, form, colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

## GEBEURE

IRENE VILLAGE MARK
Sat 14 September - vanaf 9 vm to 2 nm, by Smuts Huis Museum - Irene.
Kom geniet die rustige atmosfeer oor 'n lekker koppie tee, en snuffel rond tussen die kunswerke, klere, beeldhouwerk en organiese groente, of soek na daai iets spesiaal.
Navrae: Tel (011) 667-1659.

LAW AND ENVIRONMENT CONFERENCE
12-13 September - Sunnyside Park Hotel
Speakers include Sachs, Glavonic & Cowen. 7 contentious topics followed by panel discussions. Bookings: Rosali Pretorius 716-5543 (O) 678-9016 (H) or Clinton Shahim 716-5542 (O) 648-3214 (H)

## MARK

PHAMBILI BOOKS:
Huge selection of Academic Titles
22 Plein Street
Tel: (011) 29-4944
WANTED: Second-hand, Left Wing Books in good condition. Phambili is buying
Open:
Mon-Fri 9h00-17h30
Saturday 9h00-13h00
Sundays 13h00-17h00



**STET STET STET**

Voedsel vir Afrika?
Stet (6:4) het 'n (hele) rukkie gelede verskyn.
Stuur 'n tjek of posorder van R6 aan: Stet, Posbus 39400, Bramley 2081

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juwelierswsware van Nepal, Indië en Thailand te koop.
Winkel 68,
The Firs, Rosebank.
Tel: (011) 880-3566


**TARIEF:**
R15 VIR 25 WOORDE OF 'N GEDEELTE DAARVAN




Om by te bly met die **vinnig veranderende** tye is deesdae nogal moeilik. Om vóór te bly, het jy *Vrye Weekblad* nodig. Teen net 30,8 sent per dag. So: vul dié vorm nou in en stuur saam met 'n tjek of 'n posorder vir R110 *(vir 'n jaar, AVB en aflewering ingesluit)* of R50 *(vir ses maande, alles ingesluit)* aan:


**Vrye Weekblad Verspreiding, Posbus 177, Newtown 2113. Vandag nog.**

Naam.................................................................

Adres.................................................................

..................................................Poskode..............

*Vrye* **Weekblad**



Diagonaalstraat, 6 Oktober 1963 ... een van die foto's op David Goldblatt se tentoonstelling The West End Becoming.

# hier gaan alles verby

**F O T O G R A F I E: THE WEST END BECOMING**
deur David Goldblatt
In die Mark-Kunssaal, Johannesburg
Tot 4 Oktober

**JOHAN BRUWER**

DAVID GOLDBLATT se tentoonstelling the *West End Becoming* weerspieël in 64 swart en wit foto's die onophoudelike gedaanteverwisseling wat die eienaardige gebied net wes van Johannesburg se middestad deur drie dekades heen ondergaan het.

Dis die stuk stad waarin Diagonaalstraat se ou Indiërmark eers was, waar die Effektebeurs en daardie hoë skerp glasgebou nou staan; waar die ou Groentemark omgeskep is in die Markteaterkompleks; waar massas diere vroeër jare in polonie omgeskep is deur Piel's, waar alles steeds gedurig omgeskep word in iets anders, soos die ou Standard Bank wat Vrye Weekblad se kantoor geword het.

In dié stuk stad, waar John Vorsterplein naby die bouval van die ou Newtownkragstasie staan, word die metamorfose van die geskiedenis goed opgesom deur die gebou by Markstraat 15 waar, in Goldblatt se woorde, "at the courts of the Department of Native Affairs, called later the Department of Bantu Administration and Development, then the Department of Cooperation and Development, then the Department of Plural Relations and Development, then again the Department of Cooperation and Development, hundreds of thousands of the city's black people were tried and sentenced for contraventions of the Pass Laws". Nou is die Departement van Binnelandse Sake daar.

Goldblatt se tentoonstelling - geen beplande essay nie, maar los indrukke wat deur die jare versamel is - lyk nes die gebied: met die eerste oogopslag maar saai, maar as jy weer gaan kyk, ontdek jy die klein besonderhede van groot verhale. In dié stuk stad - 'n kontrasterende mengelmoes van vervalle ou fabrieke, blinknuwe wolkekrabbers, mutiwinkels en busterminusse - voel mens letterlik hoe dolwe die tyd alles om.

Goldblatt se foto's wys hoe, byvoorbeeld, 'n klein moskee met krulletjies en draaitjies plek maak vir die reghoeke van 'n nuwe wolkekrabber, hoe grootsake kleinsake verdring. Die indringing van die torings van konkreet en glas kan mens mismoedig laat voel. Hulle verklein die mensies op straat - soos Goldblatt telkens ironies uitwys: die toring van die AA Lewensgebou agter in foto 24 oorskadu byvoorbeeld die man wat klein en mismoedig, duidelik sonder 'n lewenspolis, koponderstebo voor op die sypaadjie sit.

Maar Goldblatt wys ook die ander kant van die saak: dat dit uiteindelik nie die groot geboue nie, maar die klein mensies op die sypaadjies is wat die geskiedenis maak. Die torings van Babel word telkens gebou en afgebreek deur die gewone werkers met hul kruiwaens. En hoe hoër en meer onpersoonlik Johannesburg se kegeboue opstyg, hoe woeliger en kleurryker word die sypaadjies. Magnate kan bankrot speel op die beurs, maar die vroue buite Nedbank brei voort aan hul truie.

Die geboue is onpersoonlik, maar op straat wemel dit van gewone mense, talle klein enkelinge wat hulle nie laat begrawe onder beton nie. Hul persoonlike uitdrukkings spreek dikwels luider as die gesiglose argitektuur, soos die graffiti langs die loergat by die nuwe uitgrawings vir Bank City: "Viva PAC. Land to the Africans. Grave to the Boers."

Of die straatkunstenaar Abraham Thip (foto's 34-36), wat die bakstene van afgebreekte geboue gebruik om sy eie klein tydelike strukture op 'n kaal stuk grond agter die taxi-staanplek in Breestraat te rangskik. Sy informele bouwerkies lyk pateties verganklik - maar is ook 'n kragtige bespotting van die wolkekrabbers: môre lê julle ook maar weer in 'n hopie op die grond.

Goldblatt se eenvoudige, maar subtiel gestruktureerde foto's (kyk hoe speel hy simbolies met die skadu's van hyskrane wat oor alles val), speel met dié wisselwerking tussen klein en groot, tussen arm en ryk, tussen boemelaar en magnaat, almal op die ou end in dieselfde bootjie: vandag hier en môre weg.

# En die maan lag stilletjies

**T O N E E L S T U K: A MOON FOR THE MISBEGOTTEN**
Deur Eugene O'Neill
Regie: Terrence Shank
Met Sandra Duncan, Michael McCabe, Danny Keogh en Peter Terry
In die Windybrow, Johannesburg

**LAETITIA POPLE**

EUGENE O'NEILL se laaste toneelstuk, *A Moon for the Misbegotten*, is geskryf as 'n epiloog vir sy outobiografiese meesterstuk *Long Day's Journey into Night*. Soos in *Journey* dobber die karakters reddeloos rond - hul hoop op die toekoms vernietig deur 'n geteisterde verlede.

Op 'n afgeleë plaas in Connecticut is Josie Hogan en haar pa brandarm Ierse leenboere van die ryk James Tyrone. Tyrone, voorheen 'n middelslag Broadway akteur, beoog om die plaas te verkoop en terug te keer stad toe. Josie, smoorverlief op James, word deur haar pa aangehits om hom te oorreed om die plaas aan hulle te verkoop.

Hulle planne word egter gefnuik deur Tyrone se verlede wat hom 'n lewende dooie maak. Soos O'Neill se broer James drink hy homself sinneloos ná sy ma se dood. Danny Keogh se bedrewe vertolking van die verweerde, alkoholistiese James neem tragiese afmetings aan. Hy word nooit 'n slingerende karikatuur nie, maar bly eg lewensgetrou.

Sandra Duncan se Josie is stewig geplant in die aarde, 'n boeiende teenhang vir Tyrone se blink lewe en rokjagtogte op Broadway. Sy spog met groot bravade oor haar sekseskapades - maar is eintlik 'n maagd. Duncan gee 'n meesterlike vertolking van dié lomp en onverfynde aardmoeder vol medelye en sorg.

Michael McCabe is die geharde, korrelkop pa wat Cupid speel om sy plaas te behou. Mens het medelye met sy karakter - 'n brandarm boer wat sy seuns die een na die ander hardvogtig verjaag het en nou moontlik niks gaan oorhou nie.

Die toneelstuk kom op 'n volmaannag tot 'n spits. Josie beplan 'n romantiese rendezvous - maar James soek 'n ma, nie 'n nag van liefde nie. In dié nag word al die spoke van die verlede opgejaag en neem Josie se idee van liefde 'n ironiese wending. Die romantiese maan op die agtergrond koggel die gebeure.

Soos in die meeste van O'Neill se toneelstukke is vrou die sterk figuur - die een wat vergifnis en sekuriteit kan bied of ontneem. In dié stuk bring Josie se "moederlike" ontferming net tydelike vrede vir James. Daar is dus geen gelukkige uiteinde nie. Die gehoor word, soos die karakters, met 'n gevoel van troosteloosheid gelaat.

# Lewe en dood in LA

**R O L P R E N T: LA STORY**
Met Steve Martin, Victoria Tennant, Richard E Grant.
Regie: Steve Martin

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

LOS ANGELES is die epitoom van 'n wêreld waar die gaping tussen droom en werklikheid al hoe meer uitgewis word: die stad van rolprente en fantasie. En as droom bewaarheid en waarheid gedroom kan word, is die een nie méér werklik as die ander nie.

Tegnologie lyk in die hi-tech wêreld soms net so lewend as lewe. Die mens en die sogenaamde werklikheid is nie meer onaantasbare vertrekpunte nie en dus nie sonder meer geregtig op 'n verhewe status nie. 'n Netelige probleempie ontstaan: die mens se menslikheid kom in die gedrang en hy tas rond op allerlei tragiese én snaakse maniere om dit te herstel. In die praktyk het hy opperheerskappy verwerf, maar kan geen beginsel meer vind om dit te ondersteun nie.

Sy bevrydende vermoë om te droom het hom onverwags gevange geneem. *LA Story* speel lekker met dié paradoks.

Daar kon voorheen nog aanvaar word die mens se skeppings is afbeeldings van homself wat deur die mens - omdat hy die vertrekpunt daarvan is - verklaar kan word. Maar omdat die mens nie meer belangriker as sy afbeeldings is nie word hy self verlaag tot die status van 'n afbeelding, 'n prentjie teen die silwerdoek van die naghemel - soos 'n hele paar raampies in die rolprent wys - 'n blote teken.

Anyway, alle slimpraatjies op 'n stokkie. *LA Story* is die eerste rolprent waarin ek verlief geraak het op 'n elektroniese reklame-padbord - 'n padteken. Die padteken kan praat en word die hoofkarakter - gespeel deur Steve Martin - se beste vriend. Soort soek soort, soos hulle sê.

Dié beminlike reklamebord is nie op sy bek geval nie met 'n spreuk of wat en goeie raad in sy vriend se uur van nood nadat hy ontdek sy meisie het hom verneuk. Seker dít wat bedoel word met 'n padpredikant. En hy is meer eg, meer menslik as die oppervlakkige, kunsmatige "mense" van LA.

*LA Story* is 'n liefdesverhaal. Die Steve Martin-karakter raak verlief op 'n pragtige besoeker in die stad - gespeel deur die minsame Victoria Tennant, wat in die werklike lewe sy vrou is. Sy verteenwoordig die verlore menslikheid waarvan LA nie 'n baie groot voorraad het nie. Die verhaal is 'n reeks kinkels in die kabel wat uitgestryk moet word alvorens hulle bymekaar kan uitkom.

Die karakters is snaaks, lieflik en uniek, die pas is vinnig en behou die aandag. Die absurde sirkelredenasies van Martin wat soms voorkom, is die enigste - en aansienlike - swakheid van die draaiboek.

Waarom is die mense van LA - met al hul verbeelding en vindingrykheid - so verstok en "doods", wonder 'n mens.

My gunsteling-kwinkslag uit *LA Story* - en daar is baie - is Steve Martin wat 'n vriendin vra: "How do you manage to be a woman? If I were a woman I would stay at home all day long and feel my breasts."

Snaaks, maar met so 'n onverwagse windmeul-klap van die treurigheid. Ek het my eerste Steve Martin-rolprent gaan kyk omdat 'n vriendin vir my gesê het: "Steve Martin movies are very, very funny, but actually they are more sad than any sad movie can ever be." Is so.

# no rhetoric, no sentiment, no romance

## Market Theatre artistic director *Barney Simon's* latest project is Fatima Dike's **So What's New?** **ANDREA VINASSA** speaks to Simon about visions and gossip

So What's New? You might well ask. Looking at the local theatre scene, not very much.


Something new and innovative is Cape Town playwright Fatima Dike's *So What's New?*, a comedy of feminine proportions set in a Soweto shebeen where a group of women gather daily to watch American soap operas of the *Bold and the Beautiful* and *Dallas* ilk.

Gossip, says director Barney Simon, is the best source material for indigenous theatre. (Simon's advice to Susan Pam, creator of a similar women's project, set in the "grey area", was to give up asking questions and to listen to gossip... and look where that took *Curl Up 'n Dye*.)

Conceived by Dike, who was unable to complete it, *So What's New* began as a Market Laboratory Project and opens in the Market Theatre on September 25.

The four characters include shebeen queen Doris, in whose sitting room the women gather, her "committed" 16-year-old daughter, Mercedes (named after her father's dream car), Doris's friends Thandi and Pat who are old showbiz colleagues, formerly known as the Chatanooga Sisters. Pat is now a dispirited estate agent in Soweto and Thandi is dealing drugs.

The Mercedes character is based on UCT-trained actress Motshabi Tyelele, who made her Johannesburg stage debut in Neil McCarthy's production of *Ubu*. Simon calls her "a very special talent. You would have thought that with her education, she would be too sophisticated, but she has a real rootedness and a clear intelligence. Really,



Barney Simon... So What's New?
Pic: ANDREA VINASSA

she's a joy to work with. She's young, she's just 22, but there's a very fine sensibility there."

The others, Nomsa Xaba, Doris Sihula and Maphiki Maboe, "are women who have worked with Gibson Kente. I have used the fact that all three the older women are 'Gibson Kente old girls' and given them that relationship. Before they became what they are, they were in show business, with all that that means in the townships.

"In the end I have been gossiping and working with the actresses. These character's were Fatima's creation, all I did was extend and shape their lives. These are not domestic servants or housewives, they are wealthy women who are also worried about their property.

"What I am finding exciting is that there's no rhetoric in it, but you get a real sense of the texture and danger of their lives, and the extraordinary resonance and pragmatism that they just keep on recycling."

Simon likens South Africa to a huge compost heap: "It is a compost heap of extraordinary waste and I'm not just talking about the deprivation that blacks have suffered. I'm talking about moral deprivation. This country has the stench, the energy, the unpredictability, and it also has the fertility of a compost heap. You are witness to the cycle of these women's lives. You could call it a comedy, although it's textured in other ways."

Comparing *So What's New* to the women's revenge fantasy film, *Thelma & Louise*, Simon says the play does not "thrust its fist out of a paper bag".

"It is very deeply a play about women. I would hope that it covers a lot. It has a lot to do with women and men. It does not preach. It's about women prevailing, because somewhere there's a courage. You are dealing with a lot of the complexity of the township now." It's an amoral world, says Simon, and while the women are watching soap operas, life gets in the way.

"This is about women needing men, women fighting about men. I wouldn't say it points a direction. I wouldn't like it to be a hymn about women being better than men in the end. But if men come and see the play they'll learn a lot about themselves.

"William Faulkner once said 'If I must choose between grief and nothing, I'll choose grief'. Ultimately, I think, a female sensibility wants more and understands more and reaches for more. Women go beyond asking for easy answers. I don't know if one can generalise, but I do think they go beyond the easy answers, they go beyond rules, they use their intuition, and on another level they don't want to be alone.

"But I think men are changing too. It's a question of evolution. I think that the macho world is being discredited. And war has been discredited. There's no question of that. War is technology too. Power is a big question here."

So it's not protest theatre. I suggest that the problem is not a glut of protest theatre, but a dearth of truly incisive, mind-blowing protest theatre.

"What people call protest theatre, is usually about black suffering and that is an everyday reality that made the whites feel guilty. How can we begin to decipher what is happening now?

"I have no doubt about theatre for the future. Somehow theatre should be reflecting the world we live in, so that people can come and have a kind of meditation. I don't know if people need to get more horrified than they are."

In the Laager writer-director Neil McCarthy is propagating an optimistic view of love and reconcilaliation in an Eastern Cape farmer's swimming pool. Where does *Rainshark* fit into the picture?

"It's a very specific play if you think about it. It is Neil's vision. I worked on it in my capacity as artistic director. My aim was to help him serve his vision. If you think about *Stormriders*, it also has a kind of miracle at the end. Neil in a sense is looking for miracles and if he feels an optimism, he must express it."

Simon feels that *So What's New* amply serves his own vision. "The first thing I look for is evidence of life. What's exciting about Fatima is that she has a deep knowledge of the underworld. It's not a sentimental piece and it is not a romantic piece. "Ultimately, *So What's New* is about love. The women fight like crazy, but you know they love each other."


*die week by die*
**MARK-TEATER**

DIE BAXTER-TEATER
*bied aan*
John Godber se
**Up 'n Under**
"Skreeusnaaks" Rapport
*Met Ron Smerczak, Rick Rogers, Alan Swerdlow, David Butler, Martin LeMaitre en Trish McKenna*
*Regisseur Fred Abrahamse, Ontwerp deur Brian Collins*
Maan - Vry: 8nm, Sat om 6 en 9nm.

UPSTAIRS BY DIE MARK
*Die Mark-teater Company*
*bied aan*
**Fatima Dike se So What's New**
*RegisseurBarney Simon*
Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15nm. Laaste drie vertonings
So what's new ? deur Fatima Dike eerste voorskou 19 September

**DIE LAAGER-TEATER**
*Die Market Theatre Company*
*bied aan*
**Rainshark**
*regisseur Neil McCarthy*
*met Jamie Bartlett, Kate Edwards, Ramolao Makhene, Judy Broderick and James Whyle*
Maan - Vry: 8.15nm Sat 6.15 en 9.15.

KIPPIES
*Tone Colours*
Dins - Don R10, Vry - Son R12

MARK GALERYE
*David Goldblatt foto's en Dumisani Khumalo se skilderye*

**VLOOIMARK**
9 vm-4nm Saterdae

Telefoon(011) 832-1641
**Bespreek by Computicket**
*H/v Breë- en Wolhuterstrate, Newtown, Johannesburg.*

# the case of two curious creatures

**FILM: THELMA & LOUISE**
With Harvey Keitel, Geena Davis, Susan Sarandon
Director: Ridley Scott

**ANDREA VINASSA**



Susan Sarandon... on the road to nowhere

*THELMA & LOUISE*, which is advertised as a comedy, is a profoundly depressing film. All the men in the film are slobs, drunkards, rapists, policemen, husbands, thieves, liars and fools. And the only exit from this mean-spirited, male-dominated world is suicide. The prospect seem gloomy for women.

As seemingly anti-male and genre-bound - it's a road-cum-chase movie - *Thelma & Louise* may be, it is not entirely without subversive undercurrent. The race for freedom across the border of Mexico proceeds with much superficial hilarity, but director Ridley Scott keeps reminding us of The System which gives women little recourse in the case of attempted rape.

After Thelma is nearly raped and Louise shoots him dead, the women become fugitives, robbing stores and locking policemen in car trunks, in order to survive.

Anyone who were filled with the Fear of Men by Mark Gevisser's story on the rapacious behaviour of the Jack Rollers in *The Weekly Mail* some weeks ago, must be convinced of the need for a measure of conscientisation among both men and women. Blaming rape in South Africa on "the legacy of apartheid" is about as useful to women as saying that some men are not rapists.

By the same token, accusing *Thelma & Louise* of being anti-male is almost like trying to persuade Spike Lee that he shouldn't make his films because there are some nice white people in the world or tell Steve Biko that he was wrong about Black Consciousness and that he should have kept on affirming his love for white people.

Biko's statements on conscientisation could equally well be applied to *Thelma & Louise*, although the film's statement is couched in popular, cliché-ridden, Hollywood form: "Conscientisation is a process whereby individuals or groups living within a given social and political setting are made aware of their situation... [it] implies a desire to engage people in an emancipatory process, in an attempt to free them from a situation of bondage." In its own modest (mediocre) way, *Thelma & Louise* makes a definite contribution and was for me more effective and disturbing than a film like *The Accused*.

It is carefully set in the mythical rural America of Sam Shepard, where, if one is to believe the myths, chauvs grow on trees... probably to avoid offending all the sensitive, caring, non-chauv men who live in Boston, New York, Chicago and San Francisco.

OK, so let's see it as a conscientising exercise: like it or not, *Thelma & Louise* does create an awareness of the subtlety of sexism, which is rather more concealed than racism. Comments to the effect: "Be sweet, women like that sort of stuff", the intimidating stance of the traffic policeman and a myriad minor betrayals point to an all-pervading attitude that women are "curious creatures".

Granted, everyone is immersed in mysogyny from the moment they are born, but there is every reason to attempt a resistance of one's socialisation. Paging through Fidelis Morgan's *A Misogynist's Source Book*, one is struck by the sexism that has, through the centuries, been passed of as conventional wisdom.

Would you believe that Karl Marx was a sexist if I didn't tell you that he is quoted as having said: "Women, even when gifted with understanding, are curious creatures." Or Sören Kierkegaard: "To be a woman is something so strange, so confused, so complicated, that no one predicate comes near expressing it and that the multiple predicates that one would like to use are so contradictory that only a woman could put up with it." Or Homer: "Women, I warn you, are no longer to be trusted." Or Confucius: "Only the untalented woman is virtuous." Or God: "Give not the power of thy soul to a woman: lest she enter upon thy strength, and thou be confounded." Or Norman Mailer: "A bit of rape is good for man's soul." Or Tertullian: "Woman is a temple built over a sewer." Or Aristotle: "We should look upon the female state as being as it were a deformity though one that occurs in the ordinary course of nature." Or Paul Claudel: "For what use is woman if not to be taken." Or PG Wodehouse: "The gentler sex love blackmail." Or John Berger: "The social presence is different in kind from that of a man... A man's presence suggests what he is capable of doing to you or for you... A woman's presence defines what can and cannot be done to her." Or Stephen Spender: "There is something sublimated about career women." Or George Hegel: "When women stand at the head of government, the state is immediately plunged into danger." Or John Wayne: "They have the right to work wherever they want to - as long as they have dinner ready when you get home." Or Antonin Artaud: "Evil comes from the darkness of women." Or Charlie Chaplin: "Every woman needs a man to discover her."

Whatever its virtues, *Thelma & Louise* has its flaws, stereotyping the female characters as much as it makes cardboard villains of the male characters. It is unbalanced and unfair in that it accuses only the working-class, rural, uneducated and the representatives of law and order of sexism and lets the wise, educated, refined, nice guys off the hook.

Sarandon and Davis do wonders with a script which often works against them. To call the film a victory for women in film is rather patronising... it was, after all, made by a man!

# liefde as selfvernietiging

**ROLPRENT: NOCHE BLANCE (WHITE WEDDING)**
Met Vanessa Paradis, Bruno Cremer, Ludmila Mikael.
Regie: Jean-Claude Brisseau

**CHARL-PIERRE NAUDÉ**

DIE titel van dié onthutsende, soms pragtige rolprent is 'n padwyser na hoe jy daarna moet kyk. Daar is niks in die verhaal van 'n "white wedding" nie, die betekenis is metafories en moet intuitief verstaan word.

'n Pragtige, sensuele skoolmeisie, enigmaties vertolk deur Vanessa Paradis, raak verlief op haar onderwyser, Francois, 'n bonkige, middeljarige man wat haar van 'n seker ondergang wil red. Sy doen swak in haar skoolwerk en is nihilisties oor die lewe. Hy is gelukkig getroud, maar word in Mathilde se web van obsessiewe liefde verstrik namate hy besef hoe 'n uitsonderlike mens sy is. Sy het tot dusver 'n ongelukkige lewe gehad. Hoewel haar gesin welaf bourgeoisie is, het hulle haar so te sê versaak.

Maar, soos Francois aan sy vrou sê, "sy het die verstommendste begrip van die absurditeit van die lewe wat hy nog teëgekom het". Hy besef sy het 'n natuurlike insigryke begrip van dinge - iets wat nie sommer aangeleer word nie.

Paradis het 'n natuurlike aanslag, maar die 17-jarige aktrise sukkel om droefheid uit te beeld. Dit pla egter nie: haar karakter is die soort ontnugterde mens wat haarself nie volledig aan enige emosie oorgee nie. Daarom is dit ironies dat sy haar vashardloop in 'n obsessiewe verliefdheid - en dit op iemand wat die sinrykheid van die lewe aan haar wil verkoop.

Brisseau beeld vervalle en benarde situasies uit met 'n trotse lirisisme. Die onderbeklemtoonde, beleë toon is 'n welkome ontvlugting van die histeriese, oorwerkte Hollywood-gemors wat meestal hier oorgevlieg kom. 'n Mens kry die indruk: die beste Europese rolprente ding nie uitsluitlik met ander rolprente mee - soos in Amerika - nie, maar veral met die letterkunde. Vandaar die moeë, versigtige bewustheid van dinge wat reeds gesê is?

Brisseau is 'n moralis. Hy is beslis konserwatief. Self 'n oud-onderwyser, beeld hy Francois uit as iemand vir wie gesag 'n prioriteit is. Francois se persoonlikheid kontrasteer met Mathilde se pa s'n. Dié het nooit enige gesag by sy dogter gewek nie, maar haar die vryheid gegee om haar eie gesagsfigure te soek - toe gaan soek sy 'n pa.

Hy is 'n produk van die '68-studenterevolusie "wat nooit plaasgevind het nie", volgens sy wysneus-dogter. En hiér duik die vraag op: is Brisseau reaksionêr?

Hy het beslis sy bedenkinge oor die studenterevolusie, maar eerder oor die sukses daarvan as die noodsaaklikheid. *Noce Blanche* is 'n kommentaar op wat die revolusiegeslag tot stand gebring het. Die deurdagtheid van die subteks val op, bv uit alles wat Mathilde van haar selfmoordagtige ma sê, blyk hoe konsekwent haar eie karakter daarmee is.

Die laaste stuk van die rolprent is iets van 'n gesublimeerde kragtoer. Francois verhuis ná die skandaal van sy verhouding sonder sy vrou na Duinkerken. Mathilde raak 'n jaar weg ná haar ma se selfmoord, maar spoor Francois op - sy huur 'n woonstel reg oorkant sy skool en hou hom drie maande lank konstant dop voordat sy self die pildosie raadpleeg.

Het sy selfmoord gepleeg omdat sy nie geweet het Francois en sy vrou is uitmekaar nie? Het sy gevoel sy kan nie weer hul lewens omverwerp nie? Beswaarlik. Haar huiwering het met iets veel diepers te doen: as sy na Francois sou gaan, wat nou vir die eerste keer werklik hare kon wees - sou sy kies vir betekenis, maar haar nihilisme het haar verswelg. Drie maande lank huiwer sy op dié afgrond en kies dan selfmoord.

Die verhouding met Francois het slegs vir haar sin gehad solank dit nie kon uitwerk nie en die bestaande orde omvergewerp het. In 'n morbiede sin is haar keuse besonder onskuldig.

# Shakespeare gets real

**FILM: HENRY V**
With Kenneth Branagh, Derek Jcobi, Simon Sherperd, Emma Thompson
Director: Kenneth Branagh

**ANDREA VINASSA**

CAN this pale, thin-lipped actor carry a movie, I thought when Kenneth Branagh appeared for the first time on the screen as Shakespeare's King Henry V? I didn't have long to wait to find out why Branagh came to be the prince presumptive of the English stage and screen and made it onto the cover of *Time Magazine* at the tender age of 28, the same age as Henry V when he fought at Agincourt.

A displaced working-class Irishman, Branagh, in a brief 7 years since his RADA stint, has become a Renaissance Man for all seasons, satirising even holy cows of the theatre like Trevor Nunn and Peter Brooks. His boy-next-door blandness belies a tenacity and an ardour which becomes evident as soon as he gets into those fervent Shakespeare speeches. He's not exactly heart-throb material and no sane producer or director would cast such a dull fellow to do so many passionate close-ups. They would cast Mel Gibson.

Well, Branagh cast himself and it is exactly that regular guy ordinariness that helps to undercut any possible evocation of "the gloriousness of war". He gives a performance of epic power even though it is not an epic film. In this not unpatriotic *Henry V*, war is at best a sort of necessary evil.

His direction is workmanlike, serving text before art direction, putting clarity of communication before artistic flourish. "The material is limitless in a way modern material is not," says Branagh of the play. His *Henry V* is a film in which every scene gets to the point and has immediate appeal. It's a no-nonsense lamentation on the awful bleakness, the wastefulness and tragedy of war-mongering. He calls it "a contribution to the debate on war by the master, the big boss."

I had not read the text, seen a production or viewed Laurence Olivier's 1944 screen version - he made it as a morale booster during WW II - before I saw the film. Nevertheless, I was less confused in the watching of *Henry V* than I was in Franco Zeffirelli's misguided *Hamlet* with which I am more acquainted. I am convinced that this has everything to do with Branagh's awareness of the elitism of Shakespeare and the theatre. While making no concessions to "modernity" and presenting the play in a traditional fashion, Branagh achieves realness and immense relevance.

# 'n Loergat op die lewe

**KABARET: LOOKER ON**
Met Elsabé Zietsman en Pierre Knoesen
Regie: Maralin Vanrenen
In After Dark, Queenstraat, Pretoria

**KOBIE LE GRANGE**

KABARET is by uitstek geskep om kommentaar te lewer op 'n samelewing, sy norme en waardes en die mense binne die gemeenskap. Die eerste deel van Elzabé Zietsman se *Looker On* is vreemd vernuwend in die bekende musiek, herskryf om tematiese eienskappe te versterk en in die bytrek van ander kunstenaars en skrywers se werk.

Maralin Vanrenen se regisseurshand is te sien in die sinryke gebruik van Zietsman en Knoesen se talente, die rekwisiete en die beligting. Soms het tematiese ondertone my ontgaan, wat die eerste helfte fragmentaries gemaak het.

Die musiekregisseur, Rocco de Villiers, se vertolking van "Juffrou Harrington" as inleiding tot die tweede helfte bewys sy aanvoeling vir kabaret en wat Zietsman daardeur wil bereik. De Villiers ken haar musiek en met haar dinamiese styl bekyk en beloer sy die politiek, menseverhoudings en mense binne situasies sonder om voorskriftelik te wees... elke voyeur kan sy eie mind opmaak.

Die hoogtepunt is beslis David Kramer se "Bobbejaan, Bobbejaan", wat energiek en deernisvol aangebied is. Oorkoepelend gesien herskryf Zietsman met *Looker On* kabaret in Suid-Afrika.



The Southern African Catholic Bishops' Conference is celebrating the century of Rerum Novarum - 100 Years of good ideas - with a Sunday film festival at the Seven Arts, Grant Avenue, Norwood, Johannesburg and The Labia, 68 Orange Street, Cape Town. The following films will be showing: Luis Puenzo's The Offical Story, Denys Arcand's Jesus of Montreal (with Lothaire Bluteau above), Euzhan Palcy's A Dry White Season, Alain Cavalier's Therese, Roland Joffe's The Mission, Istvan Szabo's Confidence and Colonel Redl, Oliver Stone's Salvador, John Duigan's Romero, Louis Malle's Lacombe Lucien, Alan Parker's Missippi Burning, Mike Hodges's A Prayer for the Dying, Martin Ritt's Norma Rae, Pier Paolo Pasolini's The Gospel According to St Matthew, Gillo Pontecorvo's The Battle of Algiers and Jan Kadar's The Shop in the Main Street. There are three shows a day, starting times vary. Book at Computicket.

# fynproe

**NETTIE PIKEUR**

## Leer kook is mos maklik

### *- wees net lief vir jou vriende*

ENIGIEMAND wat van lekker kos hou, kan taamlik gou leer kook. So sê die lieflike Jane Grigson, 'n Ingilse kosskrywer wat 'n bekoorlike boek met die onverbeterlike titel *Good Things* uitgebring het.

Sy is eintlik reg, hoewel ons mense mos nog steeds neus optrek oor diegene wat sê kook is maklik. Gaan kyk op die kookboekrakke van enige goeie boekwinkel en jy sal sien wat sy bedoel. Daar is rye en rye handleidings oor hoe om enigiets te maak van 'n sesgang-maaltyd met wildspastei vir tien tot groen suikerrosies vir 'n troukoek.

Net een bitter aside: Sus Mapula is pas terug uit Londen, donders duur, maar sy het 'n stapel boeke gekoop, want boeke in Engeland kos min. Met die betaalslag vra sy hoeveel die belasting is. Die verkoopsvrou kyk haar geskok aan. "Maar daar is mos nie VAT op boeke nie!"

En ons probeer 'n land aan die lees kry.

Terug by self leer kook. Dié Pikeur kan nie onthou hoe sy geleer kook het nie. Dit het maar so met die tyd saam gekom, en eendag kry ek die twee grootste komplimente van my lewe op een slag:

Vriendin Laurika (twintig jaar gelede het ons in Tuine 'n woonstel gedeel, poor girls on the town) sê een aand peinsend oor lamtjops - nie net is die kos heerlik nie, dankie, maar hoe kry jy dit reg om brandarm te wees sonder om dit ooit te wys ?

Wat kos betref, my famous friend, is dit doodmaklik: jy koop vier stukkies gerookte salm en 'n halfdosyn eiers. Die salm kos R4, die eiers R1,80 vir ses (plaasgoed). Dan maak jy roereiers (5 is genoeg vir twee mense), en skep dit oor die salm op 'n mooi bord.

Roosterbrood, regte botter en swartpeper, en voila. Koningskos met 'n glas witwyn by. Of jy kan gerookte makriel gebruik, of gerookte haring, of selfs 'n blik sardiens. Regtig. Roer net jou eiers behoorlik; dis verbasend hoeveel mense nie weet hoe nie:

**VOLMAAKTE ROEREIERS**

Klits die verlangde aantal eiers in 'n bak. Moenie water of melk bygooi nie, dit maak hulle taai. (As jy die roereier meer wil maak, sit nog 'n eier by.) Verhit 'n potjie, nie 'n pan nie, met 'n groterige klont botter, gooi die eiers in, en draai die hitte so laag as moontlik. Roer aanhoudend - dit duur lank.

Druk die klonte fyn met 'n houtlepel. Wanneer die eiers nog loperig is, draai die stoof af en kry die roosterbrood en salm en wat ook al gereed. Teen die tyd dat jy terug is by die pot, is die eiers net reg. Skep op en strooi sout en peper oor. Versnipperde grasuie bo-oor is lekker en lyk mooi.

Een van die maklikste geregte wat ek ooit vir iemand leer kook het, is dié hoendergereg. Onder luide protes sleep ek die arme John die kombuis in want hy dink kos maak beteken onverstaanbare prosedures. ('n Ingilse spotskrywer het een keer 'n toneel geskep van 'n verveelde koningin Elizabeth wat haar eie kos moes maak, en sy het 'n heel eier minute lank in 'n warm pan rondgerol, maar dit wou nie roereiers word nie... )

Op die ou end was John egter 'n bekeerling, en hier is wat ons gemaak het:

**HOENDER-MET-GROENTE**

Kap aan stukke, maak nie saak hoe groot nie: 2 uie, 2 huisies knoffel, 6 vingerskorsies (courgettes), 2 stokke seldery, 6 wortels, 1 groenrissie, 4-6 geskilde aartappels.

Braai alles saam in 'n groot ysterpot met 'n halfkoppie olie. As jy wil, braai 'n stukkie vars gemmer en 'n paar speserye soos vinkelsade of mosterdsaad en 3 naeltjies ook daarby. Hang af wat jy het.

Skink nou 5 koppies droë wit wyn by, en gooi in die pot een of twee hoenders, aan stukke gesny, of sommer so heel as hulle inpas.

Haal eers die binnegoedsakkies uit, onthou. Nou kruie: 2 takkies vars tiemie (of 2 eetlepels gedroog) ditto marjolein, en pietersielie. Die vloeistof moet die gereg so driekwartpad volmaak, gooi water by as dit moet.

Prut dit nou alles (o, ja, sout en varsgemaalde swartpeper ook) vir sowat 40 minute met die deksel op. Haal dan die deksel af, ruik, en voeg na smaak by: 2 lepelsvol tamatiepuree, selfs 'n blik heel tamaties, maar as jy vars tamaties gebruik, moet hulle eers geskil word.

Prut nog 'n halfuur of so tot die hoender uitmekaar val en dit alles heerlik ruik. Skep op oor rys.


Wat kan nou makliker? G'n truuks, g'n geheim. Volg jou neus, proe en wees lief vir jou vriende.

Dan gee jy vir hulle vars Stellenbosch-aarbeie met daardie wonderlike Griekse dubbelroom-joghurt en soet, soet wyn.



# KOM ONS GAAN DIE TOEKOMS IN TESAME







Southern-Lewens het 'n leiersrol gespeel om seker te maak dat werknemers se werknemersvoordele-pakkette in hul ware behoeftes voorsien.

Die enigste manier om hierdie vereistes te identifiseer, en daaraan te voldoen, is openhartige en deurlopende kommunikasie.

Volgehoue kommunikasie maak dit moontlik om saam 'n toekoms te beplan wat op begrip gegrond is.

SOUTHERN
1891 1991
Werknemersvoordele

**Saam, bereik ons meer**

Reg Nr. 01/02186/06

BURROW COMMUNICATIONS 4967/A